

The copyright of this thesis rests with the University of Cape Town. No quotation from it or information derived from it is to be published without full acknowledgement of the source. The thesis is to be used for private study or non-commercial research purposes only.

# ***MAAL***

Nicole Strauss / STRNIC014

A dissertation submitted in partial fulfillment of the requirements for the award  
of the degree of  
Master of Arts in Creative Writing

Faculty of the Humanities  
University of Cape Town

**2009**

Supervisor: Professor Etienne van Heerden

This work has not been previously submitted in whole, or in part, for the award of any degree.  
It is my own work. Each significant contribution to, and quotation in, this dissertation from  
the work, or works, of other people has been attributed, and has been cited and referenced.

Signature: \_\_\_\_\_ Date: \_\_\_\_\_

## Abstract

*Maal*, a collection of short stories, addresses the displacement and state of being of individuals in different cities in Africa and Europe. These individuals often experience nutrition and food as a metaphor of psychological angst, loneliness or consolation. Food is invoked in the title as it can be seen in the actions of, for instance, a character using intravenous drugs, a character literally eating earth, or a character not being able to eat at all. On the other hand, food in its many sophisticated forms can be found in the upper class spaces of Cape Town, Paris, Zurich and other cities, whilst elsewhere it is tellingly absent. It is further investigated as a ritual – both in a familial and social sense – and as a forming and shaping force in the characters' lives, often paradoxically.

*Maal* also refers to the way in which these characters are hurled about by their own existence, by experiences of migration, illness, family intrigue and death. Therefore life becomes a meal and characters themselves are being eaten and ground.

*Maal* ultimately alludes to the Afrikaans word “mal” (mad; crazy), an attribute which in a figurative sense may be ascribed to the characters in the collection – and to life itself.

## Opsomming

*Maal*, 'n versameling kortverhale, spreek die verplasing en gemoedstoestand van individue in verskillende stede in Europa en Afrika aan. Die stede sluit Kaapstad, Parys, Wene en Zürich in. Hierdie individue ervaar kos en maaltye dikwels as metafoor vir sielkundige angst, eensaamheid of vertroosting. Kos en eet word in die titel geaktiveer en deurgevoer na die toediening van binne-aarse verdowningsmiddels en die eet van grond. Aan die ander kant word kos in vele gesofistikeerde vorme in gegoede ruimtes beskryf, terwyl dit elders tekenend afwesig is. Voedsel en die ritueel van maaltye word verder ondersoek – beide in sosiale en familiekonteks – en kos word ook as 'n vormende teenwoordigheid in die karakters se menswees uitgebeeld – dikwels op paradoksale wyse.

*Maal* dui op die manier waarop karakters verslinger word deur lewenservaringe soos migrasie, ongesteldheid, familie-intriges en dood. Die lewe is 'n maaltyd en die karakters word self geëet.

*Maal* sinspeel op die betekeniskomponent “mal”, 'n term wat in die bundel op figuurlike wyse na een of meer van die karaktertrekke van die individue verwys – en na die lewe self.

# **MAAL**

Nicole Strauss

University of Cape Town

*ook die niet is mos kos*

Uit: "Skemertaal", *Lotus*  
JAN BLOM

University of Cape Town

## **Inhoudsopgawe**

Die konsert **1**

Katinka kook **9**

Die fees van Gent **22**

Het begin **30**

Aangekla **41**

Dryf **52**

Koppies in die kas **70**

Die laai **79**

Piekniek in die park **91**

Proviand **96**

Bestemmings **103**

Witbroodjie **112**

Padkos **119**

## Die konsert

EK het eers met my rug na hulle toe gesit, die man en die vrou in die koffiehuis. Ek kon hoor wat hulle sê, maar ek kon hulle nie sien nie, en my nuuskierigheid het die oorhand oor my sin vir ordentlikheid gekry. Ek het opgestaan, die kleedkamer besoek, en met die terugkom só by my tafel ingeskuif dat ek skuinsweg na die twee langs my kon kyk. Op die koop toe het die nuwe sitplek my 'n lieflike uitsig oor die agterste muur van die koffiehuis veroorloof, waar glase en koppies op rakke uitgestal is, blink en wit en duur, en 'n kristalkandelaar groots en magies uit die dak oor die gaste se koppe sy gelerige towerlig gestrooi het. Dis my gewoonte om altyd op 'n plek te sit wat my 'n blik deur die vensters van 'n kuierplek gee, sodat ek kan uitkyk, buitentoe – die wêreld in, maar dié keer was ek alte gelukkig om die paartjie langs my, en die ryk interieur van die koffiehuis, stilweg dop te hou.

Wat my opgeval het, selfs toe ek nog met my rug na hulle gekeer was, was die stiltes tussen die twee. Nie die tipe gemaklike stiltes wat tussen paartjies lê wat mekaar deur en deur ken nie, nie die gelaaide stiltes tussen mense wat met mekaar baklei nie, nie eers die verveelde stiltes wanneer twee mense werklik niks van mekaar wil (of kan) hoor wat hulle interesseer nie. Dit was 'n ander tipe stilte, en ek kon nie my vinger daarop sit nie. As dit nie vir die stilte was nie, was dit dalk nie eers vir my nodig om my sitplek te verskuif nie. Gewoonlik is dit vir my genoeg om vreemde mense af te luister, en met net 'n vinnige blik my eie beelde wat ek van hulle in my kop optoor, met die werklikheid te vergelyk. Dikwels is die werklikheid vir my 'n teleurstelling.

Maar nie dié dag nie. Die liggaamstaal tussen die twee was meer interessant as dit wat hulle vir mekaar te sê gehad het. Dit was meestal sý wat die praatwerk gedoen het. Die man het amper niks gesê nie. Hy het teruggeleun in sy stoel, male sonder tal oor sy grys bokbaardjie gevryf, sy swartraambril afgehaal, dit teen die goue lig van die kandelaar gehou, en weer terug op sy krom neus geplak. Die oë agter die bril was staal.

Sy, aan die ander kant, was sag en mooi. Grysblonde, golwende hare was in 'n Franse rol agter haar kop vasgemaak; stringetjies daarvan het uit die rol gegly en om haar ore en teen haar slape gespeel. Haar oë, ook agter brilglase, was 'n sagter grys as syne, soos die see op 'n bewolkte dag, oortrokke eerder as stormagtig. Sy was sorgvuldig gegrimeer, keurig en klassiek; haar lipstiffie het sy êrens deur die loop van die middag met 'n vars smeersel van haar salmpienk stafie opgeknip. Sy het 'n

roomkleurige, lospassende broek aangehad, gemaklike plat skoene wat sy 'n paar keer onder die tafel uitgeskop, en weer aangetrek het. Uitgeskop, aangetrek, asof die aktiwiteit onder die tafel kon opmaak vir die afwesigheid daarvan bokant die wit tafeldoek. Aanvanklik het ek gedink ek gaan hulle uitvang in 'n spel van voetjie-voetjie, maar sy paar gepoetste skoene het hy aan die punte van sy lang, uitgestrekte bene, ver van die tafel af gehou.

Haar kaal voete wat sy soms by die enkels oor mekaar gekruis het onder die tafel, het my herinner aan die meisie in die Stadtpark, so 'n paar weke vantevore. Ek het haar onder Strauss se standbeeld aangetref. Sy het op haar oopgespreide jas gesit, haar voete uitgedop langs die leë skoene op die gras. Sy het 'n tydskrif deurgeblaai. Daar was groot plastiekringie aan haar vingers, maar ek was seker dat dit ter navolging was van die nuutste modegier en nie omdat sy nie duurder juweliersware kon bekostig nie. Haar sonbril het die grootste gedeelte van haar gesig bedek. Haar hare was kort en haar nek kaal. Die onderklere wat deur haar deursigtige toppie geloer het, was allermins goedkoop; ek kon die tekstuur van die kant onder my vingerpunte voel.

Toe die meisie uiteindelik van die gras af opstaan en die jas oor haar skouers gooi en die skoene aan haar voete glip, het die pienk lig van die aand al oor Wene geval. Dit was skemer, my gunstelingtyd van die dag. Ons het in die rigting van die Donou gewandel, ek en sy, haar sak oor haar skouer gedrapeer soos daardie outydse pelsdiertjies wat deesdae so verbode is, die koppies nog ongeskonde en heel, die ogies blink en beskuldigend. Sy het die tydskrif in die verbygaan in 'n drom gegooi.

Ek onderbreek myself; terug by die mooi vrou in die koffiehuis. Sy het 'n sagte, gebreide, koffiekleurige tweestuk by die broek gedra, ek dink dit was kasjmier. Om haar nek was 'n string melkwit pêrels, die perfekte sirkels van die juweel vier maal so groot soos die stringetjie wat my ma diep in haar onderklerlelaai gebêre het, vir dope en troues en begrafnisse. En die dag toe ek graad gekry het. My ma se flenterpêreltjies kon nooit opmaak vir die ontsegging geskryf in die kringe onder haar oë, die kleur van donderwolke, of die motgifreuk van haar beste rok nie.

Mathilde oorkant my (ek het uit hul karige gesprek kon aflei dat haar naam Mathilde is: toe sy ná die koffie en koek 'n bottel wyn bestel, het hy haar toegesnou "Jy drink te veel, Mathilde"), het haar sagte dog bewaakte blik – soms selfs verwytend, dink ek – dikwels op haar man gestip. Dan het sy monde vol koek fyntjies gekou, die krummels ligweg met 'n wit lapservet van haar lippe getik, en nou-en-dan die bordjie oor die tafel gestoot en só gedraai dat die silwer vurkie na hom toe wys. Hy het elke keer eenvoudig sy wang op haar gekeer, miskien sy kop geskud, iets

kwaais onder sy asem gemompel. Mathilde het nogal vinnig die flambojante stuk apfelstrudel weggesit, elke laaste leksel room en blaartjie deeg het sy pad uit die porseleinbordjie na haar mond gevind. Toe die lekkerny op was, het sy lipstiffie aangesmeer.

“Jy gaan seker iets drink,” het sy gesê toe sy haar tweede Grösser Brauner bestel, en hy het vir die kelner wat pikkewynagtig ’n swart skinkbordjie op sy gewepte vingers balanseer het, geblaf dat hy mineraalwater wil hê. “Funkeln,” het hy bygevoeg.

Na die koffie met room en so halfpad deur die mineraalwater waaraan hy geproe het asof dit gif is, het Mathilde na haar horlosie gekyk.

“Nog ’n uur om te gaan,” het sy gesê, bykans onhoorbaar gesug. Hy het in sy stoel verskuif en sy een lang been oor die ander gekruis, sy arms voor sy bors gevou. “Ek moes maar ’n later vlug uit Zürich geneem het,” het sy bygevoeg, en die bottel wyn bestel.

“Jy drink te veel, Mathilde,” het hy gesnou en die waggelende kelner amper uit die pad gevee toe hy terugkom met die bottel Weisser Riesling en twee glase op die skinkbord, en heel onskuldig ’n wynglas voor Mathilde se man ook neersit.

Sy het vinnig ’n glas wyn gedrink en die kelner weer nader geroep.

“Die spyskaart, asseblief,” het sy beleefd gevra, uit pure verveling, vermoed ek. Die kelner het weggewip om die spyskaart te kry, en haar man het sy stoel hard en steurend agteruit gestoot, en bedonnerd weggebeur kledkamer toe. Sy het skaam rondgekyk, en vir die eerste, en enigste keer, het ons oogkontak gemaak. Sy het verleë geglimlag, en vinnig van my oë af weggekyk. Sy het haar besig gehou met die spyskaart.

“’n Croissant met ham en kaas, asseblief,” het sy bestel toe die kelner versigtig nadergekom, en blitsig weer vertrek voor die eggenoot terug by die tafel was.

In die tyd wat hy in die kledkamer was (hy was lank weg) het sy nog ’n glas wyn gedrink. Ekself het nou my horlosie begin dophou, nou en dan oor my ken gevryf, soos wat ek doen wanneer ek senuweeagtig word: dit was amper tyd vir die konsert. Hy het kort voor die croissant by die tafel aangekom, die nattigheid van die water wat hy oënskynlik oor sy gesig gaan spat het, nog blink en diamantagtig in sy baard. Hy het ’n tydjie lank met sy hande in sy sakke rondgestaan, gekyk na die kandelaar, vir iemand aan die oorkant van die vertrek geknik. Hy het gaan sit. Sy het, behoedsaam, die bord met die croissant op (dit het heerlik gelyk) na hom toe uitgehou.

“Kan ek vir jou ’n stukkie afsny, dis nog lank voor aandete?” het sy gevra.

“Nee,” het hy grof geantwoord, besin, vinnig haar oog gevang, en “dankie” bygevoeg.

Die koppie voor my was lankal koud en die koerant wat ek van een van die stokke teen die muur gaan afhaal en kamtig gelees het, opgevou en klaar. Ekself was nou honger, van kyk hoe die vrou die een ding na die ander verslind (dit het my opgeval dat sy tog nie oorgewig was nie) en baie lus vir ’n halwe glas of so van haar Weisser Riesling. Haar bottel was nou amper leeg. Sy het haarself verskoon, kleedkamer toe gegaan, en met ’n vars kapsel en donkerder lipstiffie ’n tydjie later weer by die tafel verskyn. Daar was nou ’n syserpie om haar nek, langs die pêrels. Ek was verheug om die serpie te sien. Dit het mooi gelyk, so om haar nek saam met die pêrels. Dit het my weer laat dink aan die vrou wat enkele dae vantevore in die Riesenrad van Prater Park in die hokkie voor my gery het. Sy het so ’n syserpie in haar hare gedra. Wanneer die reuse wiel van die mallemeule oor die kruin van sy hoogste punt getuimel het, het die serpie agter haar aangewaai in die wind. ’n Ligte bries het dit op ’n stadium uit haar hare gepluk. Teen die tyd wat ek onder gekom het, het sy reeds in die skare verdwyn, maar die serp het onder aan die voet van die mallemeule bly lê.

Ek het dit nog, die serpie. Ek bêre dit by die ander, in die laaitjie langs my bed. Die tydskrif is ook daar.

Hy het intussen die rekening bestel. Die kelner het met die plastieklêertjie in sy hand geaarsel, dit oudergewoonte voor die man neergeplaas. Hy het dit oor die tafel geskuif na Mathilde, wat ’n goue kaart uit haar beursie gehaal, en dit in die houer gesit het. Die kelner het nader gestap met sy kredietkaartmasjien, die kaart deur die gleuf geglip. Die man het toe reeds opgestaan, sy donkerbloubaadjie oor sy oopnekhemp aangetrek, en buite op die sypaadjie gaan wag. Mathilde het die velletjie papier wat die masjien uitgespoeg het, geteken.

“Vielen dank, Professor Weiss,” het die kelner gesê, en ’n buiginkie met sy pikkewynlyfie in haar rigting gemaak.

“Danke schön,” het sy vir hom gesê. Sy het ’n ligte baadjie van die stoel se rugleuning geneem, en dit oor haar skouers gegooi. Buite in die straat het haar man reeds begin stap in die rigting van Sint Stephanusplein.

Ekself het my rekening bestel. Die kelner het verlig gelyk om van die twee ontslae te wees. Hy het geselserig gestaan en wag dat ek die munte uit my beursie krap, en was nie té ooglopend bek-af oor die klein foonnetjie wat ek vir hom op die tafel gelos het nie. Op pad uit het ek die kleedkamer besoek, in die manjifieke spieël my geel das reggetrek, my kam in water gedoop en my kuif platgekam. Ek het ’n stukkie

toiletpapier natgemaak en die bruin punte van my skoene daarmee blink gegee. Ek het 'n bietjie van die parfuum op die marmerblad langs die maanagtige wasbak in my nek gespuit, die footjiebakkie daarnaas geïgnoreer, en soos 'n miljoen dollars gevoel toe ek netjies en welriekend die kleedkamer verlaat en by die koffiehuis uitloop, Konzerthaus toe. Die konsert sou oor vyftien minute begin.

Ek het Sint Stephanusplein oorkruis en flink teater toe gestap. By die Konzerthaus aangekom, het Mathilde en haar man in die straat voor die teater gewag. Hy het geïrriteerd op sy horlosie gekyk. 'n Taxi het nader getrek, voor hulle gestop, en Mathilde het 'n ouerige vrou by die motor uitgehelp. Die ouer vrou het 'n netjiese geblomde pakkie aangehad, skoene met hakke so hoog as wat haar dun en wankelrige bene kon toelaat. Ek was 'n entjie van hulle af weg, maar ek is seker aan haar vingers was groot, bonkige ringe, edelgesteentes. Ek kon 'n robynrooi borsspeld op haar lapel uitmaak.

Mathilde het haar arm geneem en haar by die konsertgebou ingelei. Die man het gevolg; nadat hy die aankomeling op beide wange gesoen het (nie baie spontaan nie) het hy op 'n afstand met sy hande in sy sakke agter hulle aangedrentel.

Ek het nie bedoel om hulle te agtervolg nie – die deur waar hulle ingegaan het, was ook die naaste deur aan die sitplek wat op my kaartjie aangedui was. Tog was ek versigtig dat hulle my sou sien, veral hy, en dink dat ek hulle doelbewus van die koffiehuis af hiernatoe gevolg het. Mathilde het eenkeer in my rigting gekyk, maar daar was geen sweem van herkenning in haar oë nie.

Ek het 'n program gekoop by die toonbank waar die plakkaat van die pianiste helder en groot staangemaak is. 'n Mooi kind. Donker, lang hare, irisblou oë. Wye, ongekunstelde glimlag. Klaudia Kurtz, of so iets, die naam ontglip my. Gewoonlik koop ek nie programme nie – die goed is te duur en oordadig, ek sou persoonlik tevrede gewees het met 'n velletjie papier met die program en 'n paar besonderhede oor die kunstenaar, nie hierdie glansblaai wat 'n fortuin kos nie – maar die foto van die pianis het my nuuskierigheid geprikkel. Ek wou meer van haar weet.

Mathilde en haar man het intussen verdwyn. Ek het half angstig gevoel, gewonder of ek my verbeel het, of hulle hoegenaamd daar was. Maar toe sien ek die ou vrou wat hulle uit die taxi begelei het. Sy het op 'n fluweelstoel in die foyer gesit, adellik, soos 'n gravin of barones en asof die teater haar kasteel is en die res van ons haar onderdane oor wie sy die lewe of die dood self kan uitspreek, as sy sou wou. In haar hand was 'n glas vonkelende sjampanje. Frans, het ek gedink. Haar skeletagtige vingers en geveerde rooi naels het soos 'n klou om die fluit gevou.

Die klok het die eerste van sy drie slae geslaan. Mathilde het opgedaag, en die ou vrou se glas by haar geneem. Haar man was ook weer by, sy rug styf en sy kake geklem, soos ek hom teen dié tyd al geken het. Hulle het in die rigting van die ouditorium gestap. Mathilde en haar man het die ou vrou weer aan beide arms ondersteun, meer vanweë haar sin vir drama as om enige fisieke rede, dink ek. Of dalk omdat die skoene se hakke te hoog was vir iemand van haar gevorderde jare. Hulle het deur die dubbeldeure verdwyn, die plekaanwyser het beduie waar hulle moet sit, maar ek het die idee gekry dat hulle goed vertrouwd was met die uitleg van die saal.

Ek wag altyd tot heel laaste voor ek die ouditorium betree. As ek nie so lief was vir musiek nie, sou ek dit nooit in 'n teater waag nie. Ek kan die mense so digby my bykans glad nie verdra nie. Soms koop ek drie kaartjies al gaan ek alleen, net om spasio om my te hê en nie so toegesit te voel nie. Maar die Wiener Konzerthaus is te duur dáárvor.

Toe die laaste klok lui en die gesofistikeerde Weense konsertgangers hul plekke inneem, het ek agter in die stadig bewegende, geselsende tou mense geval. Ek het my sitplek gevind, en kon my geluk skaars glo toe ek in die stoel agter hulle inskuif. Die gryskopvrou tussen Mathilde en haar man het teatraal hul albei se hande vasgehou. Hy het anderpad gekyk, die krom neus in sy geëtste profiel die presiese replika van die ou vrou langs hom s'n. Mathilde aan haar anderkant het die benerige hand met die dun vel en bruin vlekke sagkens gestreel. Oor die brug van haar neus en in haar oë het die bloudruk van die ouer vrou se gelaatstrekke gelê.

“Mutti,” het Mathilde gesê, “ek is so bly jy gaan uiteindelik vir Klaudia hoor speel. Sy is een van die mees geniale pianiste met wie ek nog ooit gewerk het.”

“Ek kan nie wag nie, Tilde.” Sy het haar na die man gedraai. “Jy ken haar pa, nie waar nie, Markus?”

“Ja, Mutter,” het hy stug geantwoord. Markus en Mathilde, het ek gedink, albei spreek haar as moeder aan.

Nou toe nou, wat 'n verrassing – die ou suurknol was toe al die tyd nie haar man nie! Ek het deur die program geblaai; groot was my vreugde toe nie net foto's van die pragtige jong musikant die blaai versier nie, maar ook 'n foto van die mooie Mathilde. In die suiwer geformuleerde blokkie inligting onder die foto het ek gelees dat Mathilde voorheen die pianis se professor in Zürich was. (Deesdae studeer sy – die pianis – in Parys.)

Die konsert het begin. Ek moes myself dwing om nie die heelyd Mathilde se nek en skouers (waarin ek kon sien hoe sy saam met die musiek en die pianis léwe) dop te

hou nie en tog ook na die kind op die verhoog te kyk. Sy was briljant, dié Klaudia, ek kon verstaan waarom Mathilde en natuurlik ook ander musici gaande oor haar was. Ek kies altyd my sitplek in musieksale só dat ek die pianiste se hande kan sien, die beweging daarin, die kontak met die klawers wat 'n bietjie is soos toor. 'n Vinger raak 'n objek aan en iets nuuts word vanuit die aanraking voortgebring. As ek maar so 'n Midashand gehad het.

Behalwe as dit 'n man is wat speel. Dan wil ek nie die vingers sien nie. Om na die fyn hande van 'n manspianis te kyk, is vir my gewoon grillerig.

Tydens die pouse het die drie die ouditorium verlaat, maar ek het bly sit. (Gelukkig het die mense weerskante van my ook uitgegaan.) Dit was vir my genoeg om naby die stoel te wees waarop sy oomblikke vantevore nog gesit het, en ek het met welbehae haar terugkoms afgewag. Hy was natuurlik eerste terug in sy sitplek, nors soos gewoonlik. Dit was vir my makliker om hom te verduur as voorheen, noudat ek geweet het hy is haar broer. Kort na die eerste klok het Mathilde en haar ma ook hul sitplekke ingeneem; die konsert het voortgegaan.

Daar was 'n lang applous aan die einde, 'n staande ovasie, encores. Die opgewondenheid het rooi oor Mathilde se gelaat uitgeslaan. Sy moes haar hande warm geklap het, haar ma ook, en selfs oor die broer se gesig het 'n effense glimlag gesprei.

Almal is pratende die ouditorium uit en die koel laatmiddag buite was 'n lafenis na al die passie. Hulle het gegroet; hy het 'n taxi nader geroep vir sy ma, die deur vir haar oopgehou. Die ou dame het in die donker binnekant van die motor verdwyn, en deur die venster gewuif soos 'n koningin. Mathilde het hom ook op albei wange gesoen, en hy is daar weg, in die rigting waarvan ons almal gekom het. Sy, aan die anderkant, het in die teenoorgestelde rigting geloop.

Ek het in die dikker wordende skemer agter haar aangeclip, die reuk van koffie aanloklik in die lug toe eers sy en toe ek verby die oop deur van 'n koffiehuis stap. Sy het gehuiwer voor die deur, ek het gewonder of sy dit oorweeg om in te gaan. Ek het net angstig begin word oor wat ek sou doen as sy te lank voor die deur draal en ek die paar meter tussen ons opvang, toe sy omdraai, my in die oë kyk, en van 'n plek binne haar wat ek nooit sou vermoed het nie, op die sypaadjie gespuug het dat ek dit meters ver kon hoor. Ek het die blerts speeksel op die keisteen sien spat. Sy het omgedraai, en die aand in gestap, haar handsak onder haar arm geklem.

Ek het nader gegaan, wydsbeen oor die speeksel gaan staan – om seker te maak niemand trap dit plat nie. Die geriffelde patroon van die slym op die sypaadjie was vir

my mooi; ek het opgekyk en haar om 'n hoek sien verdwyn. Sy het nie weer terug gedraai nie. Ek het afgebuk, my netjies gestrykte sakdoek uit my sak gehaal, hurkend langs die houpie gaan sit.

Ek het Mathilde se spoeg stadig en sekuur met my wit sakdoek opgevee, dat daar niks oorbly en aan iemand anders se skoen gaan plak nie. Mense het oor hulle skouers gekyk om te sien wat ek doen; ek het gemaak of hulle nie bestaan nie en bloot met my taak voortgegaan, die laaste stuk slym van die sypaadjie verwyder. Teen die tyd wat ek klaar was, was daar net 'n klam kol op die keistene oor.

Ek hou die sakdoek in die laaitjie langs my bed, by die tydskrif en die serp, die program met Mathilde se foto, en my ma se string geel pêreltjies.

University of Cape Town

## **Katinka kook**

TEEN die hang van die berg staan 'n huis met luike voor die vensters en 'n akkerboom in die tuin. Langs die paadjie wat van die gegote ysterhek na die voordeur toe loop, groei laventel en teen die mure rank klimop vir dekades al. Italiaanse kleipotte met bosse kruie en klein geknipte boompies staan in 'n netjiese ry. Reën kom in vlae uit 'n bedekte hemel, en die wind dwing die takke van die akkerboom na die grond. Ver bokant die huis teen die rotswand van die berg is watervalle sigbaar; bo-op die tafeltop maal die weer weer dik.

Gelukkig is die gaste laat, want anders sou hulle die gasvrou kaalvoet in die kombuis betrap. Katinka Cronjé woon al drie-en-dertig jaar in hierdie huis. Dit dra haar stempel en haar parfuim en in die kraak van die vloerplanke en die steun van die dak lê haar versugting na die onbekende. Saans sit sy op haar stoep met 'n glas wyn in haar hand en die ligte van Kaapstad soos 'n skitterende tapisserie aan haar voete. Sy teug aan die stad soos sy teug aan die wyn en die reuk van die soet, wit lemoenbloeisels wat dié tyd van die jaar in haar tuin blom, en oor die jare het dit deel van haar wese geword, net soos die huis en die berg waarteen dit staan.

Soggens sit sy ook op die stoep en dan is die mis oor die see 'n verlange na die jare wat verby is – kinderjare, jeugjare; haar eie en haar kinders s'n. In die oggend is die skepe wat deur die Kaapse hawe voor haar vaar die skimme van die alternatiewe wat daar was, die kanse wat verby is, die keuses wat sy gemaak het, of nie gemaak het nie.

As die tyd reg is en die wind uit die Noordweste waai, hoor sy die sanggebede van die moskee onder in die stad.

Op hierdie windverwaaide, reënerige Sondag kom ses mense aan haar tafel eet. Haar seun Fred (soos sy pa en haar skoonpa en al die ander eersgebore manlike Cronjé's is hy Frederick gedoop, maar sy noem hom Fred) het vanoggend eers laat weet dat hy kom; hy bring sy kamermaat. Haar dogter Manon (soos Pagnol wou sy die kind na die karakter uit die opera noem) en 'n nuwe kêrel sal ook hier wees. Haar vriendin Charlotte, en Frederick se ma Elize, voltooi die tafel. En Frederick. Natuurlik.

Katinka staan gebuk oor 'n bak klein tamatietjies. Sy hoor die voordeur oopgaan. "Oppas, die blomme!" roep haar seun. "Net betyds," sê Emile. Sy haas haar in die gang af met die skerp getande messie nog in haar tamatierooi hande. Emile staan met die pot blomme. Sy moet dit skuif; as die voordeur oopgaan, kantel die wind die blompot graag. Fred en Emile stap Katinka tegemoet. Sy vat die pot by Emile.

“Hallo, Ma,” groet haar seun, omhels haar. “Hoe gaan dit?” Sy moet haarself daarvan weerhou om hom nie met die vuil tamatiehand styf teen haar vas te druk en ’n afdruk daarvan op sy netjiese wit hemp te laat nie. Sy ruik hom; sy ruik sy mansreuk en sy Hugo Boss maar agter dit die klein seuntjie wat vir jare lank elke nag by haar in die bed kom slaap het.

“Fred, Emile, dit is so goed om julle te sien! Ek is bly julle het vroeg gekom. Kom ons drink eers tee.” Katinka stap voor die twee mans uit kombuis toe. Sy sit die pot blomme – rose – op die kombuistafel neer. Sy spoel haar hande af en kook water. Sy pak ’n skinkbord met koppies, ’n melkbeker en suikerpot terwyl sy luister na Fred en Emile wat praat oor ’n partytjie die vorige aand.

“By the way, Ma, ek het ’n aanbod gekry vir articles volgende jaar.” Fred ontwyk haar oë en skink ongeërg vir hulle tee. Hy gooi suiker in syne en roer dit totdat Emile die teelepel by hom neem en dit in sy piering sit. Emile loop uit die kombuis deur die eetkamer na die sitkamer toe. Katinka hoor die pote van die klavierstoeltjie oor die houtvloer skuif.

“Dis fantasties, Fred. By wie?” vra Katinka, opgewonde. Sy wens hy wil oor die volgende twee jaar sy leerklerskap in Kaapstad voltooi, sommer hier by hulle in die leë huis kom woon, eerder as dat sy hom aan ’n rugsak en Europa verloor – vir ’n maand of vir altyd, ’n mens weet nooit. Party lang oggende sit sy by die geelhouttafel in haar kombuis, en fantaseer sy van koekies bak en klei uitrol met die string kleinkinders wat sy so graag sou wou hê. Van Sondagmiddagetes met klein voetjies wat in haar huis rond trap. Maar ai, vir Manon het sy geen hoop nie – nie eers om tot trou te kom nie – en as Fred die vreemde in vaar... Sy wens sy kon die tyd terug draai.

Uit die sitkamer kom ’n paar tentatiewe akkoorde, ’n vinnige flirtasie in die deskant en ’n glissando tot niks. Fred trek sy skouers op. “Ag, groot firma, my eerste keuse. As ek hier wil bly, moet ek dit vat.” Hy bring die koppie na sy mond toe, blaas peinsend oor die tee. “Ek weet net nie of ek wil nie.”

Die toevalligheid waarmee Emile pas die klavier getoets het, verdwyn in die suiwer, seker note van ’n Chopin-nokturne. Hy ken al die klavier soos ’n goeie vriend; dit is asof die twee saam in staat is tot iets wat ander mense nie kan regkry nie. Fred wil verder praat en Katinka wil verder na hom luister, maar albei beweeg onwillekeurig na die melankoliese melodie en die toonskeppende herhaling van die linkerhand. Emile se lang, krullerige kuif hang laag oor sy voorkop en in sy lenige, benerige hande hou hy ’n wêreld waarvan Katinka gewoonlik net droom. Sy gaan sit

op die puntjie van die klavierstoel langs Emile, Fred leun met sy voorarms op die vleuel, hou die klawers binne die klavier dop wat soos insekte heen en weer skarrel. Emile speel moeiteloos verder, verdwyn in sy vingers en in die instrument.

Wanneer die laaste note van die naglied sterf en die wind weer teen die venster stamp, is almal se tee yskoud. Nou tokkel Emile sommer, 'n paar note hier, 'n melodie daar – hy is baie lief vir hierdie vleuel wat Katinka by haar ma geërf het. Sy gaan terug kombuis toe om die tamaties klaar te sny en 'n pot water op die stoof te sit vir pasta. Fred staan nog en leun met sy elmboë op die klavier.

Die voordeur gaan weer oop en aan die hakke op die houtvloer weet Katinka Manon is hier. Sy kom reguit kombuis toe, haar metgesel agterna.

“Hallo, liefste Moeder,” koer Manon en gooi haar arms om Katinka. Sy voel haar dogter se maer lyf teen haar eie. Haar kort, donker hare blink, haar bruin oë is swaar opgemaak. Sy dra lang swart stewels, pers kouse daaronder; 'n kort miniromp. Sy groet vir Fred en Emile wat van die klavier se kant af ingestap kom.

“Dit is Dale, almal. Hy maak films. Dale, this is my family.” Manon draai haar rug op Dale. Hy groet styf. Sy hare is ook donker en blink maar dit krul in sy nek. Hy spog met 'n vietse bokbaard, perfek gekap om sy vol teatermond. Hy kyk hulle nie juis in die oë nie, maar Katinka dink sy irisse is groen, miskien met gelerige spikkels hier en daar. 'n Mooi man, maar onsubstansieel, dink sy; skrik dan vir hoe blatant sy hom op sy voorkoms takseer. Manon praat een stryk deur, omhels haar broer en Emile, ignoreer vir Dale. Dit is vir Katinka so helder soos Tafelberg op 'n koel herfsdag dat iets reeds skort tussen Manon en haar nuwe vriend; sy het (alweer) nie veel hoop vir hierdie verhouding nie.

“Tee, Manon? Dale?” vra Katinka beleefd, en hoop die arme man weet nie hoe ongewens hy eintlik is nie.

“Nee dankie, Ma,” antwoord Manon en wend haar direk tot die bottel wyn in die yskas. Sy skink twee glase vol, gee een vir Dale sonder om hom te vra of hy wil hê, of na hom te kyk. “Waar is Pappa?” wil sy weet, en sluk 'n mondvul wyn.

“Hy't gaan koffiebone koop,” antwoord Katinka, “en vir Ouma gaan haal.”

Emile sit ongemaklik op die hoë kombuisstoeltjie en gooi vir homself ook 'n glas wyn. “Hoe gaan dit met die show?” vra hy vir Manon.

“Fantastic,” sê Dale. Smalend, dink Katinka. Hy bly staan, klou aan sy wynglas soos 'n bidkraal, druk sy ander hand diep in sy sak.

Manon kyk hom vies aan, draai dan na Emile. “Dit gaan gréát, dankie, Emile. Al die shows is uitverkoop. Gisteraand het ons ’n standing ovasion gehad. Al het ek in die middel van my monoloog oor ’n simpel prop geval.”

“Manon! Wat op aarde het gebeur?” vra Katinka.

“Ag, niks eintlik nie, Ma, ek het getrip en geval. Maar die gehoor was baie beïndruk met my recovery en die director ook. Ek dink die show was selfs beter as gewoonlik!”

Katinka verwonder haar aan die gemak waarmee haar dogter deur die lewe gaan. Sy was nog altyd so. Niks kry haar onder nie.

“Wie kom almal?” vra Manon. Haar glas staan op die tafel langs die brood wat sy van die deli af saamgebring het. Fyn druppels vorm aan die buitekant van die glas; wanneer sy dit neersit na nog ’n gulsige sluk bly die merke van haar vingers daarop agter. Sy trek stukke brood uit die wit papiersak en druk dit in haar mond. “Nog nie geëet vandag nie,” mompel sy tussen die happe deur.

“Ons is maar min vandag,” antwoord Katinka. “Net julle vier en Ouma. En Charlotte.” Sy vee haar hande aan haar voorskoot af. “Kom help my gou dek, toe. Fred, sal jy vuur maak asseblief?”

Hulle stap deur sitkamer toe. Sy hoor die garagedeur en Frederick se dreunende motor. Die kar stop en deur die venster sien sy sy netjiese figuur in die binnedeur van die motorhuis verskyn. Sy serp flap in die wind. Hy hou die deur vir sy ma oop. Hy help haar by die paar trappies af tot in die tuin. Haar grys haartjies staan regop in die wind. Die dun bene wat onder haar rok uitsteek, lyk broos, asof die wind hulle soos blomstele sal kan knak. Sy sukkel struikelend en koes vir die druppels wat koud op haar gekrimpte koppie val. Frederick hou sy ma aan haar elmboog vas. Met sy ander hand probeer hy ’n groot geel sambreel oor haar oopvou. Sy silwer kuif wat gewoonlik sorgvuldig teruggekam is, is plat oor sy voorkop gevee deur die reën. Sy swart leerbaadjie glim nat. Hy trap per ongeluk die tuinpaadjie mis en sy nuwe skoene beland in die modder. Katinka kan hom nie hoor nie, maar sy weet dat hy ergerlik en onderlangs vloek. Sy ma hou haar dun armpies uit na die reën, vang die druppels soos ’n kind en lek dit uit haar hand. ’n Vlaag wind skep die sambreel en vou dit toe, soos ’n tulp. Frederick gooi dit vererg eenkant en gebruik altwee arms om sy ma stoep toe te stuur. Sy skud giggelend die water uit haar hare. Katinka maak die voordeur oop en lei haar skoonma na binne. Die ouer vrou trek haar skoene uit, stop dit in Katinka se hande, sonder om te groet.

“Ag kind, maak tog die skoene droog voor die vuur? Ek kan nie sien waar dit is nie, maar ek ruik ’n gestokery.” Die reuk van vuurrook kom weliswaar uit die sit- en eetkamers waar Fred en Emile aan die vuurmaak is. Frederick skud sy kop vir Katinka; soos altyd wanneer hy sy ma sien, ontstel haar agteruitgang hom.

“Hallo, Ouma.” Fred kom groet sy ouma in die voorportaal.

“Hallo, kind,” sê sy vaag. Fred lei haar sitkamer toe; sy pas onder sy arm in. Sy staan klein, op haar kouse, haar hande voor die skrale vuurtjie teen mekaar en vryf. Hy skuif vir haar ’n stoel nader.

Die telefoon lui. Katinka los Elize se skoene voor die rokende vuur. Sy antwoord uitasem wanneer sy die toestel tussen die Sondagkoerante vind.

“O, hallo Charlotte,” sê sy in die gehoorbuis.

“Natuurlik nie.” Sy kyk na Fred terwyl sy praat.

“Sien julle nou-nou. Baai.” Sy plaas die telefoon op sy mikkie terug, en help Elize om die glas wyn wat Frederick vir haar gebring het, op die tafeltjie langs haar stoel neer te sit.

“Dit was Charlotte,” sê sy, onnodig. “Melissa is by die huis vir die naweek en sy wou weet of sy haar maar kan saambring hiernatoe.” Sy maak die stapel koerante op die koffietafel netjies. “Wat kon ek sê?” Sy rig die vraag aan Fred, wat hande in die sakke voor die kaggel staan. Die vuur brand nou goed, vlamme speel teen die agterkant van die antieke kaggel (daar is vier in die huis) en hou die oë van die omstanders asof hulle hulself daarin kan sien. Weerkaatsings van die vlamme dans in die donkerrooi teëltjies wat die kaggel omring. Fred kyk nie van die vuur af weg nie, en haal sy skouers op. “Whatever,” sê hy.

Katinka stap kombuis toe. By die tafel in die kombuis sit Manon en Frederick. Frederick se oë blink, soos altyd wanneer sy dogter haar volle aandag op hom toespits; sy doen dit graag. Katinka wonder wanneer laas sý en Frederick so intens met mekaar gepraat het. Manon hou haar pa se hand vas terwyl sy besield, asof op die verhoog, die vorige aand se val in die fynste besonderhede met hom deel. Frederick lag goedig wanneer die vertelling verby is.

“Ek het mos gesê jy moet van die verhoog af wegbly,” sê hy. “En nie net omdat daar gevaarlike props rondlê nie.”

“Waar is Dale?” vra Katinka.

“Rook buite,” sê Manon en hop van die stoeltjie af om haar ouma te gaan groet.

“Dit ruik heerlik, Katinka,” sê Frederick wanneer hulle twee alleen in die kombuis agterbly.

“Hmmm, sê sy, en maak die oond oop waar die skaapboud al van die vorige aand af bak. Die reuk van knoffel en roosmaryn vul die kombuis. Sy haal die skottel uit die oond en sit dit op die tafel neer.

“Lieflik,” sê Frederick.

Vir Katinka is hierdie die maklikste ete vir 'n spul mense: goeie boudvleis oornag gaargemaak, met heel stukke knoffel en kruie, sodat dit murgsag bak en 'n mens dit met 'n vurk uitmekaar kan trek. Sy bedien dit met ryspasta en geroosterde rosatamaties en parmesaankaas. Die slaai sal sy klaar maak wanneer al die gaste hier is; dit gee haar die kans om na die kombuis te ontsnap terwyl die ander mense met wynglase soos skilde voor hulle in die huis rond staan en geselsies maak.

Die interkom lui weer en Frederick staan op om die bedremmelde gaste by die voordeur in te laat. Katinka haal diep asem voordat sy die kombuis verlaat en haarself by almal in die sitkamer voeg.

Die mense is daar, die slaai is klaar, die kos gereed. Katinka begin die langsame proses om almal om die tafel gesete te kry. Sy verpes die getalm van gaste om 'n plek te vind, hul traagheid om eerste te skeep, die ordentlikheid waarmee hulle hul messe en vurke opneem, die gerei onseker in die lug laat hang voordat hulle die eerste hap alte versigtig vat – so asof dit 'n belediging is om te wys dat jy eintlik hier is om te eet. Katinka staan soos 'n boetebessie voor die vuur wat ook in die eetkamer brand, en wys plekke aan.

“Frederick, sit jy daar op jou plek by die seevenster,” beveel sy. Hy gaan sit aan die hoof van die tafel. Langs hom sit sy ma, en langs haar Charlotte. Dan Emile, en aan die ander kop, Manon. Aan die ander kant van die tafel sit Dale, Melissa, Fred, en sy.

Katinka kyk hoe haar gaste skeep. “Dit lyk wonderlik, Ma!” roep Manon en almal beaam dit. Almal behalwe Dale, wie blyk 'n vegetariër te wees. Hy skeep vir hom die helfte van die slaai, en stuur dan die bak om die tafel; Katinka merk Fred se irritasie wanneer Melissa die bak liefies vir hom hou en vra dat hy vir haar ekstra aspersies skeep.

Messe en vurke kliek en behalwe daarvoor is die mense om die tafel stil, soos altyd wanneer hulle Katinka se keurige en smaaklike kos eet. Wanneer almal alles geproe en die ergste honger weg geëet het, begin die gesprekke weer loop.

“Hoe gaan dit by die aftree-oord, Ma?” vra Frederick sy moeder. Hy help haar om haar kos met die vurk raak te steek.

“Ag goed, dankie, Boetie, dis net daai Oom Flippie wat so ’n oorlas van homself maak; elke dag wil hy by my sit as ons eet.” Frederick glimlag, Katinka ook, en hy laai nog ’n skeppie vleis op sy ma se vurk.

Aan die anderkant van die tafel praat Manon en Emile oor ’n toneelstuk waarvoor hy die musiek behartig het. “Gee my veel eerder klassieke werk en ’n orkes,” sê Emile beslis. “Ek háát die dramas en tantrums van toneelspelers.”

Manon lag. “Komaan!” roep sy uit. “Asof musici nie self drama queens is nie!”

Dale sê nie veel nie, bejeën Emile met agterdog en hou besitlik sy hand op Manon se bobeen. Hy kan skaars eet so buig hy om die tafel om sy kleim af te steek. Goeiste! dink Katinka, kan hy nie sien Emile is gay nie?

Dale sit sy laaste slaaiblaar in sy mond en vee met ’n stuk brood die slaaisous in sy bord op. Die bokbaard beweeg soos hy eet, tussen die stoppels op sy ken sit ’n bietjie sous. Die frons tussen sy oë word dieper soos dit later word; Katinka het gehoop die wyn sal hom laat ontspan.

“Excuse me, please,” sê hy nog voordat hy klaar gekou het. Hy stoot sy stoel hard agteruit. Hy voel-voel in sy sak na sy sigarette, en loop uit op die stoep. Ten minste verskoon hy homself, dink Katinka.

Die wyn vloei en die geselskap ook. Sy skuif nog nader aan die vuur. Sy voel die gloed van die vlamme oor haar lae rug vryf, sluk aan die rooiwyn in haar glas. Sy hou Melissa dop wat nou koketterig met Fred gesels. Melissa is klaar geëet. Sy staan op, en neem Fred se leë bord.

“Sal ek vir ons seconds kry?” bied sy aan. Katinka glimlag by haarself. Melissa speel die moeder, dink sy, en sy ken vir Fred maar swak as sy dink dié taktiek gaan werk. Ook nie eers skaam om dit hier te doen waar die werklike moeder alles sien en hoor nie. Fred praat met Emile oorkant die tafel; wanneer Melissa weer met die vol bord kos langs hom inskuif, kan Katinka aan Fred se stywe skouers sien dat die aandag hom glad nie welgeval nie. Hy kyk vas in sy bord en sien nie eers die fladdering van Melissa se ooglede en die pruil van haar mond nie. Hy eet darem die kos wat sy vir hom bring, maar ook net so halfpad, toe stoot hy sy mes en vurk te vinnig bymekaar.

“Ek sien jou glas is amper leeg, Ma,” sê hy vir Katinka. “Ek kry gou nog ’n bottel.” Katinka knik en kyk ongemaklik na haar glas, wat nog kwart-pad vol wyn is. Melissa sien dit ook.

“Hoe gaan dit op Stellenbosch?” vra Katinka maar.

“Goed dankie, Tannie,” antwoord Melissa. Sy glimlag styf en haar stem is stram. Sy staan op, sluk haar glas vinnig leeg en neem dit saam na Fred toe waar hy by die drankkabinet met ’n nuwe bottel wyn staan.

Katinka stap na die opskeptafel. Dale is terug. Sy hoor hoe hy toenadering tot haar dogter soek en Manon geïrriteerd vir sy simpel grappie lag. Sy trek haar hand deur haar kort hare en skuif kriewelrig op haar stoel rond. Dan kom haar bejaarde kat wat na sewentien jaar net so deel van hierdie huishouding is soos die kinders en hul ouers self verby die tafel geloop. Manon spring op om die kat nader te trek en op haar skoot tuis te maak. Die kat se snorbaarde wip soos hy spin. Met sy geel skrefiesoë bekyk hy vir Dale.

Waar die kat is, sal die hond wees, dink Katinka, en dit is ook nie oomblikke nie of die veel jonger en lewendiger labrador maak stertswaaiend sy verskyning en druk sy groot slobberige snoet tussen Dale se bene in. Dale stamp die hond weg en vee vererg sy vingers aan die tafeldoek af. Die kat lê soos ’n pelskombersie oor Manon se skoot uitgestrek. Hy lek sy pote.

“Oscar!” roep Katinka die hond, wat die proporsies van ’n beer het, en gaan gooi die boudbeen vir hom in die vierkant buite die kombuis. Vir ’n oomblik staan sy met haar rug teen die kombuisdeur vir die hond en kyk. Dit het opgehou reën en dit is vars en skoon buite; die koue lug is ’n lafenis na die vuur en die lywe en die asem binne die huis. Sy wens sy was die hond, wat pens en pootjies op die bakstene lê, been in die bek en as hy daarin sou belangstel, ’n blik op Tafelberg en die mis wat teen die hange af loop en in die skeure verdwyn.

Katinka trek die kombuisdeur agter haar toe en ignoreer die hond se hartseer bruin oë wat, been ten spyt, nie verstaan hoekom hy nie in die feestelikheid binne die huis mag deel nie. Sy staan op haar tone om die bordjies vir die nagereg bo haar kop by te kom. ’n Langer arm strek bo hare uit en neem die breekgoed van die rak af. Dit is Melissa.

“Kan ek help, Tannie?” vra sy soet.

“Dankie, Melissa,” sê Katinka. Sy haal ’n houer room uit die yskas om te klop. Weer neem die gretige hand die klitser by haar. Melissa klits flink. Nuwe modus operandi, dink Katinka – nou wil sy my beïndruk. Asof sy wat Katinka is nie vir Melissa al ken vandat sy ’n dogtertjie in doeke was nie. Asof sy haar meer kan beïndruk as wat sy oor die jare reeds het. Dis net dat sy vir Fred nie soseer beïndruk nie, en wat dink sy kan Katinka daaromtrent doen?

Katinka sit die foeliebakkies vol malvapoeding wat sy by die winkel gekoop het, in die oond.

“Het Tannie dit self gebak?” Botter kan nie in Melissa se mond smelt nie. Katinka is lus om terug katterig te wees maar sy hou haar in.

“Nee, Melissa, danksy Woolies hoef ek nie meer nagereg te maak nie,” antwoord sy, meer saaklik as wat sy wou.

Dan is Charlotte skielik ook by hulle in die kombuis. Melissa maak haar uit die voete. Wanneer sy veilig buite hoorafstand is, kloek Charlotte: “Jy weet, Katinka, ek probeer dag en nag om die kind van Fred te laat afsien.” Sy skep asem. “Afsien! Wat praat ek! Daarvoor is daar geen kans nie, Melissa is vir soveel jare al verlief op Fred dat sy waarskynlik nooit van hom sal afsien nie.” Charlotte is rooi in die gesig. “Maar ek probeer so hard om net te keer dat sy haarself so voor sy voete gooi! Hoe meer ek daaroor praat, hoe erger raak dit.”

“Ek sê lankal nie meer vir my kinders wat ek dink hulle moet doen nie, Charlotte,” sê Katinka. “Want dan doen hulle presies die teenoorgestelde.” Charlotte hang oor Katinka se skouer waar sy koffiekoppies op ’n skinkbord pak, so naby aan haar dat sy Charlotte se asem warm in haar nek kan voel. Charlotte ruik na duur parfuum en motgif. Sy voer haar monoloog verder asof sy Katinka glad nie gehoor het nie. “Ag, en ons almal wéét tog daar sal nooit iets van kom nie.”

“Kan ek help, Ma?” vra Fred agter haar. Sy en Charlotte kyk gelyk om na die mooi jong man wat by die deur staan. Charlotte babbel iets oor sy wonderlike maniere en Katinka wil uitroep: Ja! Jy kán my help! Verlos my van hierdie intrige wat joune is, nie myne nie!

“Jy kan koffie maak, asseblief Fred.”

Met Fred ook in die kombuis kan Charlotte nie verder oor haar dogter skinder nie, en sy stap terug eetkamer toe. Katinka wonder of sy die gedoente met Fred moet bespreek, maar voordat sy besluit het, kom hy langs haar staan. Hy leun oor die toonbank, hou sy regtervuis met sy linkerhand vas soos altyd toe hy jonger was, en senuweeagtig.

“Daar is iets waaroor ek met jou wil praat,” sê Fred. Die hand druk die vuis stywer vas. Sy vingers knak en hy frons. Hy kyk Katinka reg in haar oë. Sy pa se oë, dink sy.

“Ai, Fred, ek is jammer ek het ingestem dat Melissa vandag kom, ek kan sien dit is vir jou niks lekker nie.” Sy praat sagter en sagter, bang dat iemand die kombuis inkom en hoor wat sy sê.

Fred skud sy kop. “Dis nie dit nie, Ma.” Hy neem haar hand in syne en maak sy mond oop om te praat maar op daardie oomblik kom Manon die kombuis ingefladder met Dale agterna, en die hond wat uit die vierkant ontsnap het, kort op sy hakke. Manon gee haar en Fred een kyk.

“Jammer, Fred, bad timing,” sê sy en maak haar uit die voete, Dale weer op sleptou. Katinka gryp die hond aan sy halsband en boender hom by die agterdeur uit. “Nou bly jy buite!” sis sy deur geknersde tande. Sy draai terug na Fred toe, sug hoorbaar.

“Fred. Jy wou sê...?” begin sy, maar Fred ontwyk haar oë. Die oomblik is verby. Hy tel die skinkbord van die tafel af op.

“Moenie worry nie Ma, ons praat later.” Hy dra die koppies eetkamer toe. Katinka staan nog met ’n oop mond in die middel van ’n sin en die kombuis, maar skielik is sy alleen. Sy trek haar skouers vir die hond op wat met sy swaaistert en uithangtong bedelend voor die buitedeur staan en haal die warm poeding uit die oond. Soos so dikwels gebeur, brand sy die bokant van haar hand teen die oond se element. “Shit,” sê sy. Sy draai om met die stomende bakkies in haar hande. Frederick se ma is skielik voor haar. Die ouer vrou grinnik. Katinka weet nie of Elize vir haar lag omdat sy seergekry het, en of dit die vloekwoord is wat sy so snaaks vind nie.

“Ma. Ma laat my skrik.” Sy lag maar saam.

“Jy weet, Katinka,” sê haar skoonma, “ek het nog altyd so lelik gepraat as daar niemand naby was om my te hoor nie.”

Katinka kyk verbaas na Elize, geamuseerd, en op pad eetkamer toe met die foeliebakkies vol nagereg, wonder sy of Alzheimer’s Elize se brein al so aangetas het dat sy nie meer weet wat sy sê nie, en of die verskoning van die siekte haar die vryheid gee om te sê wat sy nog altyd wou.

Katinka sit die bakkies op die tafel neer.

“Melissa, sal jy inskep, asseblief?” Sy sien Charlotte se wenkbroue lig oor die winkelbakkies op die etenstafel, maar dit skeel haar min. Melissa dweep opgewonde oor hoe wonderlik dit is dat ’n mens deesdae gebak by winkels kan koop wat selfs lekkerder is as dié wat jy self maak.

“Jy moes dit net in ander opskepbakke gesit het, Katinka, dan het ons almal gedink jy het dit self gebak!” sê Charlotte.

“Wie sou ek tog flous, Charlotte? Julle almal weet ek bak nie,” antwoord Katinka moeg.

Dit val haar op dat Frederick besonder stil is vandag. Sy wonder of hy olik voel. Sy sien hom sit langs Fred en in gesprek met Emile; sy wonder waarom hulle so ernstig praat. Frederick het oud geword. Mooi oud, soos 'n boom, of 'n kosbare stoel. Sy weet dat die stiltes wat deesdae met reëlmaat tussen hulle kom lê, meer aan haar te wyte is as aan hom. Dat die leemtes wat gelaat is met die kinders se vertrek uit die huis, die gebreke in hul eie verhouding so duidelik uitwys. Gebreke wat nie onherstelbaar is nie, maar wat energie sal verg om reg te maak. Net soos 'n ou huis wat voortdurend onderhoud eis.

Frederick. Haar goeie man.

Hy kyk na haar terwyl hy sy nagereg by Melissa neem. Hy glimlag. “Jy het die room perfek geklop, Katinka.”

Té goed vir my, dink sy.

“Dit was Melissa,” sê sy dan.

Fred bring die koffie en die ete is verby. Dis Katinka se hoogtepunt van die dag: om te sien wie dit is wat eerste genoeg moed bymekaarskraap om hul handsakke op te neem (die vroue) of op te staan en hul rûe te strek (die mans) en aan te kondig dat hulle, ongelukkig, die pad moet vat. Dan kom die komplimente soos waterstrome: die wonderlike kos, watter gesellige huis, onverbeterlike geselskap, goeie wyn, en begin die kommentaar oor die weer van vooraf. Katinka is dankbaar vir die reën, sodat sy nie al die pad tot by haar gaste se motors, buite in die straat, hoef saam te stap nie. Sy vind dit nogal komies, die positiewe korrelaat tussen die spoed waarmee mense huis toe wil gaan, en die tyd wat dit hulle neem om dit te doen. Asof die gasheer en -vrou mislei sal wees deur die gedoente wat die vertrek noodwendig dan word.

Sy staan by die voordeur en kyk hoe Frederick saam met Charlotte en Melissa die paadjie na die pad toe gebukkend trotseer. Wanneer hulle vertrek, kom hy glyend terug die huis in, en trek die deur agter haar toe. “Verskriklike weer,” sê hy. “Kom ons stook die vuur.”

Maar die kinders wil ry. Die reën klaar momenteel op; Katinka en Frederick stap saam met hulle straat toe. Elize stap aan Manon se arm. Sy en Dale sal haar op pad huis toe by die versorgingsoord gaan aflaai.

Dale groet skugter en vinnig en verdwyn in die motor. Manon omhels haar ma, haar pa, haar broer en Emile met oorgawe.

“Red my van die monster wat my metgesel is,” fluister sy dramaties en rol haar oë na die hemel.

“Manon,” sê Katinka met haar ma-stem, al is sy bly dis die laaste sien van Dale. Manon klim langs Dale in die motor. Frederick help sy ma; sy sit moeg, verwese en klein tussen die papiere op die agterste sitplek. “Tata Freddie,” sê sy sag.

Die motor vertrek teen die bult af. “Wat het Manon besiel om ooit in ’n verhouding met dié ou betrokke te raak?” vra Katinka. Sy kyk hulle peinsend agterna, Elize se grys koppie skaars sigbaar in die agterruit.

“Dit was vir ’n rol in ’n flik,” sê Fred. “Maar toe blyk dit sy’s nie die tragiese heldin nie en nou is hy ook nie meer die held nie. Al is hy nogal tragies.”

“Good riddance,” mompel Emile.

“So moet ek nou nagte lank wakker lê omdat sy nie die rol gekry het nie?” vra Katinka, self teatraal.

“Nee, Ma, sy’t lankal aanbeweeg.” Fred klingel die karsleutels in sy hand. Emile knik en die vier stap ’n entjie verder in die pad af na waar Fred se motor geparkeer staan. Frederick neem Katinka se hand en sy kyk hom, gemaak-verbaas, skeef aan.

“Baai, Ma.” Fred soen sy ma op haar wange en druk haar sag. Sy pa kry ook ’n druk en Fred self ’n paar kloppe op die skouer.

“Tot siens, Katinka,” sê Emile. “Dankie vir nog ’n heerlike ete.” Die kinders lyk haastig om weg te kom. Emile skud Frederick se hand en sê tot siens.

Die twee jongmanne klim in en ry weg. Soos wat die motor kleiner word en haar gesigsveld verlaat, volg Katinka se oë die kontoere van die berg tot bo waar daar vandag geen kabelkarretjie sigbaar is nie. Uit die weste verlig sonstrale ’n paar kolle en die wolke glinster wit, te helder – te skoon – vir hierdie dag. Dit gaan weer reën, die son se dapper poging ten spyt. Die wind ruk hom weer reg vir nog ’n tierende nag.

“Ek het so gewens Fred bring sy nuwe vriendin saam,” sê Katinka, vir die berg en die wind en vir niemand in besonder nie.

“Nuwe vriendin?” vra Frederick waar hy langs haar staan, sy oë ook opgeslaan na die berg, asof hy daaruit krag wil put. Hy los haar hand wat nog koud in syne lê, en sit sy arm om haar skouers. Sy ander hand druk hy in sy sak.

“Ag, ek weet tog nie met Fred nie. Met Manon is alles so voor-die-hand-liggend en dúidelik. Fred is anders. Ek het gedink daar is iemand wat hy aan ons wil voorstel. Hy het so iets genoem oor die telefoon. Maar toe hy laat weet hulle kom eet vandag, was dit (soos gewoonlik!) met Emile aan sy sy.”

Frederick aarsel eers, draai na haar toe en sit sy twee hande op haar skouers. Sy gesig lyk sag, gaaf, maar daar is iets, iets wat haar pla. ’n Skans? ’n Terughouding?

“Tinka, jy weet tog seker,” sê hy. Sy frons, skud haar kop. Hy huiwer weer. “Ek glo nie Fred sal ooit ’n vriendin huis toe bring nie.”

Haar man het haar in jare nie Tinka genoem nie. Hy haal sy hande van haar skouers af en hulle draai gelyk van mekaar af weg, na die hek toe. Hy probeer weer haar hand neem, maar sy skud hom af. Soos ’n vlieg.

“Wat probeer jy sê, Frederick?”

Frederick stuur haar by die ysterhek in, teen die trappies af, verby die klimop en die Italiaanse potte vol boompies en welriekende kruie. Vandag ruik ’n mens net reën. Die tuinligte is nie aan nie; skemer vloei onder hulle voete deur en vul die erf soos water. Hulle loop verby die akkerboom se swaar, deurdrenkte takke, en toe hulle by die voordeur kom, klap een van die luike in die wind. Die son teen die berg is weg; Frederick trek die deur toe teen die reën wat begin drup in die poele wat reeds die tuin vol staan.

Katinka vlug na die sitkamer. Frederick volg haar. Sy kyk nie na hom nie, maar in die spieël bo die kaggel sien sy sy figuur onseker in die ingang staan. Haar vraag hang swaar soos die weer. In die herd smeul die laaste van die kole; die vuur is dood. Die huis is koud, soos altyd, en sy slaan haar arms om haar eie lyf.

“Katinka, ons het nog nooit hieroor gepraat nie.” Hy kom uit die spieël na haar toe aan. Sy kyk nie na hom nie, net na sy weerkaatsing in die glas. “Maar ek het aanvaar jy vermoed ook, soos ek,” sê hy. Sy draai haar kop van hom af weg en maak hom stil met ’n handgebaar. Sy is diep getref – maar nie verras nie – deur die gemak waarmee Frederick oor die onderwerp praat. Sy wil nie hoor wat hy sê nie. Sy kan nie die waarheid erken nie – dat sy dit nog nooit kon eien nie, al weet sy dit waarskynlik langer as Fred self.

“Hoe...? Het hy vir jou...?” Sy kom nie verder nie.

“Nee, hy het nie. Ons het nog nooit daarvoor gepraat nie,” sê Frederick. Hy neem haar hand in syne; raak haar vingers met sy lippe. “Maar dit is lankal vir my so duidelik soos dat Manon op die verhoog moet wees.” Hy sug, maak sy keel skoon. “Daar is niks wat ons daaraan kan doen nie – dit is maar net hoe dit is.”

Sy trek die hand vinnig terug en stap op die voorstoep uit. Frederick bly in die spieël agter. Uit die baai vaar ’n skip die dieptes in, oor die water kom die mis en die mishoring blaas ver. Sy ruik die sout van die see, en oor die dakke van die huise en die toppe van die bome hoor sy die geroep van die Moslemimam – die eensaamste, stukkendste geluid wat sy ken.

## Die fees van Gent

HILDE leun met haar voorkop teen die venster van haar drieverdiepinghuis. Buite is die weer grys, ten spyte van die somer. Die water in die grag lê stil. Langs die kanaal onder in die straat aan die voet van die ry regop huise rumoer deurmekaar lywe in strome heen en weer, vir dae al: mense, kinders, studente. Sy wonder of die drie terme mekaar nie dalk wedersyds uitsluit nie.

Hulle dans, gesels, lag op die maat van die musiek wat uit die bek van 'n goudkleurige saksofoon blêr. Hy staan aan die rand van die straat, die saksofoonspeler, waar die grag begin; 'n driepootopslaanstoeltjie aan sy voete, maar sy twyfel of hy ooit daarop sit. Die instrument lyk lewendig; die musikant soos 'n gimnas. Of 'n slangmens, dink sy. Kronkelend, akrobaties. Ten minste is daar nie weer die man met die fiets wat verlede jaar 'n duisend keer op 'n dag sy vliegtoertjie verby die venster van haar boonste verdieping gedoen het nie, mense snakkend na hul kollektiewe asem. Of die biertert aan die ander kant van die kanaal met die gepaardgaande geraas – soos 'n paar feeste vantevore.

Hilde draai om na haar huis. Daar is geen klank binne nie. Al wat sy hoor, is die geraas van buite, gedemp deur haar dik mure, weelderige matte, swaar gordyne. En toe deure. Gedemp deur die afsluiting – die afsondering – van jare.

Sy draai terug na die venster. Die slangmens is nou onder haar, sy kan die kaal kol bo-op sy kop sien. Hy dra 'n hemp met afgesnyde moue; sy bo-armspiere bult wanneer hy sy instrument die lug in tel. Sy jeans is vol gate. Wanneer hy nie blaas nie, lag of sing hy. Dan swaai die saks soos 'n verlenging van sy arm rond. Ander mense lag en sing saam. Iemand skree meer as wat hy sing. 'n Kind jil manies soos wat net kinders en versteurdes kan. Die spel ets teen die bruin geboue, die vaal lug en die stil huis. Sy kyk na die bonsende koppe, die beweging; dis asof die hele straat – die sypaadjies, die kanaal aan die ander kant, als – in beroering is. Sy hoor die getik van die minuut- en sekondewysers van haar staanklok teen die muur wat soos 'n metronoom vir haar 'n ritme stel.

Hilde vestig haar oë op 'n kind in 'n rooi rok. Vier, skat sy. Die kind se hare is ongekam, sy hou 'n druppende roomys in haar hand vas. Haar voete is kaal. Haar mond is sjokoladebruin. Sy trek met haar ander hand aan haar ma se arm. Die ma het 'n kleiner kind op haar heup. Die kleintjie huil; Hilde kan hom nie bo die gedruis van die skare en die musiek hoor nie, maar sy sien die oop mond, die toegeknypte oë. Die vierjarige met die sjokoladegesig begin ook huil, of skree; Hilde sien die kind se gesig

vertrek in 'n uitdrukking van ontevrede dringendheid, of pyn. Die ma sal weet watter tipe huil dit is. Die vrou probeer die jonger kind paai en met haar een hand die druppende roomys red wat meer en meer skade aanrig – nie net aan die kind en haar klere nie maar ook aan omstanders. Moedeloos druk sy, die ma, die hele roomys – horingkie en al – in haar eie mond. Nou skree die kinders eers. Sy tel die besmeerde dogtertjie op haar ander heup, probeer die roomys klein genoeg kou sodat sy dit kan sluk. Haar kieste bol. Sy lyk of sy gaan naar word, of mal. 'n Man kom nader. Hy praat op 'n selfoon en trek aan 'n sigaret. Die ma raas nou met die man, oënskynlik die pa van die kinders. Sy haal haar onmag en frustrasie maar op hóm uit. Hy vee roomys van haar ken af. Hy lag maar dit lyk nie of die vrou dink dis snaaks nie. Hilde wonder of hy haar hoegenaamd bo die saksofoon en die geneul van sy eie kinders kan hoor.

Sy maak haar oë toe. Katrijn trek aan haar rok en Albert sit in die hoek en huil. Sy het 'n pot op die stoof, 'n houtlepel in haar hand. Die uie brand. Albert moet 'n bottel kry en Katrijn wil hê sy moet speel. Katrijn eis dat sy speel. Albert skree vir sy bottel. Die kos brand. Die telefoon lui. Hallo, ek gaan laat wees. Die kat miaau vir kos. Die kat se gat. Albert 'n bottel. Katrijn speel. Brand. Uie.

Sy maak haar oë oop. Sy sien die gesin se rûe: die pa dra nou die dogtertjie en die ma het die kleintjie in 'n sak op haar rug. Sy kop hang eenkant toe; hy slaap seker. Hulle stap in die straat af, saam met die een stroom mense. Hulle hou mekaar se hande vas. Die saksofoon is weg, maar sy hoor nog die tergende klank wat uit sy maag kom.

Die fees is in volle swang. Dis elke jaar se storie. Elke jaar staan sy met haar voorkop teen die venster en bekyk die mense. Elke jaar voel sy verder daarvan verwyder. Daar was 'n tyd toe sy en Jans ook met die kinders die fees ingevaar het. Toe sy ook tussen wildvreemdes haar man en haar kinders verskree het.

Sy gaan sit in 'n leunstoel en lig haar voete op 'n voetstoeltjie van fluweel. Sy neem haar boek van die vensterbank langs die stoel en begin lees. Die storie gryp haar nie, haar oë dwaal oor die letters, sy lees sinne twee maal, verloor die draad nog voor sy hom heeltemal het. Sy rus haar kop teen die rugkant van die stoel, haar oë gaan toe.

Sy sit met 'n boek op haar skoot. Mamma help my. Net 'n oomblik, Katrijn. Sy probeer die bladsy klaar lees. Mamma ek nodig jou, die verf het geval. Wag net gou. Sy jaag haar oë oor die bladsy maar sy weet sy sal dit vanaand weer moet lees. Sy druk 'n boekmerk in die boek (die bladsy is nie klaar nie) en staan op. Verf lê oor die kombuisvloer uitgerol, Albert se voetjies trap rooi en groen en geel deur die huis. Die kat s'n is blou. Albert neul dat sy voete taai is. Katrijn huil oor haar prentjie nie mooi

is nie. Die kat miaau. Die telefoon lui. Sy laat val die boek in die verf. Sy mis die oproep. Sy vee op. Die bakkie verfwater val ook om. Die biblioteekboek vol water, die kinders vol verf. Die mat. Die boek.

Hilde staan op, gaan 'n verdieping laer na haar kombuis om die ketel op die stoof te sit. Sy gooi water in, draai die gasvlam aan, druk die tuit van die ketel in wat haar sal waarsku as die water kook. Sy maak die yskasdeur oop; die melk is op. Sy kyk op haar horlosie, om geen rede nie. Daar is altyd tyd om melk te koop. Sy draai die vlam weer af, kry haar handsak op die onderste verdieping op pad uit, trek die deur van haar huis agter haar toe. Buite staan twee mense – toeriste – en bewonder haar huis en die ander aan weerskante. Hulle probeer haar aandag trek, sy ignoreer dit, en hoor bloot in die verbygaan hoe hulle haar woning komplimenteer. Sy knik 'n stram erkenning.

Normaalweg is dit kalm hier, selfs stil, ten spyte van die toeriste wat die area graag besoek, ten spyte daarvan dat Gent 'n groot stad en besig is. Gewoonlik is hier 'n rustigheid, 'n mildheid. Behalwe vir die tien dae in Julie wanneer dit feestyd nie. Dan is dit rondom die Graslei waar sy woon soos 'n greep uit haar lewe toe die kinders klein en sy pal op die rand van raserny was.

Sy trotseer die groepe mense in die straat voor haar deur. Dat meer van hulle nie in die water beland nie, verbaas haar. Nou en dan hoor sy iemand met 'n groot gelag en geplons van water in die kanaal val. Daar is altyd meer as genoeg arms om hom (dit is selde 'n vrou) uit te help. Sy klem haar handsak onder haar arm vas, hou regs teen die straat af na die deli 'n blok verder. Sy sukkel om by die winkeltjie in te kom, die eenaar agter die kasregister waai vir haar, skud sy kop. Maandag as almal met leë beursies die pad vat, sal sy en hy weer lekker gesels oor die gekheid van die fees, die spandabelrigheid van die besoekers, die papiere wat soos letsels in die strate agterbly. Sy maak met moeite – die deli is tot oorlopende toe vol – die deur van die yskas oop, en haal 'n bottel melk uit.

“Dag Hilde,” sê die eenaar wanneer sy uiteindelik haar weg deur die koffiedrinkende geselsers na die kasregister baan, “ek dink daar is nog meer as verlede jaar.”

“Ek dink jy is reg, Michiel. Meer as die miljoene wat tóé reeds hier was.”

Michiel grinnik. “En baie van hulle kom terug; hulle onthou my koffie, kom hier in gewals en sê hulle wil hê wat hulle laasjaar gehad het!”

Sy glimlag. “Hulle ken jou maar sleg as hulle dink jy sal enige iets anders as goeie koffie voorsit.” Hilde sien hoe Michiel onder die kompliment blom. “Wat sê hulle van

jou wafels? Beste in Vlaandere, die hele België?” Hilde kan nie glo dat so ’n ou, gesoute man nog kan bloos nie.

“So iets, ja,” antwoord hy skaam.

“Nou toe. Ek kom nie more vir my week se bestelling nie, Michiel. Hierdie skares is te veel vir my. Kan ek dit Maandag kom haal, as Gent weer ons s’n is?”

“Natuurlik, Hilde. Vir jou, enige iets!” Hy lui die melk op.

“Kan ek ’n baguette ook kry, asseblief.” Michiel neem een uit die mandjie agter sy rug, draai dit in bruin papier toe.

“Dankie Michiel. Tot siens, tot Maandag. Sterkte met hierdie klomp.”

Hy salueer haar met die punte van sy vingers teen sy beret terwyl hy reeds die volgende klant se inkopies in ’n papiersak pak. Die rooi kleur op sy wange bly. Sy maak die deur agter haar toe en stap terug na haar huis. Dié keer stap sy saam met die stroom. Sy luister na die gesprekke, bekyk die voete op die keistene om haar plat hofskoene – sandale, tekkies, stewels. Iemand is selfs kaalvoet! Snaaks hoe gemaklik mense raak in die geborgenheid wat ’n saamtrek soos ’n fees meebring.

Sy is bly wanneer sy by haar voordeur kom. Etlieke elmboë het teen dié tyd teen haar middel geskuur en die reuk van laasnag (of vanoggend) se alkohol op die mense se asem laat haar siek voel. Die vullis in haar straat ook. Sy stap die stel trappe op na die kombuis, draai weer die ketel aan, maak die tee. Sy voeg melk by, geen suiker nie. Sy neem die koppie tee na die boonste vlak. Sy sit ’n CD in die speler – Callas – en probeer weer die boek. Callas se omvattende stem dryf die geraas buite en in haar kop uit. Sy lees drie hoofstukke terwyl Callas sing. Wanneer die musiek sterf, is die feesgeluide terug. En die horlosie wat so tik.

Teen laatmiddag raak die groot huis te klein vir haar. Sy neem ’n ligte baadjie van ’n kapstok in die portaal, en haar wandelstok wat op sy plek teen die muur langs die voordeur staan. Sy maak die deur oop. Die skare buite is kleiner, stiller; sy weet hulle rus vir die aand. Sy het voorheen al die fout gemaak om te dink dat daar ’n stil aand voorlê wanneer daar teen laatmiddag of vroegeand ’n verposing in die rumoerige teenwoordigheid van die feesgangers is. Sy het al geleer dat hulle net asem skep vir wat dit ookal is wat hulle tot laatnag en vroegeand aan die gang sal hou.

Sy stap in die straat uit, draai af in die rigting van die universiteit. Sy hou haar kop onderstebo, is nie lus vir oogkontak nie; feesgangers eien dit dikwels as ’n uitnodiging tot gesprek. Hulle is gretig om hul ondervindings met iemand te bespreek. As dit iemand is met ’n gedeelde ervaring, soos dat hulle dieselfde teaterstuk gesien het, soveel te beter.

Hilde stap langs die kanaal af. 'n Klein dogtertjie met pienk hoëhakskoentjies op 'n fiets kom voor haar ingejaag – die fiets het nog die ekstra stel agterwiele wat kinders help om hul balans te vind. Die dogtertjie het geen beheer oor die fiets, of oor haarself nie. Hilde struikel. Sy bestendig haarself met haar wandelstok. Die kind se pa kom agterna gehardloop, rooi in die gesig en verskonend; jammerlik, amper.

“Verskoon tog, Mevrou,” sê die pa as hy by Hilde kom, “ek is jammer. Sy kan nog nie ry nie maar sy weier dat ek haar help. Sy weier om ander skoene aan te trek. Sy weier om op die sypaadjie te bly. Sy weier om na my te luister, ek praat met die wind.” Die pa staan met sy hande in sy hare, sy oë onseker op Hilde. Sy weet hoe hy voel: hy weet nie of die vreemde ou vrou met die wandelstok in haar hand en die serp om haar hare sy dilemma gaan verstaan en of sy gaan kwaad wees oor sý gebrek aan beheer nie.

Hilde glimlag toemond. Sy haal haar skouers op. Sy is bly vir die sonbril oor haar oë. Sy dink aan al die raad wat sy die man kan gee, maar groet net, loop verder. Sy hoor hoe die pa met die kind pleit. Dan sien sy haar vervaard dwarsoor die pad jaag, haar pa agterna. Iemand anders spring vies voor die fiets uit, skud sy kop in ongeloof.

Die kinders is op fietse. Op die Vrijdagmarkt. Graag ry hulle daar, al is daar heelwat ander mense, al moet die mense vir haar kinders koes. Katrijn wankelend verbete op 'n fiets, Albert nog op die een met wieletjies. Om en om die standbeeld van die wijze man van Gent ry hulle. Sy sit op 'n bankie en kyk op na hom, Jacob van Artevelde; sy smee vir 'n aks, 'n leksel van sy opgetekende wysheid. Hy bly altyd so onverbonde voor hom uitkyk, die toekoms in. Of is dit die verlede wat hy sien? Wanneer die kinders begin baklei, luidkeels op mekaar skree, wanneer Katrijn Albert se fiets onder hom uitgryp omdat sy moeg is vir balanseer en op die maklike fiets wil ry, en Albert skreeuend oor die plein na haar toe snel, vloek sy hom soms, ou Jacob, herinner sy hom dat hy verniet so meewaardig en soewerein daar staan, dat al die wysheid in die wêreld hom nie veel gehelp het toe die moordenaar met die byl gekom het nie. Al was hy sy lewe lank so slim en goed. En wanneer Katrijn haar ma se versoeke, gesoebat, mooipraat en gille om Albert se fiets terug te gee, ignoreer, aflag, wegvee soos wasem teen 'n ruit, verbeel sy haar dat Jacob háár aankyk – onverpoosd, onverbind – en die glimlag van iemand wat beter weet om sy mondhoëke speel.

Hilde stap verder. 'n Koel somerbries waai van die water af teen haar aan en sy stop om haar baadjie aan te trek. Die strate raak weer voller, dit is amper tyd om terug huis toe te gaan. Sy stel die omdraai uit. Sy sien nie kans vir die mense nie maar ook nie vir die mure, die leegheid, die klok in haar huis nie.

Miskien moet sy vir Katrijn bel en vra of sy die klok wil hê.

Sy gaan sit in 'n koffiehuis, bestel koffie. Die winkel is vol, maar net vol genoeg dat die stemming gaaf en warm is; daar is nie te veel mense nie. Die koffie ruik lekker. Die koeke staan aanloklik onder hul glasklokke maar sy maak of sy hulle nie sien nie. Sy neem 'n koerant op die tafel by die ingang, een wat sy nog nie vandag gelees het nie. Haar oë gly vlugtig oor die opskrifte van die artikels, hier-en-daar lees sy 'n paragraaf of twee. Sy stop by die kunsblad, lees 'n resensie van 'n konsert wat sy self 'n week vantevore bygewoon het, kort voor die fees begin het. Sy verskil van die opinie van die resensent, iemand met wie se menings sy gewoonlik saamstem. Sy kyk die res van die artikels deur, lees een oor 'n spesiale uitstalling by die Museum voor Schone Kunste. Dit lyk interessant: 'n tentoonstelling van Emile Claus se arbeiderskuns. Sy sal gaan; sy maak 'n nota in haar dagboek daarvan.

Sy sit terug in die stoel, wag vir haar koffie, maak haar oë vlugtig toe. Christus met die kruis oor sy skouer kom voor haar verby. Die kranksinnige oë en verwronge figure in Hiëronymus Bosch se skildery stap haar gesigsveld vol, sy dwing haar oë onmiddellik oop. Sy onthou dit, die gevoel van besetenheid. Sy onthou hoe dit voel wanneer daar niks oor is behalwe die leemte waar waansin so maklik kom sit nie. Hoe sy soms haar eie hare uit haar kop gepluk het, om nie die kinders s'n in haar woede by te kom nie. Hoe haar voet teen die houtvloer geklink het wanneer sy dit rasend stamp; hoe sy soms items teen die muur stukkend wou gooi. Dan iets anders gegryp en gegooi het wat sag was en nie sou breek nie. Hoe skaamte, ontsteltenis – kort na die uitbarsting – die plek van die woede gevul het. Hoe kwaad sy dan vir haarself was, dat sy so beheer kon verloor. Die slytende bekommernis oor wat sy aan haar kinders doen, hoe hulle haar oomblikke van raserny in hul bewussyn opsluit.

Soms het sy gegaan, met die kinders – altyd met die kinders – na die kunsmuseum, voor die skildery gaan staan, haarself gemaan dat dit is hoe sy lyk wanneer sy haar greep verloor: dit is wat hulle sien, dit is hoe haar gesig hul drome tot nagmerries verwing.

'n Kelner sit die koffie voor haar neer. Sy drink dit, so vinnig as wat die warm vloeistof haar toelaat. Die papiertjie onder in die koppie is nat waar die koffie gestort het. Die koffie kleur die papier bruin, soos sjokolade. Sy staan op, betaal, stap deur die strate wat nou weer vol is terug huis toe. Sy kyk nie om haar rond nie, voel nie die pols van die stad nie, ignoreer die opwindende wat dik om haar lê. Sy trek haar deur op knip, sluit die slot en bêre die sleutel op sy plek in die laai, soos elke ander aand.

Sy haal die bestanddele vir haar aandete uit die yskas: 'n pakkie witlof, 'n driehoek parmesaan, twee knoffelhuisies, 'n bottel olywe. Olyfolie haal sy uit die kas, sout en peper ook. Sy maak die witlof skoon, sny die stingel verder terug, trek die buitenste, effens verlepte blare waarvan die punte al bruin is, af, en gooi dit in die drom. Sy haal haar sjefsmes uit die laai, sny die groente in helftes sodat die halwe kelke op die houtbord voor haar lê. Sy sny haar vinger raak. Sy is nie eers verbaas nie. 'n Smeersel rooi bloed kleef aan een van die wit punte van die loof.

Mamma, eina, jy bloei! Albert skree, maar sy weet nie of dit is omdat Katrijn hom geklap het of omdat sy haar vinger amper middeldeur gesny het en haar bloed op die kombuisvloer drup nie. Hy skree so dat die hoë, deurdringende klank van sy stem in haar ore vassteek en sy net Katrijn se lippe sien beweeg, haar oë met tranes sien vul, haar mond in werklike verdriet sien vertrek. Sy gryp 'n vuil, onwelriekende kombuislap uit die opwasbak, draai dit om haar wond. Sy gaan sit met haar rug teen die stoof, neem 'n kind in albei arms. Al drie van hulle huil, sy weet nie wie die hardste nie. Hulle sit so tot sy beter voel en die bloed deur die lappie sypel, 'n donkerrooi kol op die geruite materiaal. Kom, kom ons gaan plak 'n pleister op. Hulle staan op, stap al drie badkamer toe. Jammer mamma. Wat sê jy Katrijn? Jammer dat ek en Albert so baklei het dat jy jou gesny het en seergekry het en nou is jou vinger middeldeur. Katrijn begin weer huil. Sy gaan sit op haar hurke voor die kind. Dit was 'n ongeluk, Katrijntjie. Dit was nie aspris nie, ongelukke gebeur. Ja maar jy het gesê as ons so baklei kan jy nie dink nie en toe baklei ons weer en toe kan jy nie dink nie en toe sny jy jou vinger af. Albert snik ook mompelend 'n verskoning. Sy wil self weer huil, maar sy ruk haar reg. Plak die pleister op die wond, stap terug kombuis toe. Paai die kinders terwyl haar vinger kloppend en warm binne die pleister bloei.

Hierdie keer is dit darem nie so erg nie. Sy kry 'n pleister in die laai, plak die sny toe en werk verder. Die swang van die fees swymel deur die mure. Sy het die gordyne toegetrek maar dit kom steeds, in vlae, soos wanneer die wind sterk waai. Sy sit Piaf in die CD-speler, skink 'n glas chardonnay. Sy drink die eerste, vars sluk van die wyn terwyl die rasperstem en fliëkmusiek haar gemoed paai, die binnekant van haar huis spatsels warmte gee. Dan drink sy die tweede, lekkerste sluk. Sy rangskik die halwe gedeeltes van die witlof – oopgesnyde tulpe – in 'n keramiekbak, sprinkel sout en swartpeper, knoffel, gekapte olywe en parmesaan in die holtes tussen die blare. Sy vryf met haar vingers en die palms van haar hande olyfolie om die kante van die witlof, sprinkel nog van die olie oor die bokant waar die ander bestanddele tussen die blare lê. Sy druk die bak in die warm oond.

Sy draai die klank van die musiekspeler op, teug aan haar wyn. Sy dek die beukehouttafel met wit linne en 'n wit bord, nog 'n glas vir as sy later lus raak vir rooi, 'n silwer vurk en mes. Sy onderdruk die impuls om rooi lipstiffie aan haar lippe te smeer. Die aroma van die knoffel en die kaas vul die huis, of in elk geval die verdieping waar sy kook. Sy breek Michiel se brood in stukke, sit dit op die tafel langs haar bord, by die watervlek.

Die kos is reg. Sy haal dit uit die oond, brand bietjie die agterkant van haar hand teen die vuurwarm rooster, bedien haarself. Sy gaan sit aan die kop van die tafel, strek haar arms reguit na weerskante, vat die tafelblad in albei haar hande vas. Sy sluit haar oë.

Gee dis myne. Issie dis myne. Myne. Myne. Dis myne. Katrijn gee die ding vir Albert dat ons kan eet. Nee! Dis myne. Albert stamp sy waterglas om. Hy gryp na Katrijn se pop. Nee! Los! Myne! Sy spring op en kry 'n lap in die kombuis, vee verbete na die water wat oor die nuwe tafelblad loop. Hoekom sy gedink het hulle kan hier by die tafel eet. Nie in die kombuis nie maar beskaafd by die nuwe tafel sit en gesels en eet. Sy lig die glas wyn na haar mond, sluk twee slukke vinnig weg. Gee! Eet julle kos. Gee. Myne! Los my uit! Albert, Katrijn (nog 'n sluk wyn) eet julle kos asseblief. Nee! Ek hou nie van vis nie. Ek hou nie van witlof nie. Ek haat ertjies. Sy sluk. EET JULLE KOS. Waar's pappa? Jy skree net altyd op ons. PAPPA IS ALWEER NIE HIER NIE. EET. Katrijn keer haar bord kos op die blinkgevryfde tafel om, gryp haar pop by Albert, storm kamer toe. Ek hou nie meer van jou nie, roep sy uit haar kamer. Albert skree oor die pop. Sy sit, kyk met wye oë na die kos in haar bord. Sy drink.

Hilde bring stadig die kristalglas na haar mond toe, proe die wyn koud op haar tong, onthou die dae toe sy wyn wanhopig in haar keel afgegooi het eerder as om dit te proe. Sy neem haar mes en vurk, buig oor die bord voor haar. Die witlof ruik heerlik. Sy asem dit in voor sy begin eet. Sy neem 'n hap, doop 'n stukkie baguette in die sous, kou stadig. Sy drink nog 'n sluk wyn. Sy sit terug in haar stoel, die kristalglas in haar hand.

Piaf het opgehou sing. Die malle fees speel agter haar mure. Die staanklok tik op 'n ander vloer. Die telefoon lui nie. Die kat is lankal dood. Hier binne is dit stil.

Stil soos die graf.

## Het begin

PETER sit by die tafel en kyk na Milena wat op die chaise longue voor die oop venster lê, haar arms uitgestrek oor die kante van die bank en haar kop agteroor. Haar swart hare is 'n waterval tot op die grond, 'n bottel ink wat uitgeloop het. Sy slaap vas, vir die wêreld weg.

Chaise longue, gmpf, snork Peter. Hoe pretensieus kan 'n mens wees? Hy besef sy is 'n aktrise en pretensie kom miskien natuurlik vir haar. Maar fok weet, om te insist dat hy die ding die chaise longue noem – dis darem net een te veel. Sy ouma (self 'n ou tannie vol sights op haar dag) het ook 'n bankie gehad met so 'n rugkantjie waar daar eintlik 'n armleuning moet wees en hulle het dit sommer die divan genoem. Dit was klaar vir hom erg genoeg. Wat is fout met bank? Plein gewoon *bank*?

Chaise longue se voet. Hy herinner homself dat sy seker 'n goeie vyftien jaar ouer is as hy. Miskien wanneer hy sewe-en-dertig is, sal hy ook praat van chaise longues. Of *chaises longues*, seker. Gelukkig het hy nog nooit meer as een van die goed bymekaar gesien nie. “Sewe-en-dertig, no way,” sê hy hardop en lag asof vir sy eie grap. “Teen die rate wat jý lewe is jy teen daai tyd lankal vrek, ou pêl.”

Milena beweeg in haar slaap. Sy maak haar oë oop, kyk in hom vas met haar groot swart kykers en draai op haar sy met haar gesig na die venster. En haar rug na hom. Sy slaap verder. 'n Bries waai by die venster in en streel die hare wat nou soos 'n dik swart web oor haar gesig en om haar skouers lê.

Hy sug. Wat 'n gemors. Hy is seker sy pa het 'n momentary lapse of reason gehad toe hy hom vir rehab hiernatoe toe gestuur het. Wie stuur jou kind Amsterdam toe om van drugs af wêg te kom? Watter groot grap is dít? Ja-ja, ou watsenaam sy pa se groot psigiatervriend in wie se gat hy nou al die laaste tien jaar lank opgekrui is, het gesê dis die beste rehabilitasiesentrum in Europa. Maar fok, ou – wat as jy uitkom? Wat as die staaldeure agter jou toeslaan en jy in die strate van Amsterdam is en jy nie net dope nie maar acid, smack, blow, beans in die strate kan rúik? As jy in 'n ander ou se oë die coke kan sien, die crack kan hoor? As jy wéét hoe die arms van elke tweede mens onder hul langmouhemde lyk, as jy die slap stap kén, die terugkyk oor die skouer eien as jou eie? Wat dán, jou simpel slim sogenaamd simpatieke dokter wat nie verder as jou eie chaise longue kan dink nie? Hoe help Amsterdam jou dán?

Anyway, hier is hy nou: in 'n posh flat in 'n posh buurt met 'n gorgeous girl uitgestrek op 'n bank. Eintlik kan hy sy luck nie glo nie. Sy one night stand van drie aande terug lê voor die venster uitgepass en haar stuff staan hier voor hom op die

tafel. Haar pille, haar poeier, haar naalde; die bottel wyn wat hulle saam uitgedrink het. Die laaste brood en kaas.

Hy staan van die tafel af op en stap oor na die venster langs die een waar Milena slaap. Die boogvensters van die apartment wat aan Milena se ryk man behoort, maak halfmane na buite en die glas strek tot op die woonstel se vloer. Peter gooi die ander venster ook oop. Onder hom lê 'n stillerige straat met 'n grag in die middel daarvan. Fietse staan in bondels teen die traliewerk om die grag. Aan die oorkant van die pad en die grag weerkaats die gebou waarin hy is in 'n ander, eenderse een. Bruin fasade, wit geverfde rame, 'n spits geweltjie. Trappies na die voordeur. Lanings van hierdie huise omlyn Amsterdam se strate, kilometers gragte loop deur die middel daarvan. Die lug is skemergrys; somersoggende kom vroeg hier.

Hy draai terug na die tafel en Milena se drugs. Waar kom hy aan die vrou, wonder hy. Foto's van haar en haar man versier die mure van die woonstel. Hy stap na die mees prominente een, een wat hy al 'n paar maal die laaste drie dae bekyk het. Milena is opgemaak – hare gedoen, gesig geverf, vet wit pèrels om haar nek en swart fluweel of 'n ander duur stof aan haar lyf. Hulle sit (die foto is geposeer) op 'n klein antieke rusbankie – daar is waarskynlik 'n term voor soos chaise longue, maar Peter weet nie wat dit is nie. Hy – Milena se man, wat sy naam ookal is, sy het al van hom gepraat maar sy noem nooit sy naam nie – lyk oud en ryk. Hy moet ryk wees – dit spreek uit die liefdesnes waarin Peter hom tans bevind – en dat hy oud is, verbaas Peter ook glad nie. Nie dat hy oud en oor die muur lyk nie, allermins; die man het 'n ysterkuif wat skrik vir niks en sy gesig lyk of hy al 'n paar face lifts weg het. Hy hou sy arm besitlik om Milena – nog iets wat hy bekom het. Hy lyk seker van homself; 'n man met mag. Milena straal vir die kamera, kyk aanloklik vanuit haar man se arms na die lens, maar nie verleidelik nie. Daar is 'n verskil: Dinsdagaand was sy verleidelik, hierdie vrou in die foto ken haar plek. Die agtergrond van die foto is volkome wit. Hulle sit soos vasgeplakte modelle daarop.

Uit die dak hang 'n antieke kandelaar. Die meubels in die woonstel is oorgetrek met wit en roomkleurige linne, die los matte op die witgeverfde plankvloere dik en welig onder sy kaal voete. In die kombuis blink toebehore van vlekvrystaal. Sy het goeie smaak, dis duidelik, sy ouma sou beïndruk gewees het met hom. En sy, of haar man, het geld – dis ook duidelik; hy wonder hoe sy ouma dááror sou voel.

Dit was in 'n club, onthou hy, drie aande terug; hy het nie gedink hy sal die volgende oggend nog hier wees nie, en hier is hy steeds, drie dae later. Die club op Rembrandtplein. Hy wou nie juis ingaan nie; hy probeer clubs en pubs en ander

naggate waar hy weet sy lus van voor af sal opvlam, op hierdie stadium nog vermy. Hy wou wegbly van die salige gesig van iemand wat pas sy line gedoen het, hy wou homself die jaloesie spaar. Hy het eers op die paaltjies voor Smokey's gesit en kyk vir die mense wat koffie en bier drink en pool speel – dit was eintlik nog vroeg – en daar was nie 'n tou by die club, soos gewoonlik nie. Hy het gedink die musiek en die mense om hom sal lekker wees, sy drugloosheid ten spyt. Hy het van die paaltjie af opgespring en hande in die sakke oor die plein gestap. Die bouncer het hom uitgecheck; mense het al vir Peter gesê hy het 'n moer-my-gesig.

Die chill room se shocking pienk fluweelpoufs was net so gevlek soos al die ander, die glasblaaie van die tafeltjies net so vol chips. Lywe het reeds slap op die nou dansvloertjie gehang; die musiek pumping en hard. Dit was donker, wasemrig; hy kon die ingepompte suurstof rúik deur die parfuim en die rook aan die mense se klere en tussen hul warm asemes vol seks.

Hy weet nie wat hom hier hou nie, hy bly gewoonlik nie so lank nie. Die mallerige vrou, die luuksheid van haar apartement na die rehab, haar stuff wat sy so rond en bont laat lê. Die snowball op die tafel, haar E-tablette en slaappille. Hy hou nog, hy't nog nie geval nie. Dis vir hom lekker om uit te hou. Om nee te sê. Hy kan nie onthou hoe lank gelede hy dit kon regkry om nee te sê nie. Na die maande in die rehab is die alkohol, koffie, sigarette nog genoeg. Die wit mure, wit beddens flits voor sy oë verby. Harde personeel, sy ma se rug soos sy loop. Die sessies met die dokter, die naarheid, slapeloosheid, koors, koue. Hy ril.

Peter vat sy beursie en die sleutels van die woonstel en maak die deur agter hom toe. Hy stap teen die wenteltrap af, sy linkerhand op die gepoleerde houtreling. Hy hou die gegote ysterdetail van die balustrade dop soos hy loop; kringe yster wat inmekaar in draai, 'n blaartjie hier en daar. Dis mooi gedoen; outentiek en goed versorg. Die trap eindig in 'n voorportaal met 'n vloer soos 'n skaakbord. Marmer, het sy die eerste aand vir hom gesê.

Hy ken die slaap wat Milena slaap, sy sal nie binnekort wakker word nie. Uppers en dan downers – sy's uit. Hy't haar gewaarsku, maar sy weet wat sy doen.

Hy maak die deur onder op straatvlak agter hom toe. Dit raak ligter en ligter. Dis stil buite, die water roer nie, nou en dan swiesj iemand op 'n fiets verby. Hy stap nêrens heen nie, soek koffie en sigarette maar nie 'n bestemming nie. Hy vind 'n oop café, koop 'n pakkie sigarette en aan die oorkant van die pad 'n koppie take away koffie. Hy is nie lus om te sit nie, stap verder met die koffie in sy een hand en sy sigaret in die ander. Hy draai sonder dat hy so besluit het by 'n plein in. Ou huise

omring die plein, in die middel is 'n binnehof bedek met gras en 'n wit standbeeld. 'n Bankie. Hy gaan sit op die bankie. In die hoek van die plein staan 'n ou houthuis. A, dink hy, Het Begijnhof. Hy het daarvoor gelees terwyl hy verveeld sy tyd in rehab verwyd het.

Hy word bewus van iets langs hom, iemand. 'n Man kom sit op die bankie by hom. Hy ruik sleg, na klere vol ou rook en urine. Peter probeer van die vreemdeling wegskuif maar hy sit reeds aan die punt van die bank.

“Môre,” sê die man. Peter kyk nie na hom nie maar hy sien uit die hoek van sy oog die man se swart klere en die silwer ringe aan sy vingers. 'n Swart hoed is laag oor sy voorkop getrek. Hy knik. Hy wil nie met die man praat nie.

“Cocaine? E?” Die man se stem is te hoog, amper soos 'n seun s'n. Temerig, yl. Peter is nie seker of die man dit van hom wil hê of dit vir hom aangebied nie, maar hy skud sy kop.

“Goeie cut,” sê die man. “Geen suiker en shit nie. The real thing.” Hy haal 'n plastieksakkie wit poeier uit sy sak, hou dit in sy hande tussen sy knieë vas. Sy naels is kort gekou en vuil. Die vel om sy hande span wit en styf, daar is seerplekke op die bokant van sy linkerhand wat lyk of hulle nooit gesond gaan word nie. Die man leun nader aan Peter, kom jok in sy oor. “Goeie prys, vir jou, so vroeg in die oggend op Het Begijnhof, ek en jy.” Sy asem stink. Peter gril, staan op, loop weg. Die man kom agterna.

“Los my.” Peter kyk vir die eerste keer in die man se oë – sy pupille is wyd en daar is bloed aan die holtes van sy neus. Sy hare hang vuil en verlep onder sy hoed uit. Hy lek oor sy lippe.

“Komaan, dis goeie goed. Ek kan sien jy wil.”

Peter draai om en loop verder. Hy weet sulke mense het meer deursettingsvermoë as wat die wêreld hulle krediet voor gee. Hy wonder hoe hy hom gaan afskud. Hy hou hom uit die hoek van sy oog dop wanneer hy om 'n draai stap; wil hom nie die kick gee om te sien dat hy wat Peter is hom uitcheck nie. Veral nie dat hy hom ongemaklik maak nie. Hy stap een maal om die plein; die man kom agterna. Sy sleepsels loop om die park saam met Peter. Peter gril; die man gee hom die creeps. Hulle altwee rook soos hulle loop – Peter 'n sigaret maar hy kan nie help om te wonder wat die ander man se fix is nie. Hy verbeel hom hy ruik die soet reuk van Nederwiet, maar hy het dit dalk heeltemal mis.

Hy wonder of die loser hom die kapel in sal volg, besluit dan dat ook hy nie kans sien vir 'n kerk nie. Hy verlaat die gewydheid van die beskutte begijnhof en stap uit in

die rigting van Kalverstraat se winkels en kafees. “Een gezellig dagje uit in de Kalverstraat” kom van êrens af in sy kop. Gmpf. Gesellig inderdeed.

Die man kom. Hy hou sy rooi oë op Peter; dit freak hom heeltemal uit. Hoe weet die man? dink hy. Hoe weet hy van Peter se binneste wat die pakkie poeier crave, sy mond wat die bitter smaak proe, sy brein wat skree om geblaas te word? Hy druk sy hande in sy sakke en haas hom voor die man weg. Hy glip by ’n nou steeg in. ’n Café maak sy deure op die sypaadjie oop, twee mense is besig om tafels en stoele in die straat uit te dra. Hulle chat kliphard met mekaar; hy hoor die tongval van die Nederlands maar verstaan dit nie. Hy loop ’n sirkel, wil graag weer in die binneplein gaan sit waar hy rustig was voor die man gekom het om sy oggend te spoil. Hy wil die man nie weer sien nie. Hy wil hom nie hoor nie, nie ruik nie.

Hy kyk oor sy skouer, die man is nog daar. Sy nou ogies hou hom dop, op die uitkyk vir ’n oomblik van kwesbaarheid. Soek die seer plek. “Fok jou!” skree Peter, draai terug vorentoe, stap vervaard voort. Hy draai weer om. Soos hy verwag het, kom die man nog agterna. “Poephol,” skree Peter. Die man grinnik. Hy duck agter ’n staande kar in, asof hulle kinders is wat wegkruipertjie speel.

Peter weet hy het die man nie afgeskud nie; hy volg hom steeds maar ten minste het hy hom nou uit die oog verloor. Hulle werk so, die dealers. Hy ken Peter se twyfel, hy’t sy behepthed geruik, sy weifeling gesien; sy vulnerability. Hy sal weer kom. Peter weet net nie of hy reg is vir hom nie.

Peter stap draaie deur die stad, heen en weer oor strate en gragte; die water en die mense sluimerend. Die stad begin wakker word, hier en daar klap ’n voordeur agter iemand toe. Maar die meeste vensters se gordyne is nog dig. Hy vat ’n fiets wat teen ’n traliereling langs die pad teen ’n grag staan en ry ’n ent daarmee. Hy wil uit die stad uit ry, weg. Ry dat die huise en gragte en die rivier en druggies en drug dealers en die rehab ver agter hom lê; ry dat die plat aarde strepe onder hom maak, die geklop van sy hart in die wiele uitspin, sweet sout teen sy warm gesig afloop. Ry dat die man se rooi oë stippels word en in die niet verdwyn. Maar hy draai terug na waar hy die fiets gekry het en laat dit weer val teen die tralies waar dit was, teen die ander fietse – ’n nes van bikes teen die swart yster langs die grag. ’n Kat skarrel agter die dik wiele van die fietse uit, glip plat oor die keisteenoppervlak van die sypaadjie, vind ’n gap in die tralies en spring teen die helling af ondertoe. Hy sien die dier langs die stil water verby skuur.

Hy het intussen die man afgeskud. Hy sien nie die swart hoed nie, voel nie die starende oë in sy rug of êrens anders op sy lyf brand nie. Seker gequit, die fokker,

dink hy. Hy kyk om hom rond. Hy was so bewus van die man dat hy track verloor het van waar hy is. Shit, dink hy, hy's amper by die club. Miskien nie die grootste plek as 'n mens nié jou dag met 'n fix wil begin nie. Op die plein voor die club is 'n roaring trade gewoonlik vroeg soggens aan die gang. Hy gaan staan, oorweeg dit om maar om te draai, terug woonstel toe.

Dan tik iemand op sy skouer. Hy spring hoog soos hy skrik. Hy verwag nie om iemand hier te ken nie. "Mother fu..." roep hy. Hy verwag slegs die rooi-oogman. Voor hom staan Jeroen, vars uit rehab, nes hy. Jeroen se oë blink. Sy bravade staan die sypaadjie vol. Aan sy voete is swart stewels, in sy neus 'n ring. Hy leun met sy dik voorarm teen die bruin muur van 'n woonstelblok. Sy blonde kuif is vuil skerwe op sy voorkop.

"Hei, ou, jy lyk of jy 'n spook gesien het?" Jeroen lag.

"Ek het," sê Peter. "n Spook met 'n swart hoed." Peter bestendig homself. Hy leun ook teen die muur. Sy knieë voel sag. Hy het groot geskrik. "Howzit?" vra hy dan.

"Cool. Wanneer het jy uitgekom?"

"Vier dae. Jy?"

"Twee weke. Ek sien jy kom soek reeds 'n lyn?" Jeroen glimlag betekenisvol.

Peter grinnik terug. "Nee, ek stap maar net hier rond." Hy wonder wat Jeroen hier maak, net so vroeg en alleen soos hy. "En jy?"

"En ek wat?"

"Is jy skoon?"

"Hei, ou, jy's nie my fokken sponsor nie."

"Sorry man, net gewonder." Peter kyk oor Jeroen se skouer, nog steeds koud na sy skrik, nog steeds nie seker dat die man met die hoed heeltemal weg is nie.

"En jy?" vra Jeroen. Jeroen probeer 'n stuk van die kuif agter sy oor in druk, maar die hare glip terug oor sy oog. 'n Venster 'n verdieping boontoe gaan oop. Peter kyk op en sien die grys gesig van 'n middeljarige vrou. Sy gooi die punte van haar gordyne oor die vensterbank.

"Ek wat?" Peter speel Jeroen se speletjie terug.

"Wat's jy so jittery? Is jy op iets?"

"Nee, maar dit jaag my. 'n Dealer tag my en ek is so gatvol ek koop sommer iets by hom net om hom van my case af te kry."

"Sien niemand nie." Jeroen kyk rond. "Ek ken meeste van die dealers hier rond. Ek werk al hierdie strate vir baie jare, my ou."

“Hy wás hier. Volg my al van sewe-uur vanoggend af. Klein swart hoedjie op sy kop. Hy sê sy cut is goed.”

“Niemand dra meer swart hoedjies nie, ou!”

“Stuff jou, man. Ek weet wat ek weet.”

Jeroen haal ’n daggazol uit sy sak en steek dit aan. Hy trek diep, haal die stukkies gras uit sy mond wanneer hy die zol na Peter uithou. Die soet reuk oorval hom. Hy draai sy kop weg om nie die trek te vat wat Jeroen hom aanbied nie.

“Komaan man,” sê Jeroen. “Ek kan sien jy soek dit. Dis net dope, dis nie eers onwettig nie.”

“No thanks. Ek moet gaan. Check jou weer.”

“Nes jy wil, Sint Peter! Ciao.”

Jeroen verdwyn. Dit was amper. Dit was so amper soos ’n sigaret. As Jeroen nie so vol kak was oor die man met die swart hoed nie, het hy die zol gerook. Sint Peter. As sy pa dit maar kon hoor.

Meer deure gaan oop, vensters ook; fietse begin maal deur die strate. Peter is nie meer alleen op die stil sypaadjies nie, mense vergesel hom nou, almal op ’n mission om êrens uit te kom. Almal behalwe hy. Hy light ’n sigaret. Hy trek diep, maar die sigaretrook kom nie tot by die verste hoekies van sy lyf waar die verlange na iets meer met klein vingertjies gryp en krap aan sy guts nie. Hy stap in die rigting vanwaar hy vroeër die oggend gekom het. Sy keel kriewel, hy hoes. Hy moet op pad wees na ’n bestemming. Weer ’n café, dink hy. Maybe is hy honger. Miskien kan hy tog iets eet.

Hy stap teen ’n grag af. Aan die oorkant van die pad is ’n restaurant met tafels op die sypaadjie. Amper nes die een wat hy vroeër die oggend in die steeg raakgesien het. Hy wag by die straat vir ’n ry fietse om verby te kom. Sy oë volg hulle een vir een soos hulle verbyry – ’n ent weg, en dan terug. Heen, en terug, flits sy oë. Volgende fiets, tot hy verby is. “Fokken health freaks,” sê Peter onder sy asem deur.

By die café is ’n kelner besig om tafels te dek, die tafeldoeke netjies te trek. Peter stap oor die straat, gaan by die kafee in. Hy sit by ’n tafel in die hoek by ’n venster, hou die kelner en die mense wat met fietse in die straat verbyry – op pad werk toe, skool toe, museum toe, park toe – knorrig dop. Dit irriteer hom om hulle te sien – die perfekte ma’s en perfekte kindertjies, suitcasies op die rug, laptopsakke oor die skouer; die toeriste met sokkies onder hul Birkenstocks, Eye Witness-guides in die hand. Hy wil hulle eintlik glad nie sien nie.

Die kelner kom staan langs sy tafel om sy bestelling te neem. Hy fokus op die kelner se swart strikdas. Hy is nie lus om na die menu te kyk nie. Sy kop klop. Sy

vingers trommel op die tafelblad. Wat hy eintlik wil order is 'n bordjie vol pille, 'n koppie Coke, 'n skoon spuitnaald.

“n Uitsmijter,” sê hy maar. Dit is al waaraan hy kan dink wat 'n mens actually kan eet.

Hy sit en vroetel, tel die peperpot op, sit dit neer. Gooi sout in sy hand uit en lek dit op. Hy neem die koerant van die stok teen die muur, om iets met sy hande te doen. Nuusberigte flits oor die blaaie voor hom. Die bladsye bewe tussen sy vingers. Hy lees iets hier en daar. Sy kos kom.

Hy begin aan die broodjie eet, kyk weer deur die venster terwyl hy oopmond, vinnig, kou. Die man se swart hoed sien hy eerste. Hy staan tussen die mense wat buite op die sypaadjie sit. Hulle eet en drink, gesels; hy staan. En check vir Peter uit. Die hoed sit soos 'n swart kraai tussen die leë koppe van die ander klante en hul gekleurde klere. Dan kom die rooi oë, die vuil naels op die hande wat net buite die venster vir hom waai. Die mond grynslag donker teen die wit gesig, die lippe spel “ek's terug” terwyl die oë gloei soos 'n duiwel s'n. Peter stik in die brood. Hy staar na die man se gesig. “Gaan weg,” skree hy. “Ek het gesê los my uit!”

Die kelner kom vinnig nader. Ander klante loer gesteurd, verleë na hom. Iemand by die tafel langs Peter s'n skuif 'n paar tafels verder weg.

“Asseblief, Meneer,” sê die kelner. “Is daar iets fout?”

Peter roer ongemaklik in sy stoel. “Nee... Ek is... Jammer,” prewel hy, loer na buite. Die man is weg. Peter stoot sy kos eenkant toe, kry sy beursie uit, tel Euros op die tafelblad uit. Sy hande bewe. Die geld glip deur sy vingers. Hy kyk op. Die man se geel tande is weer net buite die venster, tussen die plakkate oor konserte en teaterstukke wat aan die binnekant van die venster met Prestik in die hoekies vasgeplak is. Die meeste van hulle se datums is al verby. Die man glimlag dat die rooi oë klein skrefies word.

“Fok jou!” skree Peter. “Fok jou!” Hy spring op. Die kelner is vinnig by, neem hom aan die arm.

“Meneer,” sê hy dringend, “asseblief. U pla die ander klante.” Die mense in die restaurant draai vies na Peter, kyk hom nou ontevrede aan – die verleentheid van vroeër het plek gemaak vir afkeur. Amsterdammers mag gewoon wees aan alles; dit beteken nie hulle laat toe dat 'n episode met hul ontbyt inmeng nie.

Die kelner begelei Peter by die restaurant uit. Peter beduie na die geld op die tafel. “Dis reg so,” sê die kelner. “Miskien moet u maar sorg dat u by die huis kom.”

Huis? My huis? Ek het nie 'n huis nie. Vier mure met 'n ander man se vrou in wat haar roes lê en afslaap, dis wat ek het. 'n Ander man: sy vrou en huis. Haar roes wat sy afslaap. Háár drugs wat sy uitslaap, haar hangover. Waar is myne? Waar is ek? My huis? – kilometers ver in 'n ander land; dis lankal nie meer my huis nie. Dis ver, dis weg. Dis iemand anders se huis – my suster, my ouers s'n. Nie myne nie. Ek kan nie soontoe teruggaan nie. Nie na Milena nie; nie na my ouerhuis nie. Wat is myne? Daar is nêrens nie. Niks.

Die man met die hoed is eers weer weg.

Het Begijnhof. Dit is seker, amper, 'n goeie begin. Die kelner stamp die deur beslis agter hom toe. Die mense op die sypaadjie kyk. Peter slinger teen die sypaadjie af, in die rigting van Het Begijnhof. Hy druk sy hande in sy sakke. Hy voel oud. Verlore en oud. Soos 'n homeless boemelaar, bedelend om kos; iets om hom aan die gang te hou. Bedelend om verdoof te word. Begging en craving, dink hy. 'n Bedelaar en 'n gulsigaard. Dis 'n goeie titel vir 'n storie – sy storie: “Die Bedelaar en die Gulsigaard”. In sy geval, altwee in een. “Die Swymelaar” sal ook kan werk. Not waving but drowning, dink hy wrang; waar kom dit dan nou weer vandaan?

Hy steek 'n grag oor; die bruggie koepel oor die water. Daar is ander mense; 'n kind staan en klippe gooi in die kanaal. Hy gesels land en sand met sy ma soos hy gooi. Die ma praat op haar foon.

Peter stap die ingang van die Begijnhof binne. Dit is stil. Hy gaan sit op dieselfde bankie in die binneplein. Hy kyk na die huise rondom hom, die kapel. Wie bly hier, in hierdie plek waar alles oud is – die geboue, die standbeeld, die houthuis, die ou vroue wat om en om die plein wandel? Hy sien nie mans nie, net die vroue, vroom soos kinders. Duiwe maal in die lug, stryk neer op die gras aan sy voete, hoop seker vir 'n krummel wanneer hy netnou van die bank af sal opstaan.

Hy dink aan Jeroen. Hy wonder of dit net dope is wat Jeroen rook. Hy beny hom sy stuff. Hy beny hom sy guts. Hy wens hy kon die swarthaedman nader roep (hy is seker hy is maar hier) en iets by hom koop. Milena se stuff gaan rook. Milena se stuff gaan klaar rook en uitpass op haar vloer. Op die kussing langs die venster, onder die waaiende gordyn. Hy raak bang. Hy sien verwerping om hom, sien hartseer, harde woorde. Hy sien sy ma se pleitende stem en hoor die trane in haar oë. Hy voel die strak gesig van die suster en ruik haar hoë stem. Hy onthou haar gegrimde meedoënlose blou oë oor die tydskrif in sy hand. Hy hoor die tralies verder af in die gang. Hy ruik medisyne. Hy voel die pap kos in sy mond. Hy sluk swaar aan die glas louwater. Die dokter se lae stem prik sy vel. Hy kyk af na sy jong hande. Wil hy sulke

hande soos die man van vanoggend hê; weer die ongesonde sere, die warm vel en die blou binne-arms?

Hy haal sy pen en die boekie met die swart omslag uit sy sak. Hy hou dit tussen sy knieë vas, met albei hande. Hy suig die pen, maak die omslag oop. Hy wens hy kon iets skryf. Hy weet dit sal hom help.

Maar dan is hy daar, die man. Hy sit langs hom. Hy praat met hom. Peter hoor hom nie, sien net die dun gebarste lippe beweeg. 'n Straaltjie bloed loop by die man se neus uit, sy mond in.

Peter staan op en hardloop. Hy hardloop by Het Begijnhof uit die straat in. Hy hardloop langs die grag af, kyk telkens oor sy skouer. Dis moeiliker om hom te sien; die strate is vol. Nou en dan kom die swart hoedjie oor die koppe van mense aangespring. Nou en dan hoor hy die man roep. Hy stamp mense uit sy pad uit, beland amper voor 'n fiets. Dan is hy by Milena se deur. Hy kyk rond, wil nie hê die man moet sien waar hy bly nie, wil om die dood nie hê dat hy hom hier ook moet pes nie. Hy sien nie die swart hoed nie, sien net die koppe van ander mense en die deur. Hy hoor sy asem fluit deur sy neus.

Hy sluit die deur op die straat oop. Hy hardloop die trappe na Milena se woonstel twee-twee op, sy treë daver op die hout. Hy sluit die voordeur oop en maak dit weer goed agter hom toe. Hy sit die sleutels op die tafel neer. Hy stap terug deur toe, maak seker dis gesluit. Stilte sak oor sy skouers. Die koel wit woonstel maak haar arms vir hom oop. Die gordyne beweeg ritmies – strelend – heen en weer. Daar is geen swart hoed nie. Milena slaap steeds. Sy het van die bankie afgerol en lê nou op die vloer voor die venster. Deur die venster roer die water. Haar hare waaier op die wit plankvloer.

Hy vat 'n pil op die tafel, sluk dit met die laaste druppel wyn in die bottel af. Hy trek sy skoene uit. Hy maak sy belt los, gaan toilet toe, los die gordel in die leë bad. Hy maak weer seker die voordeur is gesluit. Hy gooi sy hemp op 'n stoel. Hy lê langs haar op die vloer. Sy gesig is in haar hare.

Hy trek aan haar reuk soos aan 'n sigaret. Hy asem haar sterk, donker hare teen sy neusholtes vas en vang 'n sliert met sy tong. Hy suig dit. Hy kou dit. Hy maak sy oë toe, wens vir slaap. Sy roer. Hy sit sy arm oor haar middellyf, streel met die punte van sy vingers oor haar wang en oor haar skouer. As sy maar wil wakker word. As sy maar met hom wil wees. Miskien dan – saam met haar – miskien dan sal hy slaap.

Maar sy beweeg net; sy word nie wakker nie. Sy draai, draai haar rug op hom. Haar benerige skouer en die knoppe van haar ruggraat kyk hom hard en uitdagend aan. Die hare trek uit sy mond, val nat en pap op die vloer tussen hulle neer.

Hy staan op. Hy gaan sit op die stoel by die tafel. Hy skud 'n hopie van die wit poeier in die sakkie op 'n teelepel uit, haal sy lighter uit sy sak. Hy trek sy lighter, 'n vlam spring blou en geel uit die bek van die zippo. Hy hou dit onder die teelepel. Hy glimlag.

“Snap, crackle, pop.” Hy luister na die ou bekende gekraak van die crack wanneer die poeier smelt. Hy ruik die zippo fluid en asem solank die dampe diep sy longe in. Hy haal 'n skoon naald uit Milena se voorraad. Hy trek op. Die vloeistof vul die buis. Hy kry haar pers serp wat oor die stoel hang, bind dit om sy linkerarm. Hy trek die serp styf. Are bult in die waai van sy arm. “Long time no see,” sê hy.

Hy druk die naald leeg in die grootste van die are, ledig die buis tot die laaste druppel. Hy haal die serp af, gooi dit eenkant.

“I'm back baby,” sê hy vir die chaise longue.

## Aangekla

MANDISA vee haar voete aan die stukkende grasmatt voor die deur af. Sy sluit die voordeur oop en stap haar huis binne. Die deur kraak wanneer sy dit weer toemaak en sluit. Sy gaan sit op 'n omgekeerde krat in die gang, trek haar stewels uit. Sy vryf haar tone, oormekaar gedruk en seer. Sy stoot die stewels onder die krat in, waar sy weet sy hulle weer môre-oggend sal kry. Sy sit met haar rug teen die muur, skep asem voor sy kombuis toe gaan. Daar's alweer 'n nat kol teen die dak, sien sy, en sy ruik die muf uit die muur opslaan. Sy maak haar oë toe. Nog 'n dag, dink sy.

Mandisa se kleinseun kom uit die skemerte van die gang aangehop, 'n rooi bal by sy voete. "Gogo!" roep Lucas. Daar is gate in sy mond waar sy voortande moet wees, sy hemp se verslete moue hang ver oor sy hande. Haar dogter kom ook uit die kombuis, hou so skuins agter die kind wat voor Mandisa kom staan en sy arms om haar lyf gooi.

Mandisa sug. "Zandile," sê sy, "jy is terug." Al is sy spyt om hulle te sien, druk sy Lucas se lyfie styf vas, skuur sy haar lippe oor die haartjies op sy kop, ruik sy aan hom haar bloed en haarself. Sy dink aan die ander kind wat sy 'n uur of wat gelede op die tuinpaadjie van die groot huis in die stad gegroet het – ook haasbek, ook met 'n bal, maar in 'n ander taal. "Baai, Disi," het hy gesê, en sy arms om haar groot lyf gegooi – net soos wat hierdie een nou doen.

Mandisa maak haar van hom los, staan swaar op, dra die sak met die oorskietkos kombuis toe, af met die donker, nou gang. In die kombuis is daar helder lig, amper te helder – 'n kaal gloeilamp hang van die dak bo die tafel. Sy pak 'n halwe hoender en groente van die vorige dag uit Tupperwarehouers; sy moet onthou om die bakkies môre terug te vat werk toe. Sy maak die yskasdeur oop en bêre die kos. Hulle sal dit later eet. Op die gekrapte wit deur sit die magneet wat haar werkgewers na hul laaste reis oorsee vir haar saamgebring het. Die Statue of Liberty staan met haar wit arm omhoog. Aan haar voete lê twee rooi appels, die een met 'n N en die ander met 'n Y waar die stingel moet wees. Lucas het met 'n koki vir haar 'n snor geteken.

By die tafel staan Zandile en aartappels skil. Mandisa kyk of sy die groen moere ver genoeg uit die aartappelvleis sny. Sy het dit die vorige dag by die supermark gekoop – afgemerkt, maar selfs teen halfprys het sy meer daarvoor betaal as wat dit werd is. Zandile kyk nie vir haar nie, sy kyk net vir die aartappels en die messie in haar hand. Sy praat ook nie; Mandisa weet dis oor sy sleg voel, simpel voel oor haar ma alweer reg was. Want vanaand is Zandile en Lucas terug, net soos sy haar twee

weke gelede gewaarsku het. Zandile luister nooit nie. Kruip elke keer terug na daai man toe in Khayelitsha. Mandisa weet daar sal niks goeds van kom nie; hy is nie eers die kind se pa nie, gee niks geld nie, drink. Gelukkig het hy haar darem nie weer geslaan nie; dit is seker hoekom sy hier is, net betyds geloop. Mandisa staan agter Zandile, lig haar hand op om oor die gladde vlegseltjies te streel, wens sy kon haar kind in haar arms neem en haar troos, verduidelik dat sy net nie wil hê dinge moet vir Zandile uitwerk soos vir haar nie.

Maar sy doen dit nie. Sy bêre haar hand langs haar sy, waar dit hoort.

Sy stap op haar kaalvoete na die slaapkamer. Die vloer is koud, dit voel vuil. Sy moet vee, maar die bed wat sy vanaand met Zandile en Lucas sal deel, trek haar in. Sy gaan sit, haal die bril van haar gesig af, sit dit in sy huisie op die kassie langs die bed. Lucas kom gesels by haar. Hy vertel haar van die ander huis, van die hond wat dood is, van sy ma wat gehuil het op die trein. Sy wil dit nie weer hoor nie.

Sy staan op en stap terug kombuis toe. “Waar’s Toko, Mama?” vra Zandile. Sy gebruik die noemnaam waarmee sy van kleins af haar broer roep. Toko en Zoko, het hulle altyd in die strate geskree, die stof dik gekoek om hulle voete, die glimlagte breed op hulle vet, blink gesigte. Dit was jare, jare gelede.

“Themba is weg, Zandile. Weg Johannesburg toe. En hy’t Lindelwa hier gelos, sy’s nog by die skool. Sy kom net-nou saam met die buurvrou huis toe.”

“O.”

Mandisa maak tee, begin die tafel vir aandete dek. ’n Motor stop in die straat buite haar huis. “Daar is hulle seker nou.” Sy wonder hoekom die kar so vinnig stop, hoekom die remme so skree. Lucas hardloop in die gang af. Hy loer deur die venster. “Gogo!” roep hy. “Police!”

Mandisa gaan sit op ’n stoel langs die tafel, drink haar tee swart. Wat tog nou weer, wie’t alweer moeilikheid? En hoekom stop hulle buite haar huis? Daar is tog baie plek in die straat.

Iemand klop hard aan die voordeur. In twee sarsies. Sy skrik. Dit klink of hulle die deur gaan breek.

“Mandisa Sipholo!” roep ’n stem. “Mandisa Sipholo, is jy hier?”

Wat wil hulle met háár hê? Sy sluk aan die tee.

Lucas kom die gang afgehardloop en gaan sit by haar dik voete onder die tafel. Zandile stap na die voordeur en maak dit oop. “Ons soek Mandisa Sipholo van hierdie adres, is sy hier?” hoor Mandisa die harde stem.

“Ja, Meneer,” sê Zandile. Sy bring hulle deur die gang. Mandisa hoor die diep stemme nader kom; die een lag. Sy los die beker, staan beweerig op. Hulle kom die kombuis binne. Daar is ’n swart man en ’n wit man. Die swart man is groot en rond en die witte klein. Sy vel is lelik. Sy hare is borselkop geskeer. Hulle het altwee lang bootse en blou klere aan en sterre. Hulle staan haar hele kombuis vol.

“Dis ek,” sê sy, trek haar ronde lyf regop, vou haar hande onder haar borste saam. “Ek is Mandisa Sipholo.”

“My naam is sersant Mahlangu,” sê die groot swart man. “Hierdie is konstabel Veldman.” Hy wys na die wit outjie. “Jy moet saam met ons kom, Mevrou Sipholo,” sê hy. Die witte staan net rond, krap nou en dan tussen sy bene. “Jy moet môre in die hof wees, daar’s ’n saak teen jou.”

Sy gaan sit weer. Die stoel is skielik te ver onder haar en sy val die laaste entjie. Sy land hard op die houtblad van die stoel. Sy trap per ongeluk die kind se voet onder die tafel raak; hy roep uit, en huil. Sy vat-vat vir Lucas se hand, voel dit koud in hare glip.

“Ek, watse...? Waarvoor?” vra sy. Sy kyk die mans onbegrypend aan. Die swart een praat met haar, die witte probeer vir Lucas troos. Hy trek vir hom gesigte onder die tafel.

“Jy het nie verlede week by die hof opgedaag toe jy ’n getuie moes wees nie. Die landdros het jou aangekla,” sê die sersant. Sy selfoon bliiep twee maal; hy haal dit uit ’n sakkie aan sy belt, lees die boodskap terwyl hy praat. “Minagting,” sê hy. “Niks wat ons nou daaraan kan doen nie. Jy kan dit môre uitsorteer.” Hy haal ’n papier uit sy sak. “Hier’s die lasbrief.” Hy waai dit voor haar rond.

“Maar waarom het dit gegaan?” vra sy, haar stem ’n bietjie stewiger. Dit moet ’n fout wees. Sy sit regop.

“Jou TV, of iets. Die landdros raak baie kwaad as mense misdrywe aanmeld en dan nie eers opdaag as die saak voorkom nie.”

Mandisa kyk na Zandile. Zandile kyk weg, hou haar besig met die aartappelskille.

“Maar ek...”

“Mevrou Sipholo, jy kan saam met ons kom, of ons kan jou weg vat. Jou keuse. Ons moet nog terugry Bellville toe; dit raak al donker. Kom.”

Die sersant en die konstabel loop voor haar in die gang af, hul voetstappe ontoegeeflik en bot, die blink pistole so gewoon soos die selfone aan hul heupe. Sy stap agterna; Lucas en Zandile kom versigtig, soos bokkies, uit die kombuis uit die

gang af. Buite staan die bure en die straat se kinders die werf vol, koppe steek deur vensters en stemme klik vraend deur die drade tussen die huise.

Die wit konstabel hou die agterdeur van die vangwa vir haar oop. Sy staan verslae nader, besef dan dat sy kaalvoet is. “My skoene...”

“Ag Here tog,” mompel die sersant. “Kry haar skoene!” roep hy na Zandile. Sy hardloop die huis in en kom met die stewels terug: dieselfdes wat Mandisa onder die krat in die gang gelos het, wat te klein is vir haar. Zandile gee dit vir haar ma.

“Klim in, Mevrou. Jy kan dit binne aantrek,” sê die swart sersant.

Mandisa wonder hoekom hy die moeite doen om haar mevrou te noem. Sy maak haar rug reguit en klim in die vangwa asof dit enige ander kar is, haar stewels in haar hand. Die mense kyk haar aan. Dit is stil. My bril, dink sy, maar sy sê dit nie.

“Jy moet sit, mevrou” sê die kleintjie, toe sy gebukkend, skoene onder die arm, in die wa bly staan. “Jy moet sit, anders gaan jy val as hy ry.” Hy maak die deur toe.

Sy sit net betyds. Die voertuig trek weg dat die stof soos poeier oor Delft se mense se koppe uitsak. Zandile en Lucas staan alleen in die deur van die huis, sy arms om haar bene. Weeskinders, dink Mandisa. Sy kyk van hulle af na die vlekke op die vloer van die vangwa. Dit lyk soos ou bloed.

Dit voel of hulle vir altyd ry. Haar gedagtes spring rond soos die bakkie self wanneer dit slaggate en middelmanne tref. Waar gaan sy slaap, wat gaan sy in die hof sê. Deur die venster sien sy in die skemer reënwolke bo die stad opdam, sy voel die lang vingers van ’n koue nag aan haar nek en haar seer bene krap. Sy draai haar arms om haar lyf, sit vooroor met haar maag op haar knieë. Sy het nie eers ’n trui gebring nie.

Die konstabel hou weer die deur vir haar oop toe die voertuig eindelijk stop. Bellville Landdroshof, sien sy. Sy was al voorheen hier, maar net by die kantore van die maintenance. Die polisiemanne loop vooruit. By die security guard val die eerste druppels op die grys trappe van die hofgebou. Sy kyk terug, na die verkeer wat raserig deur Voortrekkerweg druk, die mense in uniform wat op die trappe staan en rook, die man in die swart jas wat bakbeen eenkant op iemand skree. Na die druppels wat soos vetkolle teen die vensters van die gebou kom sit.

Sy volg die konstabel en die sersant. Hulle lei haar deur die grou gange van die landdroskantoor. Hulle maak geselsies met mense langs die pad, vertel lelike grappe wat sy nie verstaan nie, maak beurte om toilet toe te gaan. Sy staan in haar skoene wat te klein is vir haar, haar hart is in haar keel. Die konstabel sê dat sy ook ’n draai moet loop. Hy wag buite die deur.

Uiteindelik wys hulle haar die kamer waar sy slaap. 'n Houtbankie staan in die een hoek, 'n emmer in die ander. Daar is 'n kraan bo die emmer. Die vloer is kaal en van sement. Teen die skilferende plafon brand 'n flou gloeilamp. Daar is geen vensters nie. Sy kyk die sersant aan, haar mond hang oop. "In, Mevrouw," sê hy.

"Wat moet ek hier doen?"

"Slaap." Hy stop haar 'n grys kombes in die hand.

Mandisa stap die kamer binne sodat hy haar nie in stoot nie. Sy gaan sit op die bankie. Hy trek die deur agter hom toe, sy hoor die sleutel in die slot. Sy is naer. So naer dat sy oor die emmer in die hoek gaan buk. Die emmer is darem skoon, sien sy. Sy word nie siek nie, staan net so oor die emmer terwyl haar maag draai en haar oë gewoon raak aan die swak lig. Sy drink water uit haar bakhand onder die kraan. Iets roer in die hoek agter die emmer. Sy kyk oor die rand. Dis 'n kakkerlak wat skarrelend uit 'n gat in die muur kom; dit kan ook iets anders wees. Sy is nie bang vir insekte nie. Vroeër die dag het sy 'n kakkerlak in die groot huis in die stad met Doom gespuit en met 'n skoen platgeslaan. Toe sy later daar kom om die dooie ding op te tel, was dit weg.

Die naarheid raak beter, maar haar voete pyn vreeslik. Sy gaan sit op die bankie, skil die stewels van haar voete af. Sy vryf haar tone. Sy sit terug teen die muur, haar hande op haar skoot gevou. Sy dwing haar gedagtes deur die plafon, uit die gebou, deur die strate van Bellville waar ligte flits en karre jaag en sterre ver in die donker hemel sit. Maar haar kop slaan teen haar kinders vas; teen Themba wie-weet-waar in Johannesburg, teen Zandile verlore hier reg onder haar oë. Aan Lucas en Lindelwa wil sy nie eers dink nie.

Êrens deur die nag moes sy geslaap het want sy skrik wakker van 'n sleutel in die deur. Sy is bly om wakker te wees, sy het gedroom van die kakkerlak wat oor haar gesig loop. Sy kon dit nie af kry nie. Die ding was glad soos seep; elke keer wat sy hom wou vat, het hy deur haar vingers geglip, en het sy haar gesig gekrap dat daar rooi streepmerke lê.

Die vrou in die deur hou 'n beker na haar toe uit. "Ek het melk en twee suikers ingegooi," sê sy. "Wil jy brekfis hê?"

Mandisa drink gewoonlik haar koffie bitter en swart maar sy neem die beker dankbaar by die vrou.

"Nee dankie," sê sy. Sy wil nie eet nie, kan nie. "Hoe laat is dit?"

"Sewe-uur. Die hof begin nege-uur. Hulle sal jou kwart voor kom haal." Die vrou lyk ongemaklik op haar hoë hakke. "Of het jy 'n lawyer?"

“Nee.”

“Wil jy een hê? Dan sal hulle jou saak moet uitstel.”

Sy skud haar kop.

“Sorry, ek moet weer hier toemaak.” Sy trek die deur toe, druk weer haar kop deur die skreef net voor die slot klik. “Good luck. Jy lyk nie soos ’n criminal nie.”

Mandisa knyp haar oë toe en bid die trane weg. Sy drink slukkies van die vaal, soet koffie. Sy spoel haar gesig by die kraan af en vryf haar hande onder die water saam. Die kakkerlak skoert onder die spatsels uit.

Sy probeer om nie aan die hof te dink nie. Die tyd kruip verby totdat die konstabel van die vorige dag, skoon geskeer en stink van die aftershave, die deur oopsluit en haar vrolik groet.

“Môre Mevrouw, lekker geslaap?”

Mandisa is nie seker of hy ’n grap maak nie. “Môre Meneer,” sê sy maar.

“Kom saam met my, die hof begin oor tien minute.”

Hulle stap deur die bleek gange en gaan die hofsaal binne. Die polisieman beduie dat Mandisa in die beskuldigdebank moet gaan sit. Ses ander beskuldigdes wag reeds daar. Sy wonder of hulle regtig misdadigers is, of net gewone mense soos sy. Al ses kyk na haar wanneer sy by die bank inskuif. Sy kyk nie terug nie.

“Staan in die hof!” roep ’n man met ’n swart jas. Die magistraat kom die hof binne. Sy dink dis die magistraat, hy gaan sit heel voor met sy gesig na hulle toe.

“Jy is sesde op die rol,” fluister die konstabel van agter af in haar oor. Sy weet nie wat dit beteken nie, maar sy knik.

Die aanklaer roep die eerste saak. ’n Man staan op, stap na die beskuldigdebank. Hy kyk af grond toe, lig nooit sy kop op nie. Hy moet sy naam sê, sweer om die waarheid te praat. Dan wil die aanklaer begin, maar die man sê hy soek ’n lawyer. Hy het nie geld vir een nie maar die staat moet vir hom een gee. Die landdros stel die saak uit.

So gaan dit aan. Hulle roep beskuldigdes na die getuiebank, stel sake uit, stuur mense tronk toe. Partykeer maak iemand appèl. Mandisa kyk versigtig rond. Om haar sien sy polisiemanne en -vroue, uniforms, swart jasse, familie. Mense wat huil, mense met vloekwoorde op hul gesigte. Die deur van die hof flap oop en toe soos mense kom en gaan. Die landdros tuur kwaai van die bank af en stuur elke nou-en-dan iemand uit sy hof, of so klink dit vir haar. Dit word teetyd, en hy verdwyn; sy mag in die hof bly sit maar party van die ander beskuldigdes word na die selle geneem. Teetyd

gaan verby, die landdros kom terug, strenger as tevore. Regdeur die oggend sit sy daar, hande geklem, en weet nie waarvoor sy wag nie.

Die konstabel kom kry haar toe die landdros die tweede keer uit die hof uit stap. “Jy’s op na die lunch break,” sê hy. Sy kyk hom vraend aan. “Jou saak. Dis jou beurt as die magistraat terug is van ete.”

Sy kyk weer af. “Kom mevrou” sê hy. “Jy wil seker ’n draaitjie loop.” Sy laat haar by die hof uitlei, stap saam met die polisieman na ’n deur met ’n vroujie op. Daar is met rooi koki ’n kruis oor die vroujie getrek. Mandisa gaan die stinkende toilette binne. Behalwe vir die bondels wat onder in die toiletbakke koek, is daar nie papier nie. Sy haal ’n tissue uit haar rok se sak.

Die konstabel staan buite in die gang wanneer sy klaar is. Hy neem haar terug, hof toe. Sy is dankbaar dat hy haar nie in die hokkie gaan sit waar sy geslaap het nie. Die vrou wat vroeër die koffie gebring het, gee vir haar ’n halwe toebroodjie met iets bruins tussen die wit snye gesmeer. Sy sê dankie en eet die brood wat dik en droog in haar keel gaan sit.

Die man voor in die hof roep soos vroeër en die landdros kom in. Mandisa is nou die enigste een in die beskuldigebank. Iemand roep haar naam. Sy staan op, kyk om haar rond. Alles swem.

“Hier, Mevrou,” sê die iemand ongeduldig, en wys na die houtboks voor in die hof, skuins langs die landdros. “Hier moet jy kom staan.” Sy stap oor na die boks toe die man in die jas hou die deurtjie vir haar oop. Daar is nie ’n stoel in die hokkie nie. Sy staan, met haar hande oor haar maag gevou. Sy loer na die landdros, wat ongeduldige strepe oor sy papiere trek.

“Mevrou Sipholo, waar was jy laasweek?” vra hy sommer.

“Meneer?”

“Verduidelik tog, Mevrou Jacobs,” sê die landdros vir die vrou wat heel voor in die hof sit. Mandisa het haar al vroeër gesien; gesien hoe sy met die ander voor haar werk, gehoor watse vrae sy vir hulle vra, dat dit sy is wat vir die landdros sê dat hulle skuldig is. Staatsaanklaer, noem hulle haar. Met baie rooi lippe en geel gedyede hare sit sy kiertsregop by ’n tafel. Sy staan nie op as sy praat nie.

“Jy moes verlede Woensdag in die hof gewees het om te getuig in die saak van jou gesteelde televisiestel, Mevrou Sipholo. Dis minagting van die hof om nie op te daag nadat jy ’n getuiedagvaarding gekry het nie,” sê die gedyede vrou. Sy kyk vir haar rooi naels terwyl sy praat. En dan kyk sy vir die landdros, en terug na Mandisa. “Het jy iets daaroor te sê?”

“Ek het nie geweet daarvan nie, Mevrouw,” sê Mandisa, haar oë op die grond, haar mond droog.

Die vrou roep die man met die jas nader. Sy gee vir hom ’n papier. Hy bring dit na Mandisa toe, hou dit voor haar in die lug op. “Het jy al dié gesien?” vra die aanklaervrou. “Daar staan dat die subpoena op jou beteken is.” Mandisa kyk na die dokument, sien vaagweg haar naam, haar adres, herken die vorm. “Ek het,” sê sy dan, “maar ek het nie geweet wat dit sê nie.”

“Kan jy lees, Mevrouw Sipholo?”

“Ja, Mevrouw.”

“Kan jy hoor? Verstaan jy Afrikaans en Engels? Xhosa?” Mandisa knik. Die vrou draai na die landdros. “Ek voer aan, Edelagbare, dat die dagvaardiging behoorlik op die beskuldigde beteken is.”

“Hoekom was jy nie hier nie, Mevrouw?” vra die landdros met sy skurwe stem. Sy voorkop blink en spoeg spat soos hy praat. “Hoekom mors jy die staat se geld en tyd so deur ’n misdryf aan te meld en dan nie by die verhoor van die saak op te daag nie? Almal was hier, behalwe jy!?” Mandisa se keel brand. Haar oë brand. Die landdros verdwyn in ’n waas mis.

“Ek het nie,” kry sy uit. “Ek het dit nie aangemeld nie.”

“Wat is jou voornaam dan; op die polisieforms staan Zandile Sipholo het die saak aangemeld?”

“Dit is my dogter. Ek is Mandisa. Ek het vir haar gesê sy moenie Police toe gaan nie. Ek het vir Zandile gesê dis net moeilikheid soek.”

“O. Ek sien,” sê die landdros, kyk weer na sy papiere. “Maar dis jôu TV, jý het die dagvaarding ontvang. As jy hier was, was daar geen moeilikheid nie. Die reg kan nie funksioneer met mense soos jy nie.” Hy krap aan sy neus. “Ek bevind jou skuldig aan minagting van die hof. Drie maande tronkstraf of ’n boete van R150. Die hof is verdaag.”

Mandisa se hande en bene bewe en sy moet met albei haar arms aan die bank vashou. Die konstabel kom haal haar en lei haar by die boks uit en by die trappe af wat uit die hof uit direk na die polisie-selle toe gaan.

“Betaal of tronk?” vra iemand. Mandisa sien nie wie dit is nie, sy is omring deur mense wat kom en gaan, mense in boeie, stemme wat skree en roep.

“Betaal of tronk, vra ek!” sê die stem weer.

“Betaal,” sê sy, “net nie tronk nie asseblief.”

“Waar’s jou R150?”

Mandisa skrik. Sy het geen geld by haar nie. Sy soek in haar sakke, trek net opgebruikte tissues uit. “Ek kan nie...”

“Kom nou, ek het nie heeldag tyd nie.”

“Het jy die geld, Mevrouw?” vra die konstabel.

“Nee, Meneer.”

“Is daar iemand wat vir jou sal betaal? Iemand wat jy kan bel?”

“Ek weet nie.” Mandisa se wange is nat. “Miskien sal my werkgewer...”

“Veldman, kry die vrou hier weg dat ons ons werk kan doen,” raas die tronkstem weer.

“Kom, Mevrouw.” Die konstabel lei haar terug die trappe op, deur die hof waar daar nou net polisie oor is, af in die gang tot by ’n kantoor. Hy klop aan die oop deur.

“Kom binne,” roep die rooi mond van die aanklaer. “Wat is dit, Pieter?” vra sy toe sy hulle sien. Mandisa voel hoe sy klein word.

“Kan sy haar werkgewer bel, asseblief? Sy het nie geld nie,” sê die konstabel.

Die vrou rol haar oë, wys na haar telefoon met ’n hand vol lang naels.

“Een oproep,” sê die rooi mond.

Mandisa se stomp vingers bewe toe sy die knoppies druk. Sy bel die selfoonnommer wat sy uit haar kop uit ken.

“Hallo?”

“Isabelle, dis ek, Mandisa.”

“Mandisa! Waar is jy!? Ek bekommer my dood oor jou, die heeldag al!”

“Ek is by die hof in Bellville.”

“Wat op aarde maak jy daar?”

“Hulle het my kom haal, gister al.” Sy huil.

“Wie is hulle? Stadig, Disi, moenie jou ontstel nie. Wat gaan aan, is daar iemand met wie ek kan praat?” Mandisa gee die foon vir die aanklaer.

“Mevrou Jacobs,” blaf die aanklaer in die telefoon.

Mandisa kan nie hoor wat Isabelle sê nie.

“Mevrou Le Roux,” sê die aanklaer dan. Sy is verskriklik kwaad. “Mandisa Sipholo is skuldig bevind aan minagting van die hof en sy is gevonnisd tot drie maande gevangenisstraf of ’n boete van R150.” Die rooi mond trek op ’n pruim. “Sy het nie R150 nie; as dit nie voor drie-uur betaal is nie, slaap sy vanaand in die tronk.” Die vrou byt op haar tande, haar kakebeen bult.

“Wat!?” Mandisa hoor hoe Isabelle oor die telefoon skree. Sy hóór hoe Isabelle se wange rooi word van woede. Isabelle praat so hard dat Mandisa en die konstabel elke

woord kan hoor, die konstabel skud sy kop. “Wil jy vir my sê my huishulp wat nie ’n vlieg kan skade aandoen nie, moet tronk toe gaan terwyl moordenaars en verkrag...”

“Mevrou Le Roux.” Die aanklaer staan op, die draad van die telefoon trek styf. “Ek herhaal. Die proses is afgehandel. Jy kan appelleer as jy wil. Al wat ek nou nodig het, en gou, is R150.”

Isabelle praat sagter want Mandisa kan haar nie meer hoor nie. Die rooimondvrou kyk op haar horlosie, gaan sit weer. “Goed dan, halfvier. Nie ’n minuut later nie, dan sit sy.” Sy bly ’n oomblik stil. “Hof 3,” sluit sy af, en sit die gehoorbuis neer.

“Jou mevrou gaan jou kom uitbail.” Sy kyk met geel katoë na Mandisa. “Gaan wag maar in die hof, Veldman, die madam sal halfvier hier wees.”

Mandisa stap weer agter die konstabel aan. Sy vee met ’n toingrige tissue oor haar gesig. Sy gaan sit op die eerste stoel in die hof. Sy probeer haar asem gelyk hou. Die hof is vol polisie – nege, tien, elf van hulle. Hulle praat hard en aanhoudend. Sy wil haar ore toedruk en met haar arms oor haar kop op die vloer gaan lê. Sy hou die horlosie teen die muur dop. Minute tik verby; dis later oomblikke voor halfvier. Die aanklaer kom die hof ingeklik en kyk rond.

“Nog nie hier nie?” vra sy kwaai.

Mandisa skud haar kop. Dan hoor sy hakke in die gang en die stem van die kind wat sy ken soos haar eie. “Hof 3,” sê Isabelle uitasem en haar gawe, mooi gesig verskyn in die deur. Haar hare is deurmekaar en haar wange ’n donker pienk.

“Disi!” roep die kind en klim haar soos ’n berg. Sy uitgestrekte arms kom halfpad om haar lyf. Sy hare ruik na appels.

Sy hoor hoe Isabelle en die aanklaer met mekaar praat. Isabelle gee die geld en die aanklaer verdwyn; hulle wag vir ’n kwitansie. Sy bly kop-onderstebo sit. Minute later stap die drie die hof uit. In die gang sit Isabelle haar arms om Mandisa, die kind het haar aan die hand. Konstabel Veldman staan nader.

“Kan ons jou huis toe neem, Mevrou Sipholo? Die mevrou,” hy beduie na Isabelle, “ry seker anderkant toe.”

Isabelle kyk skuldig na Mandisa. “Sal dit oukei wees, Mandisa? Jy weet mos ek hou nie eintlik daarvan om in die townships...”

Mandisa knik. Sy groet die kind en sy ma, belowe om die volgende dag vroeg by die werk te wees.

“Dis nie nodig nie, Disi. Slaap lekker laat. Jy’s seker doodmoeg.” Isabelle en die seuntjie stap weg, ’n entjie verder draai sy terug. “Bring al jou papiere saam, dan kyk ons wat ons kan doen.” Die kind waai.

Mandisa en die konstabel stap buitentoe. “Gelukkig slaap jy nie vanaand in die tronk nie, Mevrouw!” skerts hy. Sy antwoord nie. Sy weet hy hou haar skuinsweg dop.

“n Vonnis van minagting is darem nie die einde van die wêreld nie,” sê hy.

Mandisa kyk stip voor haar uit. Die parkeerterrein wemel van mense en karre. Sy sien selfs ’n polisie hond. Sy wil hom vra wat weet hy van minagting. Wat weet hy van vonnisse, van tronke; tronke wat nie altyd tralies het nie. Wat weet hy van die einde van die wêreld.

Maar sy sê niks nie.

Hulle nader ’n vangwa. Sy staan stil, sy sien nie kans nie; sy sal liever huis toe stap. Hy hou die deur vir haar oop.

Dié keer sit sy darem voor.

University of Cape Town

## Dryf

DIE boek val toe op David se skoot, hy skrik wakker. Hy sit regop, vryf oor sy oë, sy baard. Die park wemel van kinders en honde. Dis laatmiddag; die son skyn skeef deur die rooi blare van die bome – een van die dae sal die takke kaal wees.

Hy loer na die mense wat naby hom sit. Die man op die bankie langs hom glimlag goedig na hom. Hy het seker gesnork ook. Ai, dink hy, soos ou John Brown in die kerk van sy kinderjare, so val hy nou ook kopknikkend aan die slaap. Hy het altyd gedink iets skort met ou John, om mee te begin het die drankwalm waarvan hy klokslag op 'n Sondagoggend omgewe was, die kerkbanke om hom leeg gehou.

Hy bêre sy boek in die sak by sy voete. Hy haat Saterdag. Sondag is marginaal beter, dan kan hy darem voorberei vir Maandag. Dit help nie hy werk op 'n Saterdag nie, want dan weet hy die Sondag gaan leeg wees, so hy kry eerder die Saterdag agter die rug met die vooruitsig van iets om te doen op die Sondag. Want 'n donker Sondag is die ergste; die tipe dag wat hom sy greep laat verloor. Dan gooi hy hom volkome in sy werk, die hele dag lank – Maandag klap die studente altyd hande wanneer sy lesing tot 'n einde kom. Hy weet die studente respekteer hom – bewonder hom – en sal sy klasse vir niks in die wêreld mis nie.

Tensy hy 'n afspraak het, natuurlik. As iemand hom nooi, verander dit alles. Dan wentel sy naweek om die ete soos die aarde om die son. As dit die bykomende gelukkie is dat hy Londen toe genooi word, soveel te beter. Dan staan hy vroeg op – donsvordag – trek sy Londen-klere aan (daar is altyd iets op sy kop, 'n swart beret in die winter, 'n hoed in die somer), klim op die A1 wanneer daar amper niemand anders is nie, en ry die uur of wat van Oxford af Londen toe. Hy parkeer sy motor naby die mense by wie hy gaan kuier, maar nie naby genoeg dat hulle hom sal sien nie, en neem die moltrein of 'n bus van daar af stad toe. Die groen, kinderryke strate van Hampstead as dit die Thatchers is wat hulle oor hom ontferm; wit, imposante Chelsea as hy na Alice en Mark toe gaan; die kil, byderwetse apartement van Billy en Sam met die wonderlike uitsig oor die Teems. Een keer 'n maand by sy pa in sy woonstel bo in Bloomsbury. (Maar net een keer. Meer as dit sien hy nie voor kans nie. Sy pa ook nie, vermoed hy.) Vir Alice en Mark sien hy ook nie aldag kans nie, al is hy versot op hul lieflike Victoriaanse huis, armsvol kuns nie net teen die mure nie maar op die vloer, op die kaggelrak; hulle dring steeds na al die jare daarop aan om vir hom 'n maat te soek. Hulle het al alles probeer: plaaslike vervelige Engelse vroue, jong eksotiese Europese of Asiatiese vroue; vaal intellektuele mans, aantrekli-

interessante mans. Soms wonder hy of hulle hoegenaamd gewone mense ken. Mense sonder etikette om hulle nekke.

Sy eie etiket? Daar is baie. Brilljant. Intellektueel. Aantreklik. Talentvol. Skerp humorsin. Alleen.

“Sammy!” Hy fluit. ’n Hondjie kom na hom toe aangedraf, staan met ’n uithangtong by sy voete. “Sam-Sam, ons moet huis toe gaan.” Die hond hardloop weer ’n draai, hy staan op. Hulle stap met die gruispaadjie langs in die rigting van die straat wat na sy huis toe loop.

“Professor,” groet iemand in die verbygaan, maar hy het nie die gesig gesien nie, en ken nie die stem nie.

“Goeienaand,” sê hy sonder om om te kyk. Hy loop ’n ompad oor die kampus, nog nie lus vir sy huis nie, al is hy ook nie meer lus vir die park nie. Die kolleges is besig; studente kom en gaan deur die antieke deure, ligte blink bo in die kamers van die klipgeboue. Hy trek sy hoed oor sy ore, hy kan voel die winter kom – die lug is koud en klam. Sammy glip hier en daar by ’n kollege in en kom baldadig weer uitgebonds, asof hy net gaan seker maak dat alles nog is soos dit moet wees. Soos dit al vir eeue lank is.

Hy stap oor die Meadow, vir die hond se onthalwe. Sammy snol deur die lang gras, vind ander honde aan wie se sterte hy kan ruik. Mense groet hom, al ken hy hulle nie. Miskien ken hy hulle van êrens af; so baie mense lyk deesdae vir hom bekend, al kan hy hulle nie altyd plaas nie.

“Sammy, kom!” roep hy wanneer die koue te snydend raak en die donker nader kruip. Hy sal sy wintersklere moet begin dra. Hy is te lig aangetrek vir dié koue, hy is seker dit kom vroeër as ander jare. Hy ontken altyd eers die winter. Die donker maande is te lank vir hom, hy stel dit so ver moontlik uit. Sammy glip teen die helling af onder die bome in, hardloop nog ’n paar sirkels om die stamme. Sy voete is ’n bruin gemors.

“Sam!” roep hy.

Sammy was ’n geskenk. Van einste Sam wat woon op die Teems, vandaar sy naam. Hy was vies toe Sam een aand met die hond voor sy deur staan; hy is lief vir diere maar was nog nooit een vir ’n troeteldier nie. Sam het aangedring dat hy die hond moet hou.

“Gee dit net twee weke, Dave,” het hy gepleit. En na twee weke met die hondjie in sy huis het David nie weer kans gesien vir die leemte wat daar sou wees sonder hom nie. Hy weet hoekom Sam vir hom ’n hond gebring het. “Sodat jy nie hier op jou

“eie sit en ’n kluisenaar word nie,” het Sam geskerts. Maar hy weet dis net die helfte van die storie: Sam het natuurlik op die internet gelees troeteldiere is ’n troos vir mense wat aan David se siekte ly.

David en Sammy stap oor die brug met Magdalen Kollege regs en die botaniese tuin aan hul linkerkant. Dis amper donker. Hy stap vinniger – nie omdat dit donker word nie, maar hy is koud en honger. Hy stap om ’n hoek die Hoofstraat in, sien dan mense drom saam aan die onderpunt van die straat by die Carfax-toring. ’n Noodvoertuig arriveer, ’n polisieva ook. ’n Polisieman en -vrou probeer om die omstanders – toeskouers, dink hy – van iets af weg te jaag. Die kring trek wyer maar die agies hang nog soos vlieë om die toneel. Hy oorweeg dit om om te draai en die langer pad huis toe te stap – anders neem sy roete hom reg by die toring verby – maar hy is geïrriteerd met die idee dat die ander mense se nuuskierigheid ’n ekstra twintig minute by sy stap moet voeg. Hy druk sy hoed plat en vat koers verder in die hoofstraat af. Sammy hardloop vooruit.

“Sammy!” roep hy agterna, maar die hondjie pyl met spoed op die toneel af. Hy trek sy ore teen sy kop vas, David weet hy luister niks as hy dit eers doen nie. Hy is nou naby genoeg om die afgryse op party van die mense se gesigte te sien; eenkant staan ’n student, ’n jong vrou, en huil, ’n ander vrou in uniform se arm om haar skouer. Nog ’n noodvoertuig arriveer, die polisie span rooi en wit plastiekklint om die een kant van die Carfax-toring. Dit lyk vir hom (hy probeer sien sonder om te kyk; toe die polisie die mense verdryf het, was daar ’n gaping tussen die bene deur) asof daar iets (iemand?) op die sypaadjie langs die gebou lê. Maar eintlik kan dit hom nie minder skeel nie. Eintlik wil hy net so gou as moontlik by sy huis kom.

Sammy is weg. “Sam,” roep hy. Hy fluit. Die hond is nêrens nie. Dan sien hy iemand uit die groep – dit is bykans ’n skare – na hom toe wys, ’n polisievrout met Sammy in haar arms. Sammy lek die vrou se gesig; sy kom aangestap na David toe.

“Meneer, jou hond pla die ondersoekbeampte. Hou hom asseblief by jou, hierdie is ’n polisiebeheerde area.”

“Jammer, Konstabel, hy het vir my weg gehardloop.”

Die konstabel knik, haar pet sit skeef op haar kop. Die maskara van haar linkeroog trek ’n swart streep oor haar ooglid; dit het gesmeer. David stap weg, Sammy op sy hakke, voor die konstabel verder met hom praat – hy wil niks met hierdie besigheid te doen hê nie.

Hy draai links, eindelijk met sy rug op die toring, op pad weg van die toneel af. Om die draai staan ’n lang jong man op sy foon en praat.

“Nee, hy’t gespring,” hoor David die man sê. “Doodgeval. Op slag, sê hulle.”

Teen sy wil kyk David om. Kyk hy na die Carfax-toring, die hoop op die grond. Dis nie eers so hoog nie, die man moes sleg geval het, sy nek gebreek het. Blou en wit ligte streep oor die pad.

Sammy hardloop vooruit, staan en hyg voor die muurtjie om hulle huis. Hy maak die hek oop, laat die hond eerste in. Hy sluit die deur oop, stap deur kombuis toe. Sammy staan by sy waterbak. David buk om die bak op te tel, en nuwe water vir hom in te gooi. Hy merk iets vreemds op sy poot. Hy tel hom op om van nader te kyk. Dit is bloed. Hy ondersoek die poot, maar kry geen sny, geen seerplek nie. Hy sit die hond oombliklik neer wanneer hy besef dat dit nie sy eie bloed is nie.

“Sam,” sê hy kwaai, geskok. “Is dit altyd nodig om jou neus (en jou pote!),” hy frons, “in ander mense se sake te steek?” Hy gril. Hy kan nie help om te wonder of Sammy aan die lyk gelek het ook nie. Hy kyk weer na die poot. Donkerrooi sit die bloed daar. “Vanaand slaap jy nie by my nie,” sê hy.

Hy maak ’n bottel rooiwijn oop, skink ’n kristalglas vol wyn. Hy spoel die rooi vloeistof heen en weer in die glas; sy gedagtes glip deurentyd na die bloed aan Sammy se poot. Hy verbeel hom hoe die plas bloed onder die onbekende man se kop uitvloei; hy sien sy starende oë en die stukkende mond. Hy wonder wat hom oor die rand van die toring gedryf het. Liefde, geld, sukses? Iets waarop hy nooit sy vinger kon lê nie?

Hy is nie meer honger nie. Hy pak die biefstuk wat hy vroeër uit die yskas gehaal het, terug. Hy stap na die sitkamer, lees verder aan die oop koerant wat op die koffietafel lê. Hy lees weer die berig oor ’n vrou wat die vorige nag in haar slaap dood is, sonder enige verklaarbare oorsake. Hulle sal wel iets kry, dink hy. Iets, of iemand.

Sy selfoon bliiep. Hy staan op, sit sy glas op die houtblad van die koffietafel neer, soek die telefoon tussen die koerante. Daar is twee boodskappe. Die ander een het seker gekom terwyl hy uit was. Hy vat nooit sy selfoon saam as hy gaan stap nie. Soms wil hy net heeltemal alleen wees.

Al twee boodskappe is van sy suster. (Die meeste van sy SMS-boodskappe is van sy suster.) Die eerste een is die naam en die nommer van ’n psigiater. Sy wil hê David moet ’n afspraak met die dokter maak. Die tweede een nooi hom vir middagete die volgende dag. Hy kyk op sy horlosie. Dis sewe-uur. Daar is genoeg tyd dat hy vanaand en more-aand vir Maandag se lesing kan voorberei. Dan kan hy nog more-oggend voor die ete by die Tate Modern inloer – daar het verlede week ’n Rothko-retrospektief begin wat hy baie graag wil sien.

Skielik kan hy nie wag nie. Om voor die groot, gevulde doeke te staan en die eenvormigheid daarvan oor hom te laat spoel. Soos water. En die gewig, die stilte van Rothko se laaste swart en grys skilderye op hom te voel daal. Swaar, maar betekenisvol; helend, omdat hy weet ander ly net soos hy.

Ek kom graag, antwoord hy. Hy weet Annabelle is effens teleurgesteld, al sal sy dit nie eers vir haarself, of haar simpel man, erken nie. Hy wonder wat dit was wat hulle môre sou doen, wat so op die nippertjie deur die mat geval het en wat Annabelle laat besluit het om haar gewete te sus en haar arme drommel van 'n alleenloperbroer te nooi. David wat die meeste Sondae in sy huis sit en werk, terwyl almal wat hy ken saam met vriende en familie kuier.

Hy kry homself nie jammer nie, daarvan had hy al genoeg. Hy vergelyk homself ook nie; sy lewe is anders, daarmee het hy lankal vrede gemaak. Maar anders as wát – wat is die norm? Annabelle en haar perfekte gesin in Hampstead, David se twee gay vriende op die Teems, sy alleenpa in Bloomsbury, Alice en Mark – kinderloos omdat hulle nie kinders wil hê nie? As 'n mens na hulle kyk, wat het hy om mee vrede te maak?

Dit is die keuse waaraan hy nie wil dink nie. Die geïmpliseerde keuses in sy vriende en familie se lewens, en sy gebrek daaraan.

Hy hoop nie sy suster nooi hom net om heelyd oor die nuwe psigiater te kerm nie. Hy hét mos medisyne, al weet hy self dit werk net soms. Hy sal maar vir die kinders stories lees as hy van Annabelle af wil ontsnap. Lekker! laat sy weet.

Hy werk tot middernag. Hy voltooi sy lesing; al wat kortkom, is 'n titel. Dit is vir hom 'n beginselsaak om elke jaar nuwe titels vir sy lesings uit te dink, al oorvleuel die inhoud noodwendig maar. Hy sukkel om te slaap, veral nadat hy gewerk het, so hy klim nooit voor twaalfuur in die bed nie. Hy bad in laventelsout, drink 'n knerts whisky voor hy met 'n boek bed toe gaan. Hy kies deesdae vervelige boeke (dit grief hom so) sodat sy oë kan toeval terwyl hy lees. Soms werk dit; soms frustreer die boek hom en word hy wakkerder en wakkerder tot hy op die ou end opstaan en 'n ander boek van sy rak gaan haal. Gedigte. Of iets visueel – op die oomblik is Annie Leibowitz se fotobiografie sy gunsteling. Dan is hy wakker, maar ten minste nie verveeld nie.

In die nag kom die titel van die lesing na hom toe: “'n Duisend jaar van skoonheid”. Hy slaap rustiger nadat hy opgestaan en dit in 'n notaboek langs sy bed aangeteken het. Soveel goeie idees het al in die vroeë oggendure tussen die voue van sy kussings verdwyn.

Sammy spring oudergewoonte sesuur op sy bed. Hy skrik; kyk onmiddellik na die hond se poot. Hy moes dit in die nag skoon gelek het. David het gedroom van Sammy wat bebloed met 'n stuk rou vleis deur die huis hardloop, hy kom effe regop om seker te maak daar is nie 'n rooi streep die hele ent pad in die gang af en oor sy wit beddegoed nie. Sammy staan met sy kop oor hom, sy rooi tong naby sy gesig en sy asem warm in David se nek. Hy gril weer, voel onmiddellik sleg omdat sy geliefde dier so 'n onaangename emosie in hom wakker maak, en streel oor Sammy se kop. Die bondel mens van die vorige aand kom weer in sy kop; hy skud dit uit. "Kom, Sam," sê hy, "kom ons gaan maak ontbyt en koffie."

Hy gooi die hond se kos in sy bak in die kombuis, kap die vorige dag se koffiekorrels uit die masjien. Hy maal bone, kyk by die donker venster uit terwyl hy dit doen. Dis so goed soos nag buite. As hy sewe-uur ry, is hy agtuur daar. Hy sal eers ontbyt gaan eet by een van die kafees op die linkerbank van die Teems. Hy wil vroeg by die Tate wees, voor tien; hy haat dit as dit wemel van mense en veral toeriste. Hulle ken hom daar, hulle laat hom gewoonlik in voor die amptelike oopmaaktyd. Daar moet net nie 'n nuwe wag wees nie.

Die stoom spuit deur die espressomasjien, hy skink sy koffie en vul dit aan met warm melk. 'n Mespunt suiker. Hy sit by die toonbank van die kombuis en drink die beker leeg. Iets in hom beur terug bed toe, terug na die warm komberse en die veiligheid van die dubbelbed, maar hy bly sit. As hy nou gaan lê, staan hy dalk nooit weer op nie. Sammy is klaar met sy kos, hy lê op die matjie by die deur en lek homself. David kyk vinnig weg.

Hy trek aan, knip sy baard versigtig, glip sy voete in swart leerskoene en sit 'n donkergrys beret op sy kop. Sy kopvel blink rondom die hoed. As hy wil, later, kan hy sy sonbril opsit en niemand sal hom ken nie. Hy haat dit as vreemdes hom in die museum stop en sy opinie oor hul gunstelingskilderye vra. Hy haat dit as ander bekendes in die kunsveld hom stop en húl menings op hom afsmeer. Hy haat dit om op 'n stil Sondagoggend David Anderson, professor in kunsgeskiedenis, te wees. En hy weet wat mense sê as hy omdraai en hulle klaar gepraat het, as hy hulle boeke geteken en na hul pretensieuse idees geluister het. Hy weet wat hulle fluister as hul metgeselle weer by hulle inhaak en ook baai in die gloed van sy bekendheid.

Arme David Anderson. So begaafd en so eensaam.

Dis koud wanneer hy in sy motor klim. Hy laat die ruitveër loop om die dou van die voorruit af te vee. Hy sit die verwarmer aan, maar draai dit weer af. Die

bedompige reuk daarvan ontstig hom, herinner hom aan die lang, donker, nat winter wat kom.

Hy ry stadig Londen toe. Dit word lig wanneer hy die stad se buitewyke tref. Hy sit solank sy sonbril op. Hy klim op die sirkelpad wat om die binneste sones van die stad loop. Dis beter om hier te ry wanneer dit nie volgeprop van ander voertuie is nie; vanmiddag is dit weer 'n ander storie. Hy parkeer in Hampstead, naby die moltreinstasie.

Die treine loop maar min die tyd van 'n Sondagoggend; hy vee boodskappe van sy selfoon se geheue terwyl hy wag. Hy lees hulle weer voor hy die uitwisknoppie druk; dit is 'n bietjie soos 'n dagboek. Daar is selfs nog 'n paar verjaarsdagwense wat van Meimaand af daar lê – sommige van hulle klink meer soos medelye as gelukwensings – toe hy veertig geword het.

Die trein kom wat hom stad toe neem. Hy klim in 'n leë kompartement, sit terug met sy rug teen die bruin en oranje nagemaakte fluweelbekleedsel. Hy het sy hoed en sonbril op. Sy rugsak staan by sy voete. Hy bêre die selfoon, haal 'n boek uit om te lees. Hy volg so 'n paragraaf op 'n slag, dan dwaal sy oë oor die ander passasiers, by die venster uit. Prente flits in die venster voor sy oë verby: die swart vierkante binne die tunnels maak plek vir groen en geboue, nou en dan – hier ry die trein nog soms bogronds maar binnekort sal dit net vir sommige stasies wees wat hulle vinnig boontoe kom om asem te skep.

Hy ry tot by Embankment. Die stasie is besiger as Hampstead s'n; mense kom en gaan. Hy sien 'n vrou met 'n tjello en iemand anders wat met armsvol blomme loop. Die winterjasse is weer uit; Londenaars vra nie veel koue om hul lang jasse te begin dra nie. Hy hou daarvan om hier uit te klim en oor die rivier te loop. Die water lê rustig, stil. Hy stap langs die linkerbank van die Teems af in die rigting van die Tate Modern. Kafees en restaurante maak hul deure na die rivier toe oop; hy is honger. Hy gaan sit by 'n klein tafeltjie en bestel 'n cappuccino en 'n croissant. Nee, 'n pain au chocolat, dis waarvoor hy lus is. Botterig en bittersoet: die beste donkersjokolade toegedraai in ryk, geveerde blaardeeg – geen tweederangse melksjokolade en bevrore deeg hier nie. Sy bestelling kom, hy eet dit stukkie vir stukkie, doop repies in die skuim van die koffie voordat hy dit stadig kou en sluk. Tussendeur hou hy die mense om hom dop. Hy het nog steeds sy sonbril op.

Dit is halftien wanneer hy klaar is. Hy betaal, stap die laaste entjie museum toe. Die deur is nog gesluit maar die wag ken hom. Hy glimlag medepligtig vir David, laat hom in.

“Baie, baie dankie, George.” Hy klop hom op die skouer. “Jy weet mos hoe sleg dit vir my is as die hele wêreld hier binne saamdrom.”

“Dis reg Professor,” sê die wag, genoegdoening dik in die plooitjies om sy oë. Hy stap reguit af deur die Turbinesaal en gaan sit om eers weer die skaal in te neem. Dit doen hom altyd goed, om te voel hoe hy uitsit saam met die saal; hoe hy groter as homself maar terselfdetyd nietig kan voel binne hierdie mensgemaakte spasie, baie meer so as buite in die natuur of op enige ander plek. Dan gaan kyk hy eers na sy gunsteling, Pierre Bonnard se vrou in die bad. Die lyf lê daar in die water, stil, leweloos. Drywend. Hy begeer so ’n bad, en sulke water wat alles toemaak. ’n Bad soos ’n graf, al is die vrou nie dood nie. Nog nie.

Hy stap die trappe op na die tydelike uitstallings. Mark Rothko se groot, ingekleurde doeke het hom nog altyd beïndruk. David kyk dikwels na sy werk, maar hy het nog nooit ’n retrospektief gesien waar soveel van sy skilderye saam ten toon gestel word nie. Die effek is meesterlik – kompleks en konkreet. Doek op doek, vierkant op vierkant; strepe, geometrie – alles agtervolg hom en vul hom met hoop.

Voordat David by die skilderye kom waarna hy die meeste uitsien – die laastes wat Rothko voor sy selfmoord geverf het – ruk ’n stem hom uit sy alleenwêreld.

“David! Wat ’n wonderlike verrassing! Net die mens wat ek soek, ek het iets vir jou in my sak. Fancy meeting you here!”

Hy het nog steeds die bril en die hoed op maar die eenaar van die stem wat hy onmiddellik herken, ken hom te goed. Hy draai om. Stadig.

“Alice. Dis goed om jou te sien,” jok hy. Hulle soengroet mekaar op altwee wange, soos die Franse doen. Alice grawe dadelik diep in haar handsak, haar vingers styf soos sy probeer om nie haar lang gemanikuurde naels te beskadig nie. “Hoe gaan dit?” vra sy terwyl sy soek. Sy wag nie op ’n antwoord nie.

“Hier, David, skat, dis vir jou.” Sy gee vir David ’n koevert, bo-op staan *Revival Day Spa, Chelsea*. “Ek weet jy spoil jouself nooit nie, so dan doen ek dit maar. Ek het dit nét gister vir jou gekoop; gedink ek sal dit vandag in die pos gooi.” Die lang naels knip die handsak weer toe, Alice gooi dit oor haar skouer. David staan ongemaklik met die koevert in sy hand, hy het nie die energie om ’n stryery met Alice aan te knoop nie – hy weet Alice sal weier om die geskenk terug te vat. Maar vir hom sal die spa eerder ’n *survival* wees as ’n *revival*; hy haat dit as mense aan hom vat.

“Wondelik om jou te sien!” gesels Alice voort. “Ek het nou-net vir Mark gesê ek wonder of jy al na die Rothko kom kyk het. En voila! Hier is jy! Watter toeval!” Sy lag. “Alhoewel dit natuurlik nooit toeval is om jou hier raak te loop nie, jy kan net

sowel hier in die foyer kom woon.” Sy lig haar arms na sy gesig toe, haal sy sonbril af. “Ons wil jou oë sien, Dave, jy het sulke mooi oë!” Hy vat vinnig die bril by haar, druk dit in sy sak.

“Jy moes laat weet het jy gaan vandag hier wees – ons kon iets reël. Trouens, ons ontmoet later ’n paar mense vir middagete – kom saam? Jy sal hou van hulle, interessante mense, onlangs Indië toe gereis...”

“Alice, gee vir David kans om te praat.” Mark kom agter sy vrou uit en groet David met die hand. David is bly om hom te sien, nie net sodat Alice kan ophou praat nie. Hy hou van Mark, is dikwels jaloers op hom, sy selfversekerdheid. “Goed om jou te sien, maat,” sê Mark, “wonderlike retrospektief, is dit nie?”

“Ja. Fantasties. ’n Mens sal weer en weer moet kom, dink ek, jy kan nie alles in een besoek waardeer nie,” sê David.

“Dit is ons tweede keer, en weet jy Dave, jy slaan die spyker op die kop,” praat Alice voort. “Ek sien soveel dinge raak wat ek laaskeer misgekyk het. En dis nie asof ons leke is op die gebied van kuns nie – jy weet tog self!”

“Nee, Alice, leke is julle beslis nie.” David glimlag vir Alice. “Ek is verbaas dat julle self nog nie ’n Rothko besit nie?”

“O?” Alice is verbaas. “Hmmm. Kom kyk na hierdie een.” Sy neem David aan die arm. “Ek dink dit is my gunsteling.”

Hulle stap oor na een van die grootste doeke. Alice praat een stryk deur. David wonder hoe hy hulle gaan afskud, want met Alice en Mark as sy geselskap bly daar nie veel van die oggend oor nie. Hy het stilte nodig, spasie.

“Pragtig,” sê David wanneer Alice na hom kyk vir sy mening. “Kom ons gaan drink koffie bo, dan kom kyk ek later verder.” Hy twyfel of Alice sal instem, maar hy moet ten minste probeer.

Alice lyk effe uit die veld geslaan, maar gee wel toe. “Kom Mark, kom ons gaan drink koffie en eet koek.” Die drie stap die paar stelle op tot by die restaurant op een van die boonste vloere. David se oë glip oor die stad, hy luister nie na Alice nie, knik net nou en dan sy kop. Met Alice is dit genoeg om te lyk of mens belang stel in wat sy sê. Hy hoop dat hy na die koffie van haar en Mark ontslae sal wees sodat hy die retrospektief op sy eie kan geniet. Hy raak paniekerig omdat dit later en later word, en met die tyd kom die mense. En dan moet hy seker op die láátste eenuur in Hampstead wees.

“...maar jy is so afgetrokke die laaste tyd, wat gaan aan? Selfs Annabelle het my gebel en gevra of ek dit agterkom?” Alice se stem kom terug na hom toe.

“Annabelle...?” vra David.

“Ja, Annabelle. Jou suster. Sy is bekommerd oor jou, wou weet of ons jou ook vreemd vind. Ek het gesê ja, maar ons vind jou die laaste twintig jaar al vreemd!” Alice lag hardop vir haar eie grap.

“Annabelle het jou gebel?” vra David, heeltemal oorbluf dat sy suster sy vriende sou bel om oor hom te praat. Dis waar dat hulle mekaar al jare ken, al amper familie is, maar dit gaan ’n bietjie ver. Hy sal met Annabelle hieroor moet praat.

“Moet nou nie so vies daar sit nie. Sy worry oor jou, dis al. Sy sê daar is baie depressie in die familie so ’n mens moet dit maar net dophou. Ek wou jou bel nadat ek met haar gepraat het, maar ek het vergeet. Sorry.” Alice bestel nog ’n koppie koffie en eet die groot stuk koek voor haar. ’n Krummel sit op haar bo-lip; Mark haal dit af. Hy lek die krummel van sy vingerpunt.

“Ek... weet nie wat om te sê nie,” sê David. “Ek is jammer dat my suster haar neus in my sake druk. Moet julle nie te veel aan haar steur nie.”

“Ag kom nou, Dave, ek sê mos sy’s net bekommerd oor jou. Ek het haar gesê sy moet onthou jy was nog altyd ’n weirdo. Ek sal weet. Ek het ’n woonstel met jou gedeel!”

David knik. Dit was voor Mark gekom het. Mark het alles tussen hom en Alice verander. Mark met sy regop rug en helder oë. Sedert Alice vir Mark by die gedeelde woonstel en haar en David se verhouding ingebring het, wou David soos Mark wees. Daar was nooit iets meer as vriendskap tussen hom en Alice nie, dis nie dit nie, dis net dat Mark so ’n aura om homself het, die aura van iemand wat homself ken. Van homself hou.

“Als oukei, Dave?” vra Mark wanneer David opstaan. Hy tel ’n paar ponde uit, Mark wys dit geïrriteerd van die hand. “Ek sal betaal,” sê hy.

“Dankie, Mark.” Hy is nie lus vir ’n onderonsie oor wie moet betaal nie. “En ja. Dankie. Ek’s oukei. Net moeg – ek het vroeg opgestaan en laat gaan slaap.”

“Oudergewoonte,” skerts Mark, “ons ken jou mos so.”

Alice eet gelukkig nog aan haar koek, sy soen David dat daar krummels op sy wange ook lê. “Skuus, engel, die koek is heerlik. Wil jy nie nog sit nie?”

“Nee dankie. Ek het ’n paar dinge om te doen en ek moet eenuur by Annabelle wees. Ek sal vir haar sê julle stuur groete.”

Alice kyk hom skeef aan, nie seker of hy ’n grap maak nie. “Moet haar nou nie moeilikheid gee oor die bellery nie; sy is net ’n goeie suster, dis al,” sê sy. David glimlag, ten spyte van homself. Hy kom so ’n ver pad met Alice en Mark dat dit tog

altyd lekker is om hulle te sien, al is hy nie dikwels lus vir hulle nie. Hy groet vir Mark ook, en waai vir die twee wat skouer aan skouer met Londen in die glasvensters agter hulle sit en kou. Hulle verdien mekaar, dink hy.

Hy stap weer af, verwyl 'n uur tussen die doeke. Een of twee keer sien hy bekendes maar hy maak hom vinnig uit die voete. Niemand kom praat met hom nie.

Hy maak weer 'n draai by Bonnard se vrou in die bad voordat hy afstap ondertoe en die Tate verlaat. Dis later as wat hy gedink het. Hy wou nie té laat wees nie; hy weet Annabelle en haar gesin het ook maar hul roetine en Annabelle hou nie te veel daarvan om daarvan af te wyk nie. Hy koop 'n bos blomme vir sy suster op pad stasie toe. Hy klim weer op die moltrein, ry deur die stad na Hampstead. Hy sit in sy motor buite Hampstead se stasie. Skielik voel hy swaar, moeg. Die idee om Annabelle te laat weet dat hy siek is, nie meer kan kom nie, kom by hom op. Hy glo nie hy sien kans vir die twee kinders wat hom soos peste takel die hele tyd wat hy daar kuier nie. Hy is lief vir hulle maar die hemel weet hulle haal elke laaste greintjie energie en geduld uit hom uit. Soms kry hy die fisiese impuls om hulle van hom af weg te stoot. Hy weet nie waar dit vandaan kom nie, maar altyd as hy so voel, weet hy dis tyd om te gaan.

Hy ry van die stasie af en parkeer in die straat (pragtige, groen straat, rye huise aan die een kant en 'n park aan die ander) voor Annabelle en Rob se huis. Hy herken een van die ander motors wat daar staan; sy hart sak in sy skoene. Hy sien een van die kinders in die erker wat straat se kant toe kyk, en die kind roep “David is hier”, anders het hy waarlik nou omgedraai en siek gebel. Hy kan dié vriende van Annabelle nie verdra nie. Die vrou is manies en die man vervelig; hul kinders is bedorwe brokke en sy eie suster verander handomkeer wanneer sy in hul geselskap is. Hy sug. Die voordeur gaan oop, Annabelle se twee kinders bondel by die trappe af. Hy sal maar net eet en weer vertrek.

“David!” roep die oudste, Maya; sy is tien.

“Davie!” kom die jonger enetjie agterna – Abigail se twee boksterte wip om haar kop soos sy na David toe aangehardloop kom. Hy druk die kleintjie eerste vas: sy is sy gunsteling.

“Hallo, julle twee,” sê David, grawe in sy sak. “Ek het vir julle iets gebring.” Hy haal twee sjokoladestafies uit. “Sjuut,” sê hy wanneer die dogtertjies opgewonde dankie sê. “Moenie vir julle ma sê nie, hoor.”

“Ons sal nie,” sing Maya terug huis toe, Abigail op haar hakke agterna. David kry die blomme, 'n bottel wyn wat hy agter in die kar gebêre het, en stap agter die kinders aan. Annabelle staan met haar voorskoot in die deur, die reuk van geroosterde vleis

kom sit dik in David se keel. Hy is naar. Sy kop is skielik ook seer. “Hallo, Annabelle,” groet hy sy suster, hulle soen mekaar se wange.

“Davie,” sê Annabelle, “so bly jy kon op sulke kort kennisgewing kom. Dis lekker om jou te sien! Dankie, kom ons sit hulle in die pot. Die blomme is lieflik. Denise-hulle is ook hier, jy ken hulle mos?”

David knik. “Waar’s Rob?”

“Hy sal nou-nou hier wees. Hy’s gou in kantoor toe vanoggend, maar hy’t ’n rukkie terug al laat weet hy’s op pad.” Die voordeur gaan oop, “Praat van die duiwel!”

Rob groet. David weet nie of hy hom verbeel nie maar Rob is meer rusteloos as gewoonlik. Denise en haar man kom ook van die agtertuin af in. “David!” Denise se mond is te groot. “Ons het jou so lanklaas gesien! Jy lyk fabulous!”

“David,” groet Denise se man, David kan nie sy naam onthou nie. Denise en haar man staan met groot glase witwyn in hulle hande, David begeer ’n sluk. Hy wonder wanneer Rob vir hom ’n glas gaan aanbied. Hy kyk bo-oor David, in Denise se rooi mond vas, en luister selfs geïnteresseerd na Denise se man eerder as om met David oogkontak te maak. David voel hoe hulle hom uitsluit; hy is maar altyd die buitestaander. Rob gaan kombuis toe, keer terug met ’n glas in sy hand. Uiteindelik, dink David. Maar Rob gesels verder met Denise se man en sluk self aan die wyn. David vryf oor die letsel op sy pols. Hy onderbreek Denise in die middel van haar sin. “Verskoon my, asseblief.”

In die kombuis kry hy ’n glas. Annabelle is aan die werskaf daar. “Skuus, Dave, het Rob nie vir jou wyn geskink nie?”

“Nee.” Hy gooi die glas vol.

“Jammer man, jy is mos maar soos een van ons in die huis!” Annabelle glimlag verskonend, haal ’n bak uit die oond. So sê jy altyd, ja, dink David. Die kos lyk gebrand.

“Gee jy om om tafel te dek?” vra sy. “Ek het my hande vol hier.”

David gee wel om maar hy vat nietemin die hoop borde en messe en vurke wat Annabelle voor hom neersit eetkamer toe en pak dit op die wit tafeldoek uit. In die middel van die tafel staan die bos blomme wat hy gebring het, in ’n glaspot gedruk. Hy merk dat Annabelle vergeet het om water in te gooi. Party van die blomme hang klaar verlep – half-dood – eenkant toe. Dis die laaste keer wat hy die moeite doen om vir haar blomme te bring. Hy dink aan Sammy se poot vol bloed.

“Kos is op die tafel!” roep Annabelle. Sy kom rooi in die gesig met ’n skottel vleis uit die kombuis. Denise kom agterna met nog kos en die mans slenter nader met hulle wyn. Die kinders kom uit die agtertuin binnetoe; David skrik toe hy sien hoe vet Denise se kinders geword het. Hulle mik reguit vir die kos.

“Wag eers, Jack,” maan Denise, verleë.

“Ek’s honger, Ma.”

“Ek weet my engeltjie, maar ons wag net eers tot almal sit, dan kry ons kos.” Sy skud haar kop. “Ai, julle weet, Jackie is so aan die gang, hy wil net die heeldag eet.”

Die kind gaan sit dikbek langs sy suster, wat leedvermakerig met haar Barbie-versameling by Maya spog. Maya vang David se blik; hy is seker sy rol haar oë.

“Almal kom help julleself,” sê Annabelle. “Die kos is op die tafel.” Jack en sy suster spring op en skep groot lepels vol, hulle borde swaar gelaai wanneer hulle uiteindelik weer gaan sit, reuse gate in die opdienbakke waar hulle geskep het. Denise fladder om hulle rond. Sy skep vir haar en haar man, Annabelle skep vir David. “Eet maar,” sê sy. “Julle kos word koud.”

“Dankie,” sê David, en begin eet aan die kos voor hom. Hy peusel meer as wat hy eet, en drink sy wyn tussendeur. Hy is nie een vir ’n tradisionele Sondagmiddagmaal nie. Hy vind die vleis droog en te veel; hy hou nie van aartappels nie. Sy suster se groente is pap gekook, maar die slaai is darem vars. Hy ruik ’n soet, gebakte poeding uit die kombuis. Sy maag draai.

Hulle eet, soms in stilte. Messe en vurke kliek teen die porselein, Denise se twee kinders se lippe klap. Hulle het intussen weer geskep. Die seun het selfs ’n wind opgebreek – te hard, sy “Ekskuus mense” eintlik net ’n groter verleentheid as wat die wind self was. Denise laai versigtig die kos in haar mond, dat haar rooi lippe nie smeer nie. Annabelle eet afgetrokke, vinnig. Rob en die ander man praat steeds oor sport en die Beurs.

“Oe, David,” sê Denise skielik. Sy sit haar mes en vurk opgewonde neer, draai haar lyf na hom. Haar besproete borste beur by haar boonste knoop uit – hy kan nie help om dit te sien nie, al kyk hy nie daarna nie. “Jy móét eenvoudig die nuwe uitstalling by die Tate Modern besoek. Dis om van te droom! Trouens, ek droom gereeld daarvan! Annabelle, was jy al daar? Dis ’n Rothko-retrospektief; ek het nog nooit in my lewe so iets beleef nie!”

Annabelle skud haar kop, begin borde bymekaar maak. David bly stil.

“David, jy sal dit nie glo nie. Die skilderye léwe. Dis soos ’n nuwe landskap – die kleure is soos lewende blokke teen die mure.”

David knik. Die laaste ding waarvoor hy kans sien is 'n gesprek met hierdie vrou oor kuns. “Ek sal gaan kyk,” jok hy. Eintlik jok hy nie, hy sal beslis weer gaan kyk voor die retrospektief verby is.

“Nee maar jy verstaan nie, David. Dit sal jou lewe verander. Jy moet sommer vandag gaan, sommer nou! Jy sal mál wees daaroor.”

David sien sy kans, huiwer nie 'n oomblik om dit te vat nie. “Dis dalk nie 'n slegte idee nie.” Hy kyk op sy horlosie. “As ek nou vertrek is daar nog oorgenoeg tyd om eers gou die museum te besoek voor ek huis toe gaan.” Hy vee met die wit servet aan sy mondhoeke. “Wat 'n briljante idee, Denise.”

Denise blom. David loer na Annabelle, hy weet sy gaan nie hiermee tevrede wees nie. Annabelle kyk teleurgesteld na hom toe terug.

“Jy't skaars hier aangekom,” sê sy.

“Dis nie waar nie, Belle, ek is al amper twee ure lank hier. Die tyd vlieg,”

“Eet net eers poeding.”

“Ek...”

“Ma sou iets oorgekom het as jy ry sonder poeding.”

Ma kom altyd êrens in sy en Annabelle se gesprekke op. “Goed.” Vir ma sien hy nie nou kans nie. Dan wurg hy liever die nagereg af.

“O dis fantasties!” borrel Denise. “Jy móet my bel as jy klaar is daar. Ek móet dit eenvoudig vanaand met jou bespeek. Net betyds vir boekklub môre-aand!”

Sy het nooit gevra of ek dit al gesien het nie, dink David. Sy het net aanvaar ek het nie. Annabelle bedien die nagereg en hulle eet. David sluk ongemaklik aan die dik deeg. Die soet stroop brand sy keel.

“Verskoon my asseblief,” sê hy kort na sy laaste sluk. “Rothko roep!” maak hy 'n grappie, glimlag skeef. Soos hy vermoed het, kan Denise dit nie weerstaan nie: sy lag. Annabelle lyk ontevrede en vies. Die mans staan op.

“Sit, sit. Moenie opstaan nie. Ons groet sommer so oor die tafel,” sê David.

“Ek gaan in elk geval die port haal,” sê Rob.

Annabelle gee op, vergewe hom. David groet die kinders; soos altyd wanneer hy hulle groet, is hy hartseer. Verlang hy reeds na hulle, al staan hulle nog hier voor hom. Een maal het hy Abigail te styf vasgedruk toe hy haar gegroet het; die kind het begin huil.

By die voordeur haal hy die koevert wat Alice vir hom gegee het, uit sy sak. “Hier,” sê hy, druk dit in Annabelle se hand. “Ek dink jy het dit meer nodig as ek.”

Annabelle bekyk die koevert. “Dankie. Hoekom gaan jy nie? Dis blykbaar die beste spa in London?”

“Nee wat. Gaan jy maar. Ek sal net die tyd sit en omwens.”

Annabelle sit die koevert op ’n tafeltjie in die voorportaal. Sy maak die voordeur oop. Die lug buite is fris. “Moenie uitkom nie,” sê David. “Jou gaste wag. Gaan drink ’n glasië port.”

“Dankie vir die blomme.” Sy huiwer. “Het jy my boodskap gekry?” Sy lig haar blik van die trap af na hom op.

“Ek het.” Sy stem is ferm.

“Sal jy...”

“Annabelle.”

“Oukei, jammer. Ek wil net help.”

David dink aan die oproep na Alice, oorweeg dit om iets daarvoor te sê. Hy besluit daarteen. “Ek weet,” antwoord hy. “Dis onnodig. Ek kan na myself kyk.”

“Ek wonder!” Annabelle glimlag. Die flou son skyn op haar gesig. Sy is mooi, dink David, as sy lag. “Veilig ry,” sê sy.

“Ek sal.” Hulle soengroet; David loop by die trappies af na sy motor toe. Hy klim in, waai, en Annabelle verdwyn die huis in. Annabelle weet, dink hy. Annabelle weet hy ry nou reguit huis toe.

Die pad is besiger as vanoggend. Hy is moeg; op die klassieke stasie van die radio speel melankoliese arias en hy voel hoe die mooi melodieë en mineurakkoorde sy oë laat brand. Musiek het hom nog altyd intens geraak, meer so as kuns. Kuns het sy werk geword. Op middag soos hierdie een, na ’n dag soos vandag, ’n leë dag soos gister, huil hy gou.

Op die laaste stuk snelweg voor hy Oxford bereik, lê ’n dooie hond in die skouer van die pad. Die dier is platgery, maar hy is amper seker hy het die kop in die verbygaan sien beweeg, die oë sien knip. Hy kyk in die truspieël, kyk selfs oor sy skouer terwyl hy stadiger ry, maar die hond beweeg nie weer nie. Hy hoop van harte die dier lewe nie meer nie, die lyding van sy stukkende lyf soveel erger as die verlossing van die dood.

Hy parkeer sy motor. Binne die huis hoor hy Sammy blaf; die hondjie storm uit en spring op en af teen sy bene wanneer hy die deur oopmaak. “Sammy, ai tog” sê hy. Sammy hou aan met spring. “Kalmeer, asseblief!” David voel sleg oor die kilheid in sy stem, nadat hy die hele dag weg was, en tel die hond op. Hy streel oor die gladde rug, maar hy is nie lus vir Sammy nie. Hy sit hom weer neer, vee sy hande aan sy

broek af. Hy gooi kos in Sammy se bak, van die hondepille stort oor die rand en rol die hele kombuis vol. Hy los dit net so, gaan kamer toe en trek sy klere uit. Hy gooi die klere op 'n hoop op die vloer en trek 'n ou sweetpak aan.

Hy skink 'n glas wyn, gaan sit by sy lessenaar om te werk. Hy karring aan die volgende dag se lesing, verander die struktuur, skuif sinne rond, raak raad-op oor watter skilderye om te gebruik. Op die ou end stoor hy nie die veranderinge nie en druk die lesing uit presies soos wat dit was.

Hy gaan lê op die rusbank in die sitkamer. Buite is die blou lug weg; wolke begin saampak en dit lyk na reën. Die winter kom, dink hy. Die winter kom alweer, die koue en die donker. Die binne-wees, die mure.

Sy foon lui; hy ignoreer dit. 'n SMS kom in, hy kyk ook nie daarna nie. Sammy kom sit langgesig by sy voete, sy ogies dweep. David maak of hy hom nie sien nie. Die hondjie trippel van David na die voordeur, en terug. Voordeur en terug. David volg die hond met sy oë. Heen-en-weer, heen-en-weer. Sammy tjank. Sagte, knaende tjankies by sy voete. David draai op sy sy met sy gesig na die bank se rugleuning. Die bank stink na ou stof en hond. Hy hou sy arm oor sy kop dat hy die getjank nie moet hoor nie. Sammy huil nou aanhoudend, nou en dan blaf hy ook sulke kort, klein blaffies. David hoor sy naels op die houtvloer klik soos hy voordeur toe hardloop, en terug. Weer, en terug.

David spring op. Hy gryp die hond onder sy pens, kry sy sleutels op die tafel. Dis nog nie so laat nie, hulle sal nog oop wees. Hy stap lang, vinnige treë by sy huis uit, kar toe. Hy gooi Sammy op die agterste sitplek, klim self voor in. Hy ry na die veearts aan die ander kant van die dorp, vir die een naby hom wat hy teen die tyd goed ken, sien hy nie kans nie. Wat sal hy vir haar sê? Sy sal dink hy is mal. Sy sal nie verstaan nie.

Daar is min verkeer en hy is gou daar. Hy klim uit, kry vir Sammy. Binne is die ontvangsdame reeds besig om haar sak te pak. Sy lyk nie bly om hom te sien nie, nog minder toe hy sommer die veearts se deur stormloop met die hond onder sy arm.

“Meneer,” roep sy, maar hy is reeds binne. Die veearts is besig om sy hande te was. Hy kyk verras op.

“Ek het gedink ons is klaar vir die dag,” sê hy toe hy vir David sien. David sit Sammy op die ondersoektafel neer.

“Sit hom uit, asseblief.”

Die veearts kyk hom skeef aan. “Ekskuus?” vra hy.

“Sit die hond uit asseblief,” herhaal David, sagter as sy eerste, bruuske opdrag.

“Meneer,” sê die veearts, “daar is ooglopend niks fout met hierdie hond nie.” Sammy lek die veearts se hande wanneer hy aan hom vat. Sy stertjie swaai woës. “Hoekom op aarde sou jy hom wou...”

“Of jy sit hom uit, of ek los hom op straat,” sê David. Hy kan die dokter nie in die oë kyk nie.

“Meneer ek is bevrees ek...”

“Doen dit net!” skree David, draai op sy hakke om en verlaat die spreekkamer. In die ontvangslokaal krap hy in sy beursie, vind ’n twintigpondnoot en laat val verskeie papiere op die grond. Hy bondel die papiertjies in sy vuus op, plak die twintig pond op die toonbank neer.

“Hier,” sê hy. “Dit kan sekerlik nie meer as twintig pond wees nie.” Hy jaag by die deur uit, kar toe.

“Meneer,” roep die ontvangsdame, “jou kleingeld!”

David klim in sy kar en ry weg. By die huis gaan lê hy weer op die bank, ruik weer die hond en die stof, en hoor steeds die klik-klik van Sammy se naels teen die hout.

Hy staan later op. Hy skink weer wyn, ’n straal stort oor die rand van die glas en lê donker op die kombuistoonbank. Hy los dit net so. Hy gaan sit weer op die bank, balanseer die glas op die armleuning. Hy lig die wyn na sy mond; ’n ronde rooi kol bly op die roomkleurige bekleedsel agter. Hy drink die glas vinnig leeg, gaan sit dit op die tafel neer. Die smaak van die wyn is soos yster in sy mond. Hy huil nou, hy weet nie waarom nie. Sy gesig is nat. Hy dink aan Alice en Mark, Annabelle en Rob, die onuitstaanbare Denise en haar gesin. Hy dink weer aan die winter wat kom. Hy dink aan die studente wat môre-oggend met afwagtende, wolfagtige oë die lesingsaal vol sal sit, kwykend vir sy kennis, uitgedaag om hom uit te vang, om hom te laat trippel, om alles uit hom te delf, soos ’n myn. Hy is moeg, te moeg. Hy kan nie meer nie, hy is klaar.

In die badkamerkas vind hy sy anti-depressante. Die nuwes – nóg ’n nuwe soort. Sy hande bewe. Hy maak die boksie oop. Hy haal die amper ongebruikte velletjie pille uit en dop hulle een vir een uit die omhulsel. Hy graawe dieper in die kas – daar is nog van ’n vorige voorskrif ook hier êrens. Hy kry dit agter ’n medisynebottel. Hy haal die klein wit pilletjies een vir een uit die plastiek.

Hy draai die bad se twee krane vol oop, laat die water loop tot amper by die bad se rand. Hy sit die hopie pille op die teëls neer. Hy sien die vrou wat dryf in Bonnard se

skildery, haar vel so wit soos die wit rand van haar bad. Hy trek sy klere uit, laat dit net daar op die vloer lê; klim in die bad.

Die huistelefoon lui. Dit stop. Dit lui weer en weer, sonder ophou. Die selfoon het hy afgesit. Hy moes die telefoon van die mikkie af gehaal het. Hy druk 'n waslap teen sy ore om die skril geluid stil te maak, maar die gelui dring deur die nat materiaal; hy huil. Dit stop, dit begin weer. Hy byt op die waslap, byt sy onderlip. Die houpille wag.

Die gelui hou op. Hy sak met sy kop onder die water. Die vrou dryf in die bad. Onder die water is dit stil, warm. Hy maak sy oë toe, maak dit oop. Die lig teen die dak is 'n sagte stralekrans.

Die telefoon lui weer, weer en weer, selfs deur die water kom die skril geluid. Deur die water tot in sy bene, sy brein. Sy asem raak op. Water stroom deur sy neus en sy oë. Sy ore. Hy bly onder die water al smag hy na lug. Sy hande spartel. Die gewig van 'n duisend jaar lê op sy longe.

University of Cape Town

## Koppies in die kas

HANNA vroetel met die koppie in haar hand, hou dit styf tussen die eelte in haar palm en haar seer, krom vingers vas – bang sy laat dit val. Sy volg die goue randjie met haar vingertop. Haar wysvinger se nael het sy met die laaste trek verloor; dit bult waar die vel oor die naelbed groei. Sy loer om te sien of die ander vrou vir haar kyk, skraap haar keel skoon voor sy praat.

“Mevrou se goedjies is te mooi,” sê Hanna, haar stem styg effens halfpad deur die mooi.

“Dankie,” antwoord die mevrou aan die ander kant van die kombuis. Sy staan en voer ’n jongetjie. Die kind se goue haartjies lê glad om sy kop, sy voetjies skop-skop onder die tafel van sy hoë eetstoeltjie uit. Hy’t heerlike sagte leerskoentjies aan die voete; hulle lyk vir Hanna soos slippers. Die kind klap die kos dat dit op die vloer spat. Klein bliksem, dink Hanna. Sy ma koes, net betyds, anders was daar ’n oranje kol op haar varsgestrykte bloes. Hanna wonder wie die strykwerk doen – sekerlik nie die mevrou self nie. En hoekom die kind dan nie ’n borslap dra nie.

“Ag, Daantjie,” sê die vrou en sug. Sy buk vooroor, vee die fyngemaakte kos van die kind se hand af, druk nog ’n hap by sy pap mond in.

“Te pragtig vir woorde,” sê Hanna weer, “die goue randjie hier met die bokant langs.”

Hanna is ’n pakker. Sy werk vir Arendsnes Vervoerdienste, vir drie-en-twintig jaar lank al. Sy kan koppies en pierings en enige ding onder die son in haar slaap toedraai en in bokse pak.

Sy hou haar dik arm in die lug om die koppie van alle kante te bekyk. Die vet en vel onder haar bo-arms dril soos sy beweeg. Sonlig vang haar na bo gedraaide kop; oor haar gesig loop lyne soos houtskoolstrepe maar haar vel is glad van al die Vaseline. Haar vingers sukkel met die fyn oor. Sy sit die koppie op haar skoot neer en lek haar voorvinger nat. Met die nat vinger trek sy ’n stuk wit koerantpapier van die hoop langs haar nader. Sy draai die koppie en sy piering flink daarin toe.

“Hmm,” sê die jong vrou, en tel die baba uit sy kinderstoeltjie op. “Die teestel was my man se ouma s’n. Dit het al die pad van Duitsland af gekom.” Sy skud die baba dat stukke kos van hom val, op die vloer.

“Mevrou neem dit seker saam?” vra Hanna, kruiperig. Sy kyk na die kos wat die vrou op die grond laat lê, net so vir iemand anders om op te tel.

“Saam? Nee goeiste! Sit dit asseblief by die goed wat stoor toe gaan.” Sy skop bokse rond soos sy ’n pad vir haar en die kind by die kombuis uit baan. Hanna kyk na die vrou se rug met die Barbiepop wat glad gekam daarop lê. “En onthou tog die hoëstoeltjie,” roep sy terug wanneer sy en die kind in die gang verdwyn. “Ek sit beslis nie elke dag die kind op my skoot en voer nie!”

Gmpf, dink Hanna, net so vol stront soos die vorige een. Wat is dit met die mense wat oor die water gaan, dat hulle so snipperig en uit die hoogte uit is? Haai, sies, keer sy haarself; sy moenie so lelik dink nie. Die vrou is seker maar net uitgestres oor die trekkery; die ander land. Sy sou ook gewees het. Hanna staan op, vat ’n plakker tussen haar duim en voorvinger – die voorvinger wil eers nie vat nie, sy krap, krap die plakker met die nael van haar middelvinger los – en plak dit op die eetstoeltjie waar smeersels van die kind se kos en ’n omgekeerde waterbekertjie lê. Sy trek haar vinger deur ’n streep kos en proe daaraan. Nie sleg nie. Die vrou het dit seker nie self gemaak nie. Sy skryf *Londen* op die plakker. Op die vloer tussen die kos lê vuil speelgoed op die houtplanke. Iemand anders se werk, die vloerplanke wat so blink, dink sy. Sy wil sommer ’n lap gaan haal en die gemors opvee. Pleks daarvan stap sy terug, na haar boks toe, en draai nog ’n koppie in wit papier toe. Sy is stadiger as gewoonlik – die hande lol; sy hoop sy kry vandag nog klaar.

Sy hoor stemme na die kombuis se kant toe kom. Die man se stem is nou by, die kind kerm.

“Ek weet nie, Bart, kyk in die yskas,” sê die Barbiepop. Sy is vieserig, vol piep. “Gaan koop iets as jy wil.” Hanna hou haar met die boks en die koppies besig, beloer hulle skelm uit die hoek van haar oog. Meneer Arendse sê altyd sy moet onsigbaar wees terwyl sy pak. Die mense wil nie weet sy is daar nie.

Die man maak die yskas oop, krap tussen gekoopte houers rond, trek een uit. “Wil jy iets hê?” vra hy sy vrou.

“Nee dankie,” sê sy, en haal ’n piesang uit ’n bak. Sy trek die skille af. Sy druk ’n stuk in die kind se mond. Hanna sien hoe sy tussendeur self happe van die piesang vat en vraatsig kou. Hanna kyk weg; dit voel nie reg om iemand dop te hou wat so onbeskof en lelik eet nie.

Die man trek die plastiek van die winkelbak af, sit dit in die microwave. Sweet blink op sy groot voorkop, hy druk die swart bril wat teen sy neus afglip, heeltyd met sy middelvinger terug. Sy gesig is vuil van die grys stoppelbaard. Sy T-hemp het so ’n opstaankragie en die skoene aan sy voete lyk of hy gaan bergklim daarmee. Sy draai

nog 'n gouerandkoppie en -piering in papier toe, loer na die man met die grand Duitse ouma. Die wind skree om die hoek van die kombuis; sy hoor 'n deur iewers klap.

“Verdomde suidoos,” sê die man. Hy haal die plastiekbakkie vol kos uit die oondjie en laat dit in 'n bord afloop. Lekker olierig, sien Hanna. Hy druk 'n vurk in die kos. “Kan nie sê dat ek die wind sal mis nie!” Hanna dink dis dalk 'n grappie. Sy bruin oë kyk soos 'n hond s'n na sy vrou.

“Móenie met my praat oor die weer nie!” kap die vrou, so hard dat die kind skrik en begin huil. Hanna los maar die laaste koppie van die stel, kry haar broodjie uit haar sak, en stap by die agterdeur uit om buite te gaan eet. Toe sy eers uit is, is sy spyt. Die wind waai so dat sy haar rok moet vashou, stof kom in sulke vlae en slaan in haar gesig, teen haar brilglase vas. Maar binne wil sy nie bly nie, watwou, al ruik dit lekker na take-aways. Die gevoeltheid lê te dik tussen die mense, die kind se gekerm kan sy nie langer vat nie. Sy sou hom lankal 'n paar taai klappe gegee het. Sy wonder of die man die hele bak kos self gaan eet.

Sy hou die mense deur die venster dop. Barbie kyk haar man aan asof sy niks van hom hou nie. Hy eet die bord voor hom skoon. Vet vraat, dink Hanna. Haar oog vang Barbie s'n binne die kombuis. Barbie kry skaam (nogal!) en staan op om die agterdeur oop te maak.

“Jammer, Mevrou, ek het nie besef jy sit hier buite nie. Kom eet asseblief binne, die wind is vreeslik!” roep sy, en glimlag kamstig gaaf.

“Dis reg, Mevrou, ek rook gou 'n ietsie hier buite.” Hanna sukkel met 'n sigaret en haar aansteker, met haar hande probeer sy die wind afkeer. Barbie lyk verbaas dat Hanna vir haar nee sê. Hanna trek ingenome aan haar sigaret. Sy blaas haar rook na Barbie toe, maar die wind skep dit op – dit verdwyn in die niet.

“Goed, as jy dan wil. Ek maak vir ons koffie, wil jy ook hê?” vra Barbie.

“Dit sal te heerlik wees, dankie Mevrou.”

Barbie knik, trek die deur toe, sit die kind op die grond voor die glasdeur neer. Hy skree weer; Hanna hoor hom goddank nie maar sy sien die poedinggesig opmekaar trek van die kla. Barbie haal 'n blink ding met 'n blou handsvat van die rak af. Sy gooi iets uit 'n blik uit in 'n masjien. Seker die koffie, dink Hanna. Hanna weet die vrou binne die kombuis sien dat sy wat Hanna is haar watch. So deur die sigaretrook bekyk sy haar – hulle mekaar. Hanna weet wat die vrou dink; sy weet die vrou haat dit dat 'n wildvreemdeling haar huis inkom – diep binne – en haar goed sien en hoor hoe sy met haar man praat en haar lewe ruik. Barbie maak die koffie. Sy keer haar rug op Hanna buite in die wind om die stoofplaat aan te sit en die grênd koffiepote op die

plaat staan te maak. Die kind is nou by haar voete, hy trek hom aan haar broeks op.

Hanna rook haar sigaret tot op die filter en druk die stompie in die gras dood. Sy kyk nog steeds vir die mense in die kombuis. Na 'n rukkie haal Barbie die pot van die stoof af, skink bekers vir haar en die man. Die wind het bietjie gaan lê. Hanna staan stywerig op – die bokse roep, die koffie ook, sy ruik dit tot hier buite. Sy gaan die kombuis binne en begin weer pak. Barbie is besig met die kind. Haar man soek sy sleutels. Hy kry dit tussen die gemors op die tafel.

“Ek gaan kry net gou iets by die kantoor,” sê hy. Barbie knik.

“Ek gaan Daniël probeer neerlê,” sê sy. Hy verdwyn by die agterdeur uit, en sy by die trap op, boontoe. Hanna bly alleen in die kombuis agter. Hulle het seker vergeet van haar koffie. Sy stap oor na die stoof toe en vat die grênd pot in haar hand. Sy draai dit in die rondte, bekyk dit van onder en van bo. So 'n ding het sy nog nooit gesien nie, in al haar jare van pak – en kyk. Sy sit die kan weer neer, lig die deksel se flap op en druk haar neus daarin. Mmmm, dink sy. Daar is nie veel in die pot oor nie.

Daar staan 'n leë beker langs die stoof op die wit marmarblad. Barbie het dit seker vir haar neergesit. Hanna wil net skink, toe 'n gedagte in haar kop in kom. Sommer so. Die man is uit, Barbie by die kind. Hanna sal hoor as sy by die trappe afkom; hy sal tog seker 'n rukkie wees. Sy draai om na die boks wat sy besig is om te pak. Sy tel die laaste goue koppie, wat sy nog nie toegedraai het nie, uit die boks op. Sy hou dit in haar hande. Sy huiwer, draai 'n stukkie hare om en om die vinger wat nie 'n nael het nie. So spesiaal. Duitsland en als. Die goue rand.

Sy stap terug na die stoof toe, koppie in die hand. Sy skink. Dik bruin koffie loop die koppie in. Daar's net genoeg vir 'n halwe, en die koppie is nog klein ook. Ook maar snoep, dink sy. Sy loer na die yskas, wonder of sy melk moet bygooi, die koffie lyk klaar koud. Sy skep 'n teelepelsuiker uit die potjie op die tafel. Sy roer. Sy bring gretig die koppie na haar mond. Die goue randjie is dun teen haar lippe. Sy verbeel haar sy proe die goud, proe die duur porselein tussen haar tande, proe Europe, sien die Duitse ouma met vingers vol ringe, pinkie in die lug uit die einste koppie drink. Sy sluk diep, al is die koffie net-net lou.

Sy hoor voetstappe op die trap. Sy skrik. Sy drink vinnig die koppie leeg, gryp 'n stuk wit papier en draai dit daarin toe. Sy druk dit diep die boks in. Hulle gaan tog nie die koppies gou weer gebruik nie, dink sy. Hulle gaan dit stoor, teen die tyd wat hulle terugkom, het hulle lankal vergeet van haar en van vandag.

“Ekskuus, Mevrou,” sê Barbie, “ek het vergeet van jou koffie! Hoe ongeskik van my!”

“Dis reg, ek het sommer vir my uit die pot gevat. Dit was lekker dankie.” Toe sy dit sê sien Hanna die skoon beker waar dit nog op die blad langs die stoof staan. Gods, dink sy. Wat as die vrou die skoon beker sien? Sy sal mos weet iets is fout, dat Hanna nie die koffie uit die beker gedrink het nie. Hulle is omtrent gelyk by die beker langs die stoof. Hanna gryp die beker en stap oor na die wasbak. Sy spoel dit kamstig vinnig uit en sit dit op die droograk neer.

“Siestog, Mevrou, daar was seker nie veel in die pot oor nie? Kan ek gou vir jou ’n koppie kitskoffie maak?” vra Barbie. Ook maar lekker plooi langs die oë, dink Hanna, wat nou naby die vrou staan en reg in haar gesig in kyk.

“Dankie, Mevrou.” Sy sê selde nee as iemand anders vir haar iets wil maak.

Barbie staan in die kombuis en wag vir die ketel om te kook, pak ’n skinkbordjie met ’n beker koffie (dié keer trek die stoom daaruit), melk en suiker, sit selfs ’n paar koekies op ’n bord. Hanna plak solank die boks met die koppies in styf toe, en merk dit met ’n dik swart kokipen: Stoor.

“So ja, Mevrou.” Barbie beduie na die skinkbordjie op die tafel. “Maak jou tuis.”

Hanna dink aan die goue koppie vol bruin koffievlekke in die boks en wonder of dit tuis genoeg is. “Dankie, Mevrou. Ek sal.” Sy gaan sit by die tafel, doop een vir een die koekies in die koffie, wat skielik blikkerig en vaal smaak, al is dit warmer as die halwe koppie van vroeër. Die beker sit dik en grof teen haar mond. Die biskits proe plêstiek. Die vrou verdwyn weer uit die kombuis, die trappe op. Hanna weet nie of sy haar verbeel nie, maar sy dink sy het haar oë sien blink. Sy hoor hoe sy haar neus op die trap boontoe uitblaas.

Sy drink nog so toe stop die man se kar. Sy hoor die kardeur klap en sy verbeel haar sy hoor hom vloek. Hy kom die kombuis in, groet haar nie, struikel oor ’n stuk koerant wat die wind by die kombuisdeur ingewaai het. *Onlus op die Vlakte* lees sy die dik swart opskrif op die voorblad van die koerant. Hy tel die stuk papier op, frommel dit en gooi die bondel eenkant in ’n hoek. Hy jaag die trappe twee-twee op. Seker iets vergeet. Wanneer hy bo kom, is dit stil. Sy wonder wat gaan bo in die huis aan, waar hulle is, wat hulle doen.

Sy stap uit die kombuis uit die portaal binne en sit haar hand op die trap se rail. Die rail is blink gepolish en glad onder haar hand. Gladder ás haar hand, dink Hanna. Sy loop die trappe stadig op, hoor elke plank wat kraak.

“Ekskuus tog,” sê sy wanneer sy bo in die gang kom. Sy wil tog nie die een wees wat die kind wakker maak nie. Die man kom vinnig uit een van die kamers, hy lyk verbaas, amper of hy geskrik het toe hy haar sien.

“Mevrou,” sê hy, neem haar, heel sag, aan die bo-arm, en lei haar terug na die trap toe. Hy hou sy vinger voor sy mond.

“Jammer om te pla Meneer,” sê Hanna, hard, “ek wil net weet,” maar hy beduie woes en wys weer met die vinger voor die mond dat sy moet stilbly, en sy dink die plathand onder sy een oor beteken dat die baba slaap. “Sorry,” sê sy – sy fluister nou – “maar ek weet nie hoe verder nie. Watter van die bordegoed bly in storage en watter gaan oor die see?”

“Ek kom gou af,” fluister hy terug. Hanna wonder of hy enige clue het van wat hier moet bly en wat moet gaan. Sy dink nie hy het veel sê nie – dis die vrou wat die broek dra in hierdie huis. Sy wonder of hy ooit weet van sy ouma se goue koppies wat in die stoor gaan staan en stof opgaan.

Onder in die kombuis wys Hanna vir die man die stelle eetgerei wat die kaste vol staan. Hy kyk verbaas na al die goed. “Jinne, Mevrou, ek weet nie,” sê hy. “Hou maar dié een uit vir Londen,” hy wys na ’n gewonerige eetservies, kon nie te duur gewees het nie, “en bêre maar die res in die stoor.”

“Goed Meneer,” sê Hanna, en draai van hom af weg om aan die werk te kom.

“En, Mevrou,” sê hy dan, vryf deur sy vuil hare. “Daar’s so ’n mooi teestel, die koppies en die pierings het sulke goue randjies om; weet u dalk waar dit is?”

Gods, dink Hanna, hy weet. Hy weet van my en die koppie.

“Weet u dalk of dit Londen toe gaan of stoor toe?”

Miskien nie. Miskien weet hy net dat sy vrou die koppies hier wil los.

“Dis maar hier êrens rond, Meneer,” lieg Hanna, en skop-skop teen die boks met die koppies reg voor haar voete van senuwees. “Die mevrou het gesê dit moet storage toe.”

“Ek sien.” Hy loop by die kombuis uit, terug trappe toe, draai om net toe hy sy voet op die eerste trap sit. “Mevrou.” Hy staan die deurkosyn vol. “Maak asseblief seker dat daai koppies op die skip is oorsee?”

Hanna knik. Sy kyk hom agterna wanneer hy die trap op loop. Sy staan met haar oë op skrefies getrek en kyk vir die boks. Ag Jirre tog, wat nou? Wat sukkel hulle so met die donnerse koppies? Sy wonder of die man vir sy vrou sal sê dat hy besluit het om die koppies te vat. Wat moet sy doen oor die vuil koppie in die boks? Die wind huil weer buite maar sy hoor dit nie, so dink sy.

Sy sal die koppie moet uithaal, was, en weer bêre. As hulle die verdomde boks in Engeland oopmaak en die koppie is vol moer, sal hulle dadelik weet dit was sy. Hulle

sal Meneer Arendse bel en hy sal haar fire. Hy't laaskeer al vir haar gesê sy pak op dun ys.

Dis stil bo in die huis; sy sal die kans moet vat. Gelukkig het sy *Goue Teeserfies* op die bokant van die boks geskryf – sy weet presies watter een dit is. Sy gebruik die lem van 'n skêr om die bruin tape stukkend te sny, stop kort-kort om te luister of daar nie voete by die trap af kom nie. Dis 'n geluk dat die huis houttrappe het: 'n mens hoor dit myle ver. Soos sy sny, soek sy 'n verskoning vir as hulle dalk hier aankom terwyl sy in die boks staan en krap, maar sy kan nie lekker op die soekery én die dink gelyk konsentreer nie. Sy probeer eerder so vinnig as moontlik weer die koppie kry. Sy skil lae en lae koerantpapier van die verpakte koppies af, hoekom pak sy tog so blêrrie goed? Sy proe die nasmaak van die kitskoffie in haar mond; spyt is bitter op haar tong. As sy maar net die ander koffie ook uit die wit beker gedrink het, sy wil mos haar kom grênd hou hier in die ryk mense se huis.

Hanna hoor voete op die trap. Sy staan stokstyf, stukke wit papier en 'n skoon goue koppie in haar hand. Sy druk die koppie terug in die papier en laat val dit tussen die ander in die deurmekaar boks, druk weer die pante van die boks bo bymekaar en soek na die tape, maar, goddank, die voete stop net voor die kombuis. Sy hoor vir Barbie skree. “Bart!” skree sy. “Kom help my gou hier.” Hy loop weer boontoe.

Het sy genoeg tyd? wonder Hanna. Sy panic nou. Durf sy weer begin krap? Sy't al die koppies bolangs deurgekyk, daar kan maar een oor wees. Dit móét hy wees. Sy ruk die boks weer oop, haal die laaste netjiese bondeltjie uit, skeur die papier af. Sy ruik koffie voor sy die vuil koppie sien. Sy stap vinnig oor na die wasbak, maar wanneer sy die kraan oopdraai, kom die voete weer terug. Bliksem, die boks. Sy druk die koppie in haar voorskoot se sak, hardloop na die boks, druk die bokant toe en tel vinnig 'n ander boks bo-op, sodat 'n mens nie die gapende opening kan sien nie. Sy hoor die man in die voorportaal krap. Sy weet sommer hy is op pad kombuis toe.

“Mevrou, het jy enige idee wat ek net-nou met my sleutels gemaak het?”

“Daar by die ketel, Meneer,” sê sy, en wys na die sleutels wat nie 'n halwe meter nie van die boks met die goue koppies af lê. “Daar lê hulle.” Haar stem bewe soos sy praat, sy hou haar arm oor die bultende sak van die voorskoot, waar die koppie is. Hy vat ingedagte sy sleutels, knik sonder om vir haar te kyk, gaan by die agterdeur uit. Sy haal die boonste boks weer af, slaan die flappe oop, maak netjies waar sy die boks se binnegoed deurmekaar gekrap het. Sy trek die flappe bymekaar, gryp haar rol tape, plak dit toe. Sy plak 'n Londen sticker bo-oor die Stoor op die boks.

Sy begin weer werk. Die klikgeluid van die vrou se hakke kom die trap af. Net betyds, dink Hanna; sy sug amper hardop. Dan druk sy paniekerig haar hand in haar voorskoot se sak. Fok, sê sy amper. Sy het vergeet om die koppie terug te sit!

Barbie kom die kombuis binne, stap tussen die bokse rond. Sy check my op, dink Hanna. “Sjoe, jy vorder né,” sê die vrou. Bitch, dink Hanna. Barbie stop by die goue koppieboks, buk vooroor, trek die Londen-plakker af en skryf met die dik koki *Stoor*. Sy kom regop, buk weer af, en omkring *Stoor* drie keer woes. Té woes vir haar fyn opgemaakte gesig. Sy glimlag vir Hanna, loop by die kombuis uit. “So ja,” hoor Hanna haar sê.

Hanna weet Barbie wens dat sy wat Hanna is klaarkry, haar goed vat en loop. Maar self wil sy ook nie pak nie.

Hanna werk. Sy pak messe en vurke, borde en bekers. Sy steur haar nie aan mooi of lelik nie. Sy wonder nie oor waar die goed vandaan kom, of wat dit gekos het nie. Sy pak net, soos sy moet.

“Hoe gaan dit hier Mevrouw, amper klaar?” Die man kom weer in, glimlag vir haar.

“Amper klaar, Meneer, ek is by my laaste boks. Ek het al die trok gebel.” Sy wonder oor die koppieboks, of hy weet dat sy vrou weer besluit het dit moet bly. Hanna is lus vir moeilikheid maak (sy hou nie van die vrou nie), al lê die goue koppie nou onder in haar handsak toegedraai in haar serp, en al is sy die een wat die diepste in die moeilikheid sal wees, as daar moeilikheid kom. Sy het besluit om hom te hou, die koppie, pieringloos en al. Maar sy bly stil, sy sê nie vir die man van sy teef en haar koki nie – dis beter so as hulle nie té gou die boks met die koppies oopmaak nie.

Hulle hoor die remme van die vragmotor wat buite in die straat stop. Hulle hoor die stemme van die laaiers wat vir mekaar van die trok af skree. Die voordeurklokkie lui. “Ek sal oopmaak,” sê die man.

Barbie kom ook, kind op die arm, die trappe af. Die kind is pienk geslaap. “Dankie, Mevrouw,” sê sy, “ek weet nie wat ek sonder jou sou gedoen het nie.”

“Dis niks. Dis my werk.”

Die man neem beheer. Hy wys waar die bokse moet gaan – hawe toe of stoor toe. Hanna sien hoe hy die koppies uitstuur saam met die stoorgoed. Sy wonder of hy vergeet het dat hy dit wou saamneem, en of hy net nie omgee nie. Miskien was dit nie vir hom oor die koppies nie, miskien was hy net kwaad vir sy vrou.

Die trok is vol bokse, die kombuis leeg. Die man en die vrou en die kind staan by wanneer Hanna haar handsak neem. Sy kyk grond toe as sy hulle groet. Sy stap in die

paadjie af straat toe; hulle praat al klaar weer van vliegtuigkaartjies en kos vir die kind.

Hanna sit by die tafel in haar kombuis. Oor die blad lê 'n gebleikte, gehekelde doek. Bokant die tafel hang 'n gloeilamp in 'n stowwerige wit kap – maar die lig is nie aan nie; dit is dag. Die son skyn fel deur die kantgordyne voor die venster en gooi geel kolle op die wit en blou blokke van die Novilonvloer. Radio Sonder Grense speel oor die draadloos wat in die hoek op die kombuiskassie staan. Die ontvangs is nie te goed nie; nou en dan kraak dit, dan draai Hanna aan die groot grys knop.

Haar pinkie wys regop die lug in. Sy neem klein slukkies tee uit haar koppie met die goue rand. Sy drink stadig, klik so nou en dan met haar tande teen die fyn porselein. Sy sit die koppie op die tafel neer; dit staan skeef op die gate van die gehekelde doek. Sy kyk weer na die goue patroon. Die randjie blink mooi in die helder lig.

Sy drink die koppie leeg. 'n Trein dreun by die woonstelblok verby; hy fluit. Hanna kyk op haar horlosie. Alweer elfuur, dink sy. Sy draai die radio harder vir die nuus. Misdaad, korrupsie, sport. Sy sit dit af.

Sy spoel die koppie onder die kraan uit, droog dit versigtig met 'n vadoek af. Sy maak die kas bo die ketel oop. Op die boonste rak staan 'n ry koppies. Een met klein blou blommetjies beverf. 'n Ligte groene met pienk en wit rose. 'n Gele, 'n perse, een met tjoklitbruin patrone maar sonder 'n oor. Sy kan elke een se huis, elke een se mense, so duidelik soos gister onthou.

Hanna skuif die nuwe koppie versigtig op sy plek tussen die ander in. Sy staan terug, haar hande op haar sye. Hy blink trots. Vatso, dink sy.

Daar is net een ding waaroor sy spyt is. En dit is dat sy nie die boks weer oopgemaak en die piering ook maar uitgehaal het nie.

## Die laai

AS jy in die gang van die trein af stap eetsaal of toilet toe sien jy hoe stukkie sneeu aan die binnekant van die vensters sit. Soos groot vet goggas glip hulle tussen die ruite deur; die trein is oud en die vensters maak nie meer dig toe nie.

Gelukkig is Lucia knus in 'n kompartement, haar pienk mus laag oor haar ore getrek, en lê Arthur snoesig in sy saagsels in sy bokshuisie binne-in sy hok. Sy wou nie die simpel pienk mus bring nie – sy verpes 'n ding op haar kop – maar nou is sy bly haar ma het gesê sy moet. Arthur is seker die enigste een op die trein wat glad nie koud kry nie, dink Lucia; vir hom is die winter die beste tyd van die jaar. Partykeer as dit somer is en drukkend warm, bêre sy hom in die yskas, want Siberiese hamsters kan dood gaan as hulle te warm kry.

Arthur slaap; Lucia hou die mense om haar dop. 'n Ou vrou sit aan die oorkant van die paadjie. Haar sokkies loer tussen die bande van haar sandale deur. Hulle stink seker, dink Lucia, nes Miss Inessa s'n gestink het. Miss Inessa het saamgekom Praag toe destyds, daardie eerste keer. As Lucia haar been reguit maak, kan sy met haar skoen se punt net-net aan die vrou s'n raak, maar sy wil nie. Die grys kop knik, knik met die rukkerige bewegings van die trein. Haar rimpelhande klou aan die skouerbande van die leersak op haar skoot. Die hande is knopperig en benerig. En leeg. Lucia soek na ringe want sy's gewoond aan vingers vol goud en kleurvolle stene, maar daar is niks nie. Net velle, bene, knoppe en oumenskolle die kleur van Marmite. Nes Miss Inessa gehad het, voor sy weg is. Behalwe dat daar ringe tussen die knoppe en vlekke van haar vingers was – baie van hulle.

Die vrou se asem ruik seker ook na aartappels, dink Lucia. Sy wonder of Miss Nessa ook deesdae so lyk.

Sy hou self styf vas aan die hokkie op haar skoot. In haar een hand is die handvat bo-op die dak van die hok en haar ander arm hou sy beskermend rondom die tralies, amper soos wat sy saans haar arm om haar pa se nek gesit het toe hulle nog stories gelees het voor slapenstyd. Stories van prinsesse wat bo in torings opgesluit is, ridders en konings, mere vol monsters en drake en kinders wat verdwyn na betowerde lande waar hase kan praat. Stories oor die wind wat deur die wilgers waai. Sy vryf oor die kant van die hok, tik-tik met haar vinger om te sien of Arthur nie uit sy huisie wil kom nie. Sy wens sy kon Arthur vir Miss Inessa wys. Sy wens Arthur wou op sy agterpote staan en sy snorre vir Miss Inessa beweeg, vir haar wys hoe hy in sy wieletjie spin. Sy het hom gekry kort na Miss Nessa weg is – haar ma het hom een

middag huis toe gebring. Sy wonder of Miss Inessa van die hamster sou hou; vir haar was daar eintlik net een dier op aarde en dit was haar grys, groenoog mannetjieskat. Vir enige iets kleiner as 'n kat het sy gegril.

Sy hoor Arthur kriewel binne die boksie wat onderstebo in die hoek van die hok staan, 'n gat vir 'n deurtjie aan die kant van die boks uitgesny, maar hy wil nie uitkom nie. Hy hou nie van treinry nie, sy weet dit lankal. Eenkeer het hy opgegooi.

Skielik wonder sy of sy Arthur se kos ingepak het. Lê dit nie nog op die rakkie in die kombuis van haar ma se huis waar sy al die hamstergoedjies hou nie? Haar pa sal niks wil weet van troeteldierwinkel toe gaan om hamsterkos te koop nie. Sy hou in elk geval nie van die troeteldierwinkel naby haar pa se woonstel nie. Die diere is vuil en die winkel ruik suur. Dit help ook nie hulle stuur vir Dmitri nie, hy kom altyd met die verkeerde goed terug. Haar pa wil nie hê dat sy alleen saam met Dmitri gaan nie. Maar sy is seker sy het onthou, en as sy dit vergeet het, sou haar ma wel die sakkie kos ingepak het. Al is dit net om seker te maak dat haar pa haar nie terug huis toe stuur voor die naweek verby is nie. Sy skud haar kop dat die dik bos swart hare eintlik wip.

Die trein steier uit 'n tunnel en ploeter voort bo-oor die aarde. Hulle is nou in die stad, die lang wit ooptes van die platteland is verby. Sy hou die geboue dop wat een vir een deur die raam van die venster speel, soos 'n film; almal hoog, almal grys, almal oud en almal mooi.

Opeens weet sy dat dit is hoe Miss Inessa deesdae lyk, sy en haar hande vol kolle en ringe.

Die stasies volg nou vinnig op mekaar. Sy hoop Arthur is oukei, dis juis hier wat hy die keer naar geword het. Sy dink dit was van die stop en ry, stop en ry. Maar daai keer was dit baie warm, die trein te vol en die mense sweterig en bedompig van die somerhitte. Arthur hou mos nie van hitte nie. Vandag is dit koud, Praag se strate lê wit en oral waar daar lysies of riwwe is trek die sneeu strepe op die geboue; sy't iemand net-nou hoor sê die rivier is verys. Sy wonder of sy sal kan skaats, soos verlede winter, by haar ma se familie in Rusland. Dit was die laaste keer wat sy haar ma hoor lag het.

Die trein trek by 'n stasie in. Sy moet afklim. Sy tel haar naweektassie in die een hand op, Arthur se hok in die ander. Mense druk aan haar om op die perron te kom, sy moet net keer of hulle stamp teen die hok. Sy beland met 'n hik op die teer en kyk rond. Sy sien nie haar pa nie. Sy sien ook nie vir Milena nie. Wie sal dan hier wees om haar op te laai? Sekerlik nie Dmitri met wie sy nie alleen mag wees nie, al sal dit

vir haar die lekkerste wees om sy lang, maer gesig hier tussen al die vreemdes te sien. Maar sy sien hom nie. Sy sien niemand wat sy ken nie.

Sy gaan sit op 'n bankie op die perron waar sy aangekom het en wag. Sy voel heel veilig hier, sy ken die stasie goed. As iemand haar kom soek, sal hulle tog seker hiernatoe kom, dink sy. Tensy daar 'n misverstand was en hulle vir haar by die uitgang wag? Miskien was haar pa nie lus om sy motor te gaan parkeer nie, hy raas altyd oor die ent wat hulle moet stap tot by die kar. Veral vandat Arthur saamkom, want nou stap sy ekstra stadig. Dat die hokkie nie te veel skud nie. Maar sy weier om hom by haar ma te los, na die keer toe sy terug by die huis gekom het en daar 'n kewe in Arthur se kosbak was. Van toe af bring sy hom liewer saam. Haar ma is nie so goed met hamsters en kinders nie. Haar pa en Milena nog minder.

Dmitri kom oor die perron aangedraf. Lucia herken sy maer, lang lyf. Hy lyk soos 'n prentjie van 'n stokmannetjie. Sy giggel. Hy het 'n swart broek en baadjie aan. Om sy nek is 'n donkergroen serp gevou.

“Juffrou Lucia!” roep hy, uitasem van die hardloop. Sy gesig is rooi, hy hoes 'n paar keer in sy wit sakdoek. Sy oë water, hy vee oor sy gesig. Sy wonder of hy al die pad van die huis af gehardloop het.

“Dmitri!” roep sy terug, spring te vinnig op, Arthur se hok skud dat die water uit die glaspypie stort. “Ek is bly om jou te sien!”

“Meneer Tomas wag in die motor by die deur. Hy wou nie daar anderkant parkeer nie, toe bring hy my saam. Mevrouw Milena is nog by die haarkapper. Kom, ek vat jou tas.”

Lucia en Arthur hop agter Dmitri aan. Sy is seker haar pa het Dmitri die dood voor oë gesweer as hulle draai. Sy weet hoe ongeduldig hy is, hoe hy daar in die motor sit en sy horlosie dophou, sy been op en af aan die spring en sy oog aan die knipper. Hy het 'n duisend senuweemaniertjies, sê haar ma. Dmitri jaag haar aan, op sy sagte, vriendelike manier. As sy nie so baie van hom gehou het nie sou sy haar glad nie aan hom gesteur het nie, so gaaf is hy. Dmitri se broek is bietjie kort, sien Lucia terwyl sy agter hom aandraf en die vloer dophou dat sy en Arthur nie oor iemand se bagasie val nie. Sy wonder of haar pa hom te min betaal.

Lucia, Dmitri en Arthur verlaat die treinstasie aan Václavské Náměstí se kant. Haar pa sit in die groot swart kar met sy groot swart sonbril op. Sy swart hare blink taaierig en hy het 'n swart hemp en broek aan. Dmitri laai haar tas in die katebak en haar pa beduie vir hom om die hamsterhok ook agterin te laai. Lucia weier. Sy klim

by die agterste deur van die motor in en buig vooroor na haar pa toe wat tussen die voorste sitplekke deur agtertoe leun om haar te groet. Hy soen haar op altwee wange.

“Lucia, hallo,” sê hy. “Hoe was die reis? Hou tog die hok regop dat die saagsels en water nie weer op die sitplek mors nie.”

“Hallo Pappa,” antwoord Lucia. “Ek hou Arthur op my skoot. As dit mors, is dit op my.”

“Arthur?” Haar pa kyk haar onbegrypend aan. “O, die muis,” sê hy. “Goed Lucia, maar asseblief, die motor is gister skoongemaak.” Sy verwerdig haar nie om hom reg te help nie.

Die groot kar vaar by die stasie uit. Sy sit teen die venster en hou die wit wêreld buite dop. Die grond is wit; die lug is wit. Die lig ook. Hulle ry regs verby Wenceslasplein in die rigting van Nové Město, die buurt waar haar pa en Milena bly. En Dmitri. Sy hou van Wenceslasplein, maar sy hou nie van Nové Město nie. Sy verkies Staré Město, waar sy, én haar ma en pa, én Miss Inessa gewoon het. Voor als.

Miss Inessa het ook nie van Nové Město gehou nie. En ook nie van Milena nie.

Haar pa parkeer voor die woonstelblok waar hulle bly. Sy klim uit, Dmitri kry haar tas. Haar pa hou die swaaideur van die gebou vir haar oop. Die conciërge groet haar vriendelik, vra hoe dit met Lancelot gaan. Verkeerde ridder, dink Lucia, maar sy sê maar goed, dankie.

Hulle ry met die hysbak op tot die boonste verdieping waar haar pa se dakwoning is. Haar pa kyk vir homself in die hysbak se spieël; Dmitri kyk net vir die nommertjies wat rooi word bo die deur soos wat hulle by die verskillende vloere van die gebou verbyry. Die deur gaan oop, haar pa stap eerste uit die hysbak, dan sy en Arthur en laaste kom Dmitri met die tas. Dmitri sluit oop, gaan sit haar tas in haar kamer neer. Sy en haar pa volg. En Arthur.

“Dmitri, sal jy vir Mevrouw Milena gaan haal asseblief?” vra haar pa. “Ek is nie nou weer lus vir uitgaan nie.” Dmitri bring vir haar pa ’n koerant.

“Goed, Meneer,” sê hy, en vat die motorsleutels by haar pa. Lucia wonder wat Milena hieroor sal sê. Sy weet Milena hou nie van Dmitri nie; haar pa sal sonder hom vergaan.

“Juffrou Lucia, daar is ’n fles warm sjokolade en croissants in die kombuis,” sê Dmitri voordat hy deur die voordeur verdwyn. Lucia is nie juis honger nie, maar sy is bly oor die verskoning om uit die sitkamer te kom. Sy gaan bêre eers vir Arthur in haar kamer, gooi vars water in sy waterbuis en maak sy hok netjies na die reis. Dan kry sy haar boek uit haar tas, skink ’n beker vol warm sjokolade in die kombuis en

neem 'n bordjie met 'n croissant. Sy gaan sit op die enigste plek in hierdie woonstel waarvan sy regtig hou – in een van die groot vensters wat in die kasteel se rigting kyk. “Pražský hrad, Pražský hrad,” prewel sy terwyl sy haar oë op skrefies op die veraf kasteel hou. Die prentjie is amper dieselfde as wat sy uit haar slaapkamervenster in die ou huis gesien het. Hoeveel stories het sy en Miss Inessa nie oor die kasteel opgemaak nie. Sy wonder of Miss Inessa hulle almal kan onthou, en of sy nog partykeer daaraan dink. Sy wonder of sy 'n kasteel kan sien.

“Wat staar jy so, Lucia?” vra haar pa van die bank af waar hy die koerant sit en lees.

“Ag, ek kyk sommer na die kasteel,” antwoord Lucia en laat sak haar oë na die boek in haar skoot, al lees sy nie.

“O, ek het amper vergeet om vir jou te sê,” sê haar pa. Hy laat sak die hoek van sy koerant, loer oor die woorde en foto's na haar. “Ek het 'n brief gekry vroeër die week van die Doronin-familie in Moskou.” Lucia kyk gretig op, dit is Miss Inessa se van. “Onthou jy vir Inessa Doronin, die ou tannie wat lank gelede na jou gekyk het, toe jy klein was?” Lucia knik vinnig.

“Wel, ek is dan jammer om vir jou te sê, maar sy is onlangs dood. Haar hart het ingegeë. Sy was blykbaar nie lank siek nie en haar familie is bly dat sy 'n lang lydingsbed gespaar is. Hulle sê sy is getroud kort voor haar dood. Op so 'n hoë ouderdom, nogal!” Haar pa tel sy skouers op terwyl hy praat, lig weer die bokant van sy koerant terug oor sy gesig. Hy lees verder.

Lucia staar geskok na die agterblad van die koerant. Dit kan nie wees nie. Dit kan nie waar wees nie! Sy glo hom nie. Sy glo niks wat hy sê nie. Sy glo nie haar pa het 'n brief van Miss Inessa se familie gekry nie en sy glo ook nie Miss Inessa is dood of siek óf getroud nie. Sy glo niks nie, haar pa jok. Hy lieg deur sy tande. Lucia weet hoekom hy so jok. Sy het die laaste tyd begin vra na Miss Inessa en sy weet dit irriteer haar ma. Lucia wil hê Miss Inessa moet weer by hulle kom bly, en haar ma wil nie. Haar ma weet en haar pa weet ook dat sy wat Lucia is veel eerder by Miss Inessa in Moskou sal gaan bly as by haar pa in sy koue woonstel in Praag of by haar ma in haar deurmekaar huis in Karlovy Vari. Hulle weet dat sy vir Miss Inessa die liefste is. Dis nou behalwe vir Arthur. Miskien is sy vir Arthur en Miss Inessa ewe lief.

Sy plak haar boek op die vensterbank neer en vlug na haar kamer toe. Sy hoor hoe haar pa sy koerant laat sak en sy voel sy oë op haar rug. Sy maak die kamerdeur agter haar toe. Sag, dat hy tog net nie op haar moet skree nie, al is sy lus en klap die deur dat die kosyne skud. Sy gaan sit op die rand van die bed en tel Arthur se hokkie op

haar skoot. Sy maak die deurtjie oop, lig die hamster se huisie op en streel oor die kop van die diertjie wat daar sit. Arthur se lyfie is ineen getrek en daar is net twee strepies waar sy oë moet wees. Hy maak die swart koppiespeldogies oop en kyk na Lucia. Hy gaan sit op sy agterstewe en sy voorpote hang vorentoe. Sy snorbaarde wip opgewek.

“Arthur,” sê Lucia, “jy’s die enigste een wat my verstaan.” Sy tel die hamster uit sy hok en hou hom in haar linkerhand. Met haar regterhand streel sy sy grys pels. “En jy is nie ’n muis nie, hoor Arthur. Hý is die muis.”

Arthur wikkel sy neus asof hy wil sê hy stem saam. Lucia hoor die voordeur oopgaan. Sy luister na Milena en Dmitri se stemme, haar pa wat vir Milena sê hoe mooi sy lyk, nes die eerste keer toe hy haar in Venesië ontmoet het – hy sê dit altyd, en dan glimlag sy skelm vir hom. Lucia weet haar pa vat Milena om haar lyf, soen haar rooi mond, neem haar jas en haar handsak en gee dit vir Dmitri aan, wat soos ’n kapstok met sy arm in die lug staan en soos ’n slaaf die jas in die kas gaan bêre. En sy weet Milena vertel vol aansit van die bekende mense wat sy in die haarkapper gesien het en die belangrike vroue wat met haar kom praat het: al die haarkapperstorie-tjies waarvan Lucia net mooi niks wil hoor nie. Sy sit weer vir Arthur in sy hok, haal ’n neut uit sy kospakkie wat hy met sy voorpote deur die hok se gleufies vat, en gaan lê op haar bed met die kussing oor haar kop. Sy konsentreer op Arthur se kougeluide, dat sy nie die stemme binne moet hoor nie. Sy weet haar pa gaan haar binnekort roep om vir Milena te kom groet. Miskien sal hy dink sy treur, en haar uitlos.

Treur se voet, dink Lucia, sy glo niks wat haar pa sê nie. Sy ken hom vir twaalf jaar lank. Hy het al oor belangriker dinge as dit gejok.

Lucia moes aan die slaap geraak het; toe sy wakker skrik, die kussing nog oor haar kop, hoor sy hoe Arthur in sy wieletjie hardloop. Sy weet dit word aand: Arthur spin nooit in die dag nie. Sy lig die kussing op, dit is sowaar skemer. Sy sit regop in haar bed, deur die venster kom die aandkleur grys, en die geboue onder haar en verder die stad in wemel van vuurvliegieliggies. Sy kan nie die kasteel uit haar slaapkamer sien nie, maar sy weet dit is nou toegedraai in ’n goue ligkombers: wasig, spookagtig; ’n geheim.

Sy wil net opspring en gaan kyk, dan onthou sy van Miss Inessa en haar pa se leuens. Sy kyk af grond toe, hou vir Arthur in sy hokkie dop. Arthur spin om en om in die hamsterwiel, sy dun spaghettivingertjies gryp blitsig die platieksparetjies van die wiel vas om hom nog ’n keer in die rondte te draai. Arthur se kort agterbene hou by, sy wollerige grys lyf rippel van beweging. Sy swart ogies knip nie eers nie, so hardloop hy. Lucia wonder of hy in sy gedagtes van iets af weghardloop. Hoe wreed is dit nie,

dink sy, dat die diertjie elke nag om en om in dieselfde wiel moet hol, terwyl hy nie eers kan onthou hoe die grond of die sneeu onder sy wit pootjies sal voel nie. Lucia voel haar oë brand, sy is na aan trane oor Arthur se lot, oor sý die een is wat hom in sy hokkie hou. Iemand tik aan die deur van haar kamer.

“Juffrou Lucia,” praat ’n sagte stem by die deur. Dit is Dmitri, dank vader. Lucia vee oor haar neus en snuif. “Kom binne, Dmitri,” roep sy dan.

“Is alles reg, Juffrou Lucia?” vra Dmitri besorg, en Lucia wil sommer huil omdat hy so gaaf is.

Sy hou haar besig by Arthur se hok. “Ja dankie, Dmitri. Waar’s my pa-hulle?”

“Hulle drink ’n drankie in die sitkamer. Hulle wil gaan uiteet by die restaurant naby die brug, die een wat Juffrou Lucia so baie van hou. Hulle het gevra ek moet kom kyk of juffrou reg is.”

“Wat van Arthur?” vra Lucia. Sy hou van die restaurant. ’n Mens kan die kasteel van daar af sien, veel nader as van hier, en daar is swane wat op die rivier dryf. Sy hou daarvan om oor die brug te stap – sy en Miss Inessa het dit altyd gedoen – en te staan en luister en kyk na die straatmusikante, die grapmakers, mimiekartieste en die beste van alles, die weirdo’s wat lyk of hulle nêrens tuishoort nie.

“Ek sal by hom bly?” bied Dmitri aan.

“Gaan jy nie uit nie?”

“Nie vanaand nie.”

“Belowe?”

“Belowe.”

Lucia kyk na Arthur wat nou aan sy waterpypie staan en drink. Sy kan verstaan dat hy dors is na al die gehardloop. Sy wens sy kon hom saamvat, maar sy hét hom eenkeer geneem, en die eienaar van die restaurant wou hom nie toelaat nie, al het haar pa aangebied om vir Arthur se toegang te betaal. Die man het geraas oor knaagdiere en peste en Lucia het geweier om by die restaurant in te gaan. Van toe af mag sy nie meer vir Arthur saamvat as hulle gaan uiteet nie.

Sy is lus vir die restaurant by die brug se steak en tjips, so dun soos skoenvetertjies.

Sy onthou dat sy nog kwaad is vir haar pa wat so gejok het oor Miss Inessa, en neem haar voor om saam te gaan, maar nie met hom te praat nie. Sy wonder of sy sommer vir Milena ook sal ignoreer.

“Dankie Dmitri, ek weet jy sal mooi na hom kyk. Ek los die neute hier op die kassie.” Lucia spring van die bed af op en haal die sakkie neute uit haar tas. “As dit

vir jou lyk of hy te veel na my verlang, kan jy maar vir hom een gee.” Sy sit die neute neer, glimlag vir Dmitri. “Ek’s nou daar.”

Dmitri knik en trek die deur agter hom toe. Lucia haal ’n rooi baadjie uit haar tas, trek die rolnektrui wat sy aangehad het uit, en die sagte baadjie oor die langmoutoppie wat sy onder die trui dra. Sy hou van mooi aantrek, en mooi klere, en mooi lyk. Veral as ’n mens uitgaan. Miss Inessa het haar so geleer.

Sy haal vir Arthur uit sy hokkie en druk die sagte lyfie tussen haar twee hande vas. “Tata Arthur.” Sy soen die hamster op sy ruggie, al het haar ma gesê sy mag nie, en al is sy seker Miss Inessa sou iets oorkom as sy met haar lippe aan die hamster raak. Sy sit vir Arthur terug, hy staan op sy agterpote; sy snoet bewe en sy snorbaarde wikkel en sy ronde ogies staar beskuldigend na haar. “Ek sal nie lank wees nie. Ek is nou weer terug. Ek bring vir jou ’n tjippie.”

Haar pa en Milena sit in die sitkamer. Milena staan op, en soen haar gesig. Sy het nog nie vir Milena gegroet nie, en soen haar sonder veel entoesiasme terug.

“Lucy, hallo kind.” Milena hou daarvan om haar Lucy te noem. Miss Inessa sal dit háát as sy dit hoor. Sy het altyd gesê Lucia is so ’n statige naam. Lucy is so plat. “Ek het net-nou by jou kamer ingeloer om jou te groet, maar jy was vas aan die slaap.” Milena hou bekommerd haar hand op Lucia se kop; wat weet sy tog van ’n kind se koors?

“Jy is darem nie warm nie,” kondig Milena aan. Sy gaan sit langs Lucia se pa op die bank en steek een van haar lang sigarette op. Rook maal voor haar gesig verby, agter die rook sien Lucia die lyne op haar mooi gesig waar haar grimering kraak; in die venster agter hulle straal die kasteel.

Lucia gaan sit op die rand van die enigste oop stoel in die kamer. Lucia se pa drink sy vodka en Milena rook haar sigaret. Lucia wonder of sy nie liewer in die kamer by Arthur moet gaan sit en wag totdat hulle vertrek nie. Maar haar pa staan op. “Kom,” sê hy. “Kom ons gaan eet, dat ons nie te laat terug by die huis is nie. Lucia is moeg.”

Haar pa bestuur die groot motor deur die nou strate van die woonbuurt, dit is donker buite en koud; mense loop met jasse wat tot op die grond hang, musse en serpe. Hul voete is gestewel, hulle kindertjies is veilig toegemaak en beskut teen die weer – en alles anders – binne hul stootwaentjies se plastiekomhulsels. Haar pa ry stadig; sy kan party van die mense se gesigte sien. Ou mense, jong mense, mooies en lelikes. Kinders wat hardloop en vroue wat hulle terugroep – hulle sal gly op die ysige sypaadjies. Sy wonder of elke kind haar eie Miss Inessa het.

Haar pa parkeer die motor aan die ander kant van die rivier, sodat hulle oor Karelsbrug na die restaurant toe kan stap. Dié tyd van die jaar gee hy nie om om dit te doen nie, maar hy wil nie oor Kerstyd of in die somermaande wanneer die brug wemel van toeriste nie. Sy hou daarvan as dit so besig is dat sy voel of sy in die woud van bene kan verdwaal. Hy haat dit om verby mense te skuur en wanneer vreemde mense aan hom raak. Hy verpes die deurmekaarspul van gemengde tale wat hy nie ken nie. Milena hou ook daarvan as dit so vol is, dink Lucia, as elke tweede mens haar mooi gesig en lyf agternakyk; sy maak gewoonlik êrens op die brug 'n scene.

Haar pa sluit die motor, Milena haak by hom in. Lucia stap 'n entjie agter hulle. Sy leun oor die kant van die brug om die grysbruin water van bo af te sien. Die water lê amper doodstil, daar is bykans geen beweging nie. Dit is nog nie ys nie, maar baie naby daaraan.

Haar pa roep haar en sy haal hulle in. Daar is maar min kunstenaars op die brug, selfs vir Januarie. Die standbeelde lyk heeltemal gevries. Die straatlampe bokant die beelde se koppe gooi 'n flou lig, stukkies sneeu stippel hulle hier en daar. Lucia staan langs een van die standbeelde en kyk op na die kasteel. 'n Ou, geboë figuur kom van voor af na haar toe aangestap. Die figuur het 'n lang jas aan en 'n doek oor haar kop. Haar gesig verdwyn onder die doek. Lucia staan botstil en kyk na die vrou wat nader en nader aan haar kom, uit die donker na die ligkol waar sy staan. Miss Inessa, dink sy, dit is jy. Die vrou kom tot voor Lucia, lig dan haar kop dat sy die gesig kan sien. Met 'n tandlose mond vra die vrou vir geld. Lucia ruik haar lyf en die ou wyn op haar asem; haar een oog staar nat en rond soos 'n padda s'n by Lucia verby terwyl die ander een rooi en waterig in haar eie oë kyk. Daar is 'n bruin vlek in haar nek. Lucia staan stokstyf voor die bedelvrou en kry geen woord uit nie, sy staan nog so toe sy haar pa se hand op haar arm voel. Hy trek haar weg, amper té rof, raas met haar dat sy nie met vreemde mense moet praat nie.

“Ek het nie, Pappa,” verdedig sy. “Sy het met my kom praat.”

“Maar jy trek hulle aan met jou alewige gedwalery. Kom nou, dat ons daar kom.”

Hulle stap vinnig oor die laaste helfte van die brug, haar pa in die middel en sy en Milena weerskante van hom. Milena trek alweer aan 'n sigaret, haar vingers wat die sigaret vashou is swart in hul handskoene van gladde leer. Sy soen omtrent die sigaret elke keer wat sy haar lippe daarom vou. Lucia gril. Vir die rook en die pap rooi filter en Milena se asem wanneer sy haar netnou goeienag moet sê.

Die restauranteienaar groet hulle hartlik; die binnekant van die restaurant is lekker warm. Haar pa bestel sommer hulle kos wanneer hulle gaan sit, hy en Lucia eet altyd

dieselfde – steak en tjips – en Milena eet ’n slaai. Haar pa bestel wyn vir hulle en Fanta vir haar. Sy sit terug teen die rooi fluweelstoel se rug, en dink aan die vrou op die brug. Wie is sy, waar kom sy vandaan, hoekom is daar niemand in hierdie stad wat vir haar omgee nie. Hoekom kan sy nie vir haarself sorg nie. Wie sorg vir Miss Inessa?

Sy probeer luister na Milena se gepraterij, haar gedagtes draal by Arthur en Dmitri by die huis. Sy wonder of Arthur slaap. Die kos kom, sy is skielik nie honger nie en peusel aan die vleis. Die tjips eet sy, behalwe vir die paar wat sy in ’n servet toedraai en in haar sak bêre. Sy wens eintlik sy kon die stuk vleis vir Dmitri vat, maar sy weet hulle altwee sal skaam kry wanneer sy dit vir hom gee.

Haar pa en Milena eet ook klaar en drink hulle bottel wyn. Hy betaal. Hulle loop, flink die keer, terug oor die brug na die kar. Die stad se liggies dryf in die stil water. Sy sien geen swane nie, dit is te laat. En te koud. Sy wonder waar hou die swane in die nag.

Hulle ry in stilte terug en wanneer hulle uitklim, is Dmitri daar om die deure oop te hou, die hysbak te roep, die woonstel oop te sluit.

“Nag Pappa, nag Milena, nag Dmitri,” groet sy almal voor sy na haar kamer toe gaan, Milena gelukkig te doenig met die televisie om vir ’n nagsoen te vra.

“Arthur was baie soet,” fluister Dmitri voordat hy homself verskoon. Sy werk vir die dag is uiteindelik klaar. In die kamer kom Arthur uit sy huisie, staan op sy agterpote en groet haar met sy snorbaarde. Sy haal hom uit en troetel hom, kyk hoe hy sy tjips eet. “Dis nie goed vir jou nie, Arthur,” sê sy streng.

Lucia kan nie slaap nie. Die gesigte van die vrou in die trein, die vrou op die brug en Miss Inessa se sagte, swewerige gelaat vervang mekaar pal voor haar oë. Later kan sy die een nie van die ander onderskei nie en verbeel sy haar sy ruik drank en vuil voete. En aartappels. Sy staan op, gaan uit in die gang om ’n glas water in die kombuis te kry. Die ligte in die woonstel is af, haar pa en Milena se kamer is toe en die skrefie lig onder die deur is weg. Sy kry saggies ’n glas in die kombuis, skink dit vol water en drink. ’n Gedagte kom op tussen die gesigte van die vroue. Wat as dit waar is? Wat as haar pa nie gejoj het nie? Sê nou Miss Inessa is regtig dood? Sy sit die glas in die wasbak neer, loop op haar tone terug na die gang. Haar pa se studeerkamer is by die woonstel se ingang, aan die ander kant van die sitkamer. Die deur is altyd oop; sy weet in watter laai hy sy briewe hou.

Sy glip by die studeerkamer in. Die gordyne is nie toe nie en die ligte van die stad en die straatlamp buite die woonstel skyn sterk genoeg dat sy alles duidelik kan sien.

Sy gaan sit op haar pa se stoel en trek die laai oop. Sy sug. Daar lê stapels briewe, hoe sal sy dit alles kan lees? Sy lig die boonste brief van die hopie naaste aan haar af. Dit is 'n rekening, die tweede een ook. Sy bêre die twee rekeninge, kyk na die boonste brief op die stapel langsaan. Dit is van haar pa se broer. Die tweede een is 'n uitnodiging na 'n konsert. Die derde brief vou sy oop. Haar hande bewe. Die dik, swart letters van die brief spring uit die papier op, sy sukkel om die woorde uit te maak. *Geagte Meneer, lees sy. Ek het gedink dat u dalk sou wou weet dat my suster, Inessa Doronin, onlangs na 'n kort siekbed oorlede is. Ek weet sy was veral geheg aan u dogter, Lucia, sy het tot haar dood toe dikwels oor die kind gepraat.*

Lucia sit verslae terug in die stoel, die brief nog op haar skoot. “Dit kan nie wees nie,” prewel sy. Sy sluk, haar keel trek toe. Dit kan nie wees nie, hy maak dit op. Haar pa het die brief geplant, hy het geweet sy sal dit kom soek. Sy draai die koevert waaruit sy die brief gehaal het, om. Haar pa se naam en adres is voorop die koevert, en in die regterkanste hoek 'n Russiese seël en 'n Moskou-stempel, 'n datum amper twee weke gelede. Sy knyp haar oë toe. Sy wil dit nie sien nie, kan dit nie glo nie. Sy kan nie sonder Miss Inessa lewe nie – dit mag eenvoudig nie waar wees nie.

Lucia trek haarself regop uit die stoel en bêre die brief in sy koevert. Dan skeur sy dit in twee, in vier, in soveel stukkies as wat sy kan, en gooi die flenters papier in haar pa se laai. Sy stoot die laai toe. Sy loop terug na haar kamer. In die sitkamer loop die kasteel se goudegeel ligte teen die venster af.

Sy sluit haar kamerdeur. Arthur wag op sy agterpote. Sy gaan sit op die bed, tel die hokkie op haar skoot en maak die deurtjie oop. Die diertjie klim in haar hand. Sy druk hom in haar nek vas. Sy voel sy koue neusie teen haar vel.

Sy staan weer op. Sy hou hom stywer en stywer in haar hand; die warm lyfie woel. Sy maak haar kamerdeur weer oop, stap terug studeerkamer toe. Die stad se lig glip spookagtig by die venster in. Sy hoor 'n deur iewers buite klap, 'n hond wat blaf. Sy stap om die lessenaar tot voor die laai. Arthur probeer uit haar greep ontsnap. Sy trek die laai oop – te ver en dit val op die vloer, briewe en stukkies geskeurde papier lê oor die donkerrooi diamantpatrone van haar pa se persiese tapyt gesaai. Sy het vir Arthur in haar linkerhand, en sukkel om met die ander hand die laai in sy gleuf terug te kry. Eindelik gly dit in. Dan maak sy die briewe en papiertjies bymekaar – nog steeds met die een hand, en die skarrelende Arthur in die ander een. Sy druk hom stywer en stywer; hy is 'n kool in haar hand. Sy gooi alles op 'n hoop in die laai, en bo-op die hoop gooi sy vir Arthur.

Sy pap lyf lê tussen die stukke van die brief. Sy stoot die laai toe, en gaan terug na haar kamer.

University of Cape Town

## Piekniek in die park

AAND kom lê oor die Place des Vosges. Die laaste strale van die son verlig nog die boonste verdiepings van die woonstelgeboue wat in reghoekige rye om die plein staan, maar die onderstes gooi 'n reguit, skemer skadu oor mekaar. In vele vierkante eggo stemme en klap deure; mense kom en gaan deur die groot houtpoorte wat op die plein oopmaak. “Bon soir,” skree iemand; “ca va?” 'n ander.

Sy staan by die venster van hul woonstel op die boonste verdieping van so 'n gebou. Die venster is oop vir die aandgeluide en -lug. Oorkant haar, aan die teenoorgestelde kant van die blok, leun 'n ou vrou met 'n rooi gieter by haar venster uit. Sy drup water in blombakke waar malvas helderrooi hang. Onder oor die keistenoppervlak van die vierkant skarrel 'n swart kat skugter, platgetrek teen vreemdelinge en honde. Daar is baie honde in hierdie stad; hul uitwerpsels lê die sypaadjies vol. Tussen die pienk lig van die aand en die swart van die nag hang 'n sekelmaan. Behalwe vir die maan, is geen hemelliggame sigbaar nie. Net die wit stert van 'n vliegtuig, nou en dan.

Die reuk van brand roep haar terug die woonstel in. Die oomblik wat sy by die stoof kom, en die gasplaat afdraai, kom haar man die kombuis ingedraf, haastig op die spoor van die brandreuk. Hy kom staan langs haar voor die silwer stoof, wat soos 'n landmerk die een muur van die kombuis vol staan. Sy hare is nog nat van die stort, die knope van sy hemp is los. Hy ruik na seep.

“Dis oukei,” sê sy, “dis net die sous. Dit het oorgekook. Dit brand op die plaat, nie in die pot nie.” Hulle glimlag vir mekaar; sy verbrand gereeld hulle kos, so erg dat hulle dit dikwels nie kan eet nie.

Hy skink verlig 'n glas wyn, min lus vir nog 'n aand van wegneemetes.

Hy dek die tafel. Sy braai die beesfillet op 'n riffelpan van swaar, swart yster, begin 'n nuwe bearnaisesous en roer dit dié keer tot die perfekte dikte. Hy maak die pommes frites. Hulle sit aan, klink glase, en eet.

Bo die tafel lag 'n oopmondkind.

“Bonne journée, chérie,” roep haar man terug die woonstel in. “Onthou ek gaan more Barcelona toe.” Hy gryp sy aktetas by die voordeur en hardloop die trappe van die woonstelgebou twee-twee af. Sy hoor sy voete op die marmeroppervlak, die deur wat op die grondvloer agter hom klap. Laat, soos gewoonlik. Bea bly in die kombuis agter, begin die mandjie vir die piekniek pak. Sy sny 'n appel in wiggies, en maak

seker dat geen pitte op die driehoekies wit appelvleis agterbly nie. Sy sit die wiggies, versigtig sonder om hulle te kneus, in 'n plastieksakkie, en dan in 'n bakkie. Sy druk die bakkie se deksel toe. Sy verpak vierkantig gesnyde kaasblokkies in waspapier, en dan ook in 'n plastiekhouertjie. Sy maak 'n fles tee. Die fles het groot pastelblou kolle op. Sy pak 'n klein bekertjie en 'n groter een, vir haarself. Sy sny 'n paar dun skywe van die Franse worsie wat sy die vorige dag by die charcuterie gekoop het, sit dit ook in waspapier en draai dit met plastiek toe. Sy breek 'n paar blokkies sjokolade van die dik blok af wat sy in die kas bo die yskas bêre, waar haar man dit nie sal ontdek en alles op een slag opeet nie. Sy draai dit ook toe en rangskik al die kos in 'n mandjie wat spesiaal vir pieknieks ontwerp is. Sy haal 'n kombers uit die kas in die gang en vou dit netjies op om in haar rugsak te pas, waar sy ook, heel onder in 'n aparte sakkie, 'n ekstra stel kinderkleertjies hou. Vir ingeval. 'n Mens weet nooit wanneer 'n kind in modder of water beland, of 'n beker tee oor homself omkeer nie.

Sy ruim die kombuis op. Dan trek sy haar gemaklike dog modieuse tekkies aan. Hulle sit knus om haar voete. Sy kry haar hoed van die kapstok af, en die kleiner sonhoedjie wat sy uit die kas in die kamer gaan haal. Sy vryf sonroom oor haar gesig, en bêre die room in die rugsak, sodat sy hulle later weer kan smeer. Sy kry 'n bottel water uit die yskas, en maak seker haar beursie en selfoon is ook in die sak.

Sy stap die drie stelle trappe af tot onder, rugsak op die rug en mandjie in die hand. In haar ander hand hou sy die klein handjie vas. Onder op die straat maak sy die woonstelblok se swaar houtdeur oop op die manjifieke simmetrie van die Place des Vosges. Sy het teen dié tyd vergeet dat die plein eens op 'n tyd haar gunsteling mensgemaakte spasie in Europa was.

Sy maak die deur agter haar toe en draai regs. Sy loop langs die Place af, met die Rue des Francs Bourgeois verby die Marais se ontwerperswinkels en aanloklike restaurante wat tafels en stoele uitnodigend op hul sypaadjies pak. Sy loop stadig, rustig. "Kom, skatjie," prewel sy partykeer sodat net hulle dit kan hoor. Sy stap deur die Joodse Kwartier. Tradisionele bakkerie met rakke vol delikate lekkernye en mans met swart klere, hoede, baarde en oë staan op elke straathoek. Sy koop 'n koekie by een van die boulangeries, en breek dit in twee. Sy vee die krummels van haar vingers en mond af.

Sy verlaat die Marais vir die Beaubourg-kwartier. Van 'n paar blokke weg af sien sy al die pype van die Pompidou tussen die ander geboue deursteek. Aan die agterkant van die sentrum gaan sit sy eers op die wal van die groot poel waarbinne kunswerke soos kinders baljaar. Die drywende uitstalling vermaak 'n groep kleurvolle kleuters.

Sy hou hulle dop. Haar kleintjie hardloop saam met hulle rond. Sy eien sy jillende stem tussen die ander.

Sy tel haar sak en mandjie op en stap die kunsmuseum binne. Sy laat die bagasie by die toonbank en stap oor die imposante voorportaal na die deur gemerk Galerie des Enfants. Sy en 'n spul kinders loop eers deur 'n gang met 'n oerwoud van uitgeknipte bome en skadu's weerskante van hulle, en kom dan in 'n kamer. Die plafon van die kamer is die swart naghemel, met skitterende sterreliggies getooi. Sy gaan sitlê op een van die vloerkussings wat in die kamer rond staan. Eers luister sy na die kinders se gesprekke.

“Ce n'est pas le vrai ciel,” sê een.

“Mais ces sont des vrais étoiles,” korrigeer 'n ander. Dit is nie die ware hemel nie, maar dit is regte sterre. Sy sit die gidsoorfone oor haar ore, luister na die singende Franse stem wat die installasie verduidelik. Sy hou haar oë op die kinders terwyl sy luister. Die stem sus haar.

Sy kry haar goed by die concierge en verlaat die museum. Voor die hoofingang draai sy om, kyk terug oor die mense wat in klein groepies op die trappe sit, 'n hanswors wat die groepie kleuters van vroeër in sprakelose vervoering het. Sy wip weer die rugsak op haar rug, en neem die handjie.

Sy stap op 'n mark af. Dit is elke Woensdag op dieselfde plek. Sy beweeg tussen die stalletjies deur, bedink aandete en wat hulle vanaand sal maak. Sy en haar man kook graag saam, in hul nuut toegeruste kombuis wat met die nuutste en beste gereedskap en toestelle spog. Sy koop 'n paar artisjokke met monstervingers vir blare. Sy vra vir 'n aubergine; die man agter die tafel in die stalletjie soek vir haar 'n pers dinosouruseier uit. Hulle lag vir die groot, blinkgevyfde produk. Sy pak dit in haar mandjie; daar is nog plek. Sy koop vars pasta en tamaties die kleur van kinderbloed: helder, skoon en vars.

Sy stap met haar aankope en haar rugsak en mandjie in die rigting van die rivier. Sy loop met die Quai de l'Hotel de Ville teen die oewer af. Sy kyk na die skepe en passasiersbote wat oor die Seine se gladde oppervlak vaar. Dit herinner haar aan die speelgoedskippies in die Luxembourgtuine. Waar groen stoeltjies met koerantlesende ouers al om die poel heen staan, terwyl kinders met die wit gevlerkte bootjies speel. Hoe lank gelede was sy daar.

Sy sien 'n bakkery op 'n hoek. Sy stoot die glasdeur oop.

“Bonjour, Madame,” roep die bakker en die klante knik. “Comment allez vous?” vra hy.

“Bien, merci,” antwoord sy. Die vrou voor haar se poedel knor kwaai, en sy hou die handjie stywer vas. Hy hou nie van honde nie.

“Deux croissants et un baguette, s’il vous plait,” bestel sy wanneer dit haar beurt is.

“Bien sûr, Madame,” sê die man, en hy ruk ge oefen ’n vierkantige stuk papier onder die toonbank uit, sy bakker se naam in sierlike letters oor die papier geskryf. Hy draai ’n krakerige baguette met een rolbeweging daarin toe. Die twee croissants sit hy in ’n wit papiersakkie. Sy soek die Euros in haar beursie terwyl sy die ander klante se gesprek probeer volg. Sy verstaan die woorde, maar is nie oortuig van die konteks nie.

Sy glip die beursie terug in haar sak en posisioneer die brood so dat dit skuins uit die mandjie uit die lug in staan. Sy verpes dit as ’n baguette buig of beskadig word voordat sy die eerste stuk kon afskeur, en die krummels groot soos graanvlokkies op die piekniekkomers val. Sy pik dan na die krummels soos ’n voël.

Sy wag by die pad tot die voetoorgangfiguurtjie groen is, en stap met ’n bondel mense oor die straat. Dit is lente; die platane se blare is papierdun en sag soos babavoete. En uitbundig groen teenoor die donkerder kleur wat dit later in die somer sal word.

Sy steek die rivier oor by die Pont Louis Philippe in die rigting van die Ile St Louis, die kleiner van die twee eilandjies wat in die Seine vasmee lê. ’n Vrou met twee jong dogtertjies skuur by haar verby; die sypaadjie oor die brug is nou. Die meisies lag, en babbel in die duidelike kinderfrans wat sy geleer verstaan het. Sy kyk hulle agterna. Hulle wip soos hulle stap. Die wêreld is hul speelplek en Parys is ’n pophuis met ’n rivier wat daardeur loop.

Sy nader die Notre Dame van die katedraal se agterkant, haar mooiste kant. Mense en duiwe vul die spasies tussen die klippaadjies en boomlanings. Sy gooi die kombers op ’n stukkie gras oop, en pak die inhoud van die mandjie netjies op ’n geruite lap wat sy vir ’n tafeldoek saamgebring het. Sy breek die baguette in stukke, ’n groterige stuk vir haarself, en twee kleintjies wat sy eenkant by die geskilde appelwiggies sit. Sy maak seker dat die deursigtige velletjie van die worsie oral sekuur afgetrek is. Die blokkies kaas pak sy langs die broodjie uit. Twee duiwe fladder op die gras langs haar.

Sy hou van hierdie spasio. Dit is minder as ’n park, maar nie ’n parkie nie. Die intieme, stil atmosfeer is in pas met die gewyde gedaante van die kerk neffens hulle. Die roosvensters aan dié kant van die Notre Dame bemoedig haar. Meer so as die

geskilderde tonele en die vergulde beelde daarbinne, of die imposante fasade waar Quasimodo soos 'n reuse rot rondgeklouter het. Hierdie kant is sag, nederig.

Die groter een van die twee duiwe pik na die kleintjie. Die gekoer van duiwe, kinderstemme en oumense is die enigste geluide hier. Behalwe natuurlik die verkeer, dreunend en alomteenwoordig soos die see, waarsonder Parys spookagtig sou wees. Die kleiner duif se een vlerk staan gebreklik eenkant toe.

Dit is Woensdag.

Sy kyk na die ou paartjie wat die voetpad deur die park aandurf. Hulle is ten volle op mekaar aangewese; die paadjie strek voor hulle uit soos 'n pelgrimstog. Die ou vrou het 'n doek om haar kop gebind, die man dra 'n beret en 'n kiere. En 'n verslete onderbaadjie. Hulle leun teen mekaar aan. Hulle stop, oënskynlik vir geen rede nie, maar dan buk hy af om haar skoenveters vas te maak. Sokkies en tone steek deur die voorpunte van haar skoene. Hy kom swaar op, en hulle stap gebukkend verder.

Woensdag kom altyd weer.

'n Kind se bal beland op haar piekniekkomers. Hy kom skugter nader.

“Pardon, Madame,” sê die kind. Hy tel die bal, wat helderrooi teen die piekniekmandjie tot stilstand gekom het, aarselend op. Hy moet vyf wees, dink sy. Sy ronde wange is pienk vlekke en sy donker hare blink van die inspanning.

“C'est rien,” antwoord sy. Hy beloer stilletjies die sjokoladeblokkies in die bakkie op die kombers. Sy bied dit vir hom aan. Hy skud sy kop, die bal nog in sy hande soos 'n groot, rooi wêreld. Atlas, dink sy. Hy kyk oor sy skouer na waar sy ma, of pa, of au pair moet wees.

“Je ne devra pas,” sê hy. Hy is mooi geleer van vreemdelinge wat vir hom lekkers gee. Sy haal haar skouers op, en hy hardloop weg met die aarde brandend in sy arms.

Woensdagaande eet hulle nagereg. Sy maak dit nooit self nie; na die uitstappie koop sy by die pâtissier op pad huis toe pragtige Franse tertjies: tarte au citron vir haar, een met donker sjokolade vir haar man. Dan eet hulle dit aan die einde van hul maal, en drink koffie, en gaan slaap.

Sy vou die piekniekkomers op en pak die oorblywende kos in 'n bruinpapiersak. Sy haal vir haarself 'n appel uit, sit die kombers in die rugsak en tel dit op haar rug. Sy hou die papiersakkie met ongeëete kos apart, en gooi dit in die vullisdrom by die uitgang van die park wanneer sy verbyloop die besige Rue du Cloître-Notre-Dame in. Soos soveel kere vantevore, in net soveel dromme in die parke van Parys, lê die sorgvuldig verpakte, onaangeraakte kinderkos onder in 'n blik, waar net rotte en brommers dit sal eet.

## Proviand

DIE kind se oë is die eerste ding wat hy sien wanneer hy die tunnels van die Metro verlaat en die trappe uit die stasie twee-twee ooploop. Die seun sit op die boonste trappie asof hy op iemand wag, maar mettertyd sou Pierre besef dat dit vir hóm was wat die kind so geduldig, so stil en berekend, gesit en wag het. Pierre sien die kind se oë wat stip soos wolwe-oë in sy bruin gesig blink. Die kind hou sy blik – aandagtig, intens. Pierre verkyk hom so aan die seun dat hy nie die laaste trappie sien nie, en struikel. Sy skouersak met sy rekenaar val. Voordat hy sy balans herwin, is die kind, met die sak en 'n bestendigende hand, voor hom aan die bopunt van die trappe. Pierre kom regop en neem die sak by die kind. Hy stof sy knieë af, en glimlag verleë.

“Gracias,” sê hy. “Wat is jou naam?”

“Pablo,” antwoord die kind vinnig, ge oefen.

“Natuurlik,” sê Pierre, en buig amper vir hom. “Gracias, Pablo,” sê hy weer. Hy draai dan van die stasie af weg in die rigting van die Ramblas. Hy hou sy horlosie dop. Hy is nog nie laat nie, maar hy sal moet opskud.

Pierre stap met lang, doelgerigte treë. Die stad is besig, hy moet kophou om nie in mense vas te loop of voor voertuie te beland nie. Hy wil die mark besoek voor die middagete begin. Dit is sý ete – hy kan nie laat wees nie. Hy kyk in die verbygaan na die gebou wat aan die anderkant van die pad soos 'n speelgoedpaleis tussen die ander staan: mure soos golwende grasvelde en vensters soos donkerbrille op die fasade vasgeplak. Gaudi, jou doring, dink hy weer, jou briljante, oorspronklike doring. Gewoonlik sou hy stilstaan en hom aan die argitektuur vergaap, maar vandag is daar nie tyd nie.

Hy kyk nog 'n maal na die horlosie op sy arm; stap vinniger.

Hy is amper by die mark wanneer hy die kind weer sien. Die swart oë volg hom knorrig en die donker bos hare spring heen en weer tussen die bene en broekspye van die voetgangers deur. Voor hom, agter hom, langs hom; as hy draai, is die kind maar daar. Hy dartel deur die skares, verdwyn teen die fabelagtige geboue; sy kaalvoete is tuis tussen die keistene van die stad se besige voetgangerweë. Soos 'n spook, dink Pierre. 'n Bruin spook.

Hy maak of hy die kind nie sien nie – vir kinders sien hy vandag nie kans nie. Hy skat hom so tien jaar oud, heelwat ouer as wat sy eie kind sou wees. Hy trek die mou van sy Italiaanse pak 'n entjie terug, kyk weer hoe laat dit is. Dan skud hy sy Tag Heuer, selfbewus, onder die mou van sy baadjie in. Hy probeer ongesiens kyk of die

kind die horlosie opgemerk het. Horlosies is baie geld op die swart mark werd. Met hul vorige besoek aan Barcelona het sy vrou hare verloor.

Maar die kind is weg.

Daar is 'n uur oor voor die middagete begin. Hy weet hy moet êrens gaan sit en homself voorberei, sy kop skoon maak; gereed maak om sy kollegas, adviseurs en medewerkers te ontmoet. Tydens die vroegoggendvlug van Parys af het hy dit telkens probeer doen maar sy kop het gebly by die vorige aand se ete, Bea se stilte, haar afsondering wat erger word en nie beter nie. Haar weiering om met hom enige iets anders as die alledaagse te bespreek, al probeer hy so hard om haar hartseer te deel, haar van sy eie verlies te oortuig. Die leë kinderkamer in hul woonstel se deur bly toe; hy weet in die kas en op die bed lê alles nog soos op die laaste dag, onaangeraak. Hulle sal dit moet uitsorteer, voortgaan. Hy probeer, sy kan nie, al is dit al meer as 'n jaar. Hy weet nie meer hoe om haar te help nie; enige hulp verwerp sy. Sy pogings om haar te oortuig om vir 'n paar maande terug te gaan Kaapstad toe – hy kan selfs daar gaan werk as dit moet – misluk elke keer.

Sy was nog aan die slaap toe hy vanoggend uit die huis uit is. Of hy dink sy het geslaap.

Maar hy kan nie gaan sit nie. Hy bly aan die beweeg. Hy moet by La Boquiera uitkom. Daar moet genoeg tyd wees om die mark in te asem, saam te neem. Hy is bang die middagete hou so lank aan dat hy hom direk van die restaurant af na die lughawe moet haas. La Boquiera is sy kos, sy troos. Hy kan Barcelona nie sonder 'n besoek aan die mark verlaat nie.

Die kind beweeg saam met hom. Die swart kop bly tussen die ander mense opduik, welig soos 'n pruik. Die kaalvoete bly geluidloos sy eie voetspore volg. Hy slaan sy oë op na die Art Nouveau-geboue van die stad, en wanneer hy afkyk, is die kind maar daar.

Hy stap flink in die Ramblas af. Hy ignoreer die menslike standbeelde wat met die gee van 'n geldjie meganies in beweging kom. Hy ontwyk die mense wat in die loopgang af tros. Sy skaduwee hou by.

Pierre ruik La Boquiera nog voor hy dit sien. Goddank, dink hy, die mark is nog net soos altyd. Party dinge moet nooit verander nie, net altyd dieselfde bly. Hy stap in geen spesifieke rigting nie, verlekker hom van voor af in die kleure van die vrugte en die groente en die reuke van die kosse en die pakkie klein niervormige aarbeitsjies wat hy in 'n bruin papiersakkie koop. Bea se gunsteling, hierdie aarbeie. Iets tussen 'n aarbei en 'n framboos, opgepof en bloedrooi. Hy kom by die visafdeling, die reuk van

die see gul in die lug. Pienk salms lê vet en sappig op die gebreekte ys, skulpe vol mossels en kammossels en steurgarnale versier die tafels, die krewes en krappe is helder en rooi en hul knypers laat hom dink aan die tekeninge van 'n kind. Sy smaakkliere kriewel. Sy vingers jeuk om botter in 'n pan te smelt, seekos daarin te braai, vars suurlemoensap bo-oor te drup, seesout tussen sy vingers te breek en oor te strooi en dan swartpeper op die hele lot te maal. Waar is sy voorskoot, sy gasplate, sy pan? Hy hunker na sy kombuis. Tongvisse lê aanloklik met hul tweelingogies vir hom en kyk.

Daar is geen sprake van die kind nie – sigeuners word ferm uit die mark gehou – en Pierre hou die horlosie aan sy pols deurentyd dop. Hy kan begeer so veel hy wil, die werk wag. Hy kan nie laat wees nie, maar daar is tyd vir 'n espresso. Hy gaan sit op een van die hoë stoeltjies by die oranje kroegtoonbank van 'n koffiewinkel diep in die maag van die mark.

“Hola,” groet die man agter die toonbank.

“Hola,” antwoord Pierre terug.

“El plato del día?” vra die man. Pierre wens hy kon sommer hier eet en vergeet van die middagete-afspraak wat op hom wag.

“No, el café, por favor,” sê Pierre. Die man knik vir Pierre terwyl hy een stryk deur met 'n ander klant gesels en sy oë stip op die TV-skerm teen die oorkantste muur van die winkel hou. Sokker.

Pierre luister na die man agter die toonbank. Sy Katalaanse dialek hang swaar met die klanke van Provence. Pierre woon al jare lank in Parys en het sy plattelandse aksent doelbewus afgeskud, maar hierdie man se stem herinner hom aan sy pa en sy oupa en sy oom wat elke oggend by dieselfde tafeltjie in die Provensaalse dorp waar hy grootgeword het koffie drink, en aan sy ma en sy tantes wat daaglik om elfuur hul baguettes by die bakker gaan haal. Provence en Katalonië is nie net in afstand na aan mekaar nie, dink hy. Hy wonder of hy ook so sou klink as hy in die dorpie van sy voorvaders gebly het.

Die berrista kap die beker van die espressomasjien hard teen die oppervlak van die toonbank, skuif dan die silwer apparaat sekuur in die gleuf van die masjien. Hy draai 'n knop, stoom suis deur die pype van die koffiemaker en oomblikke later wip 'n klein koppie vol dik swart vloeistof op die toonbank voor hom. Pierre sluk dit met een sluk af. Die gedagtes aan sy familie is eensklaps weg.

“Gracias,” sê hy, en plak die geld op die tafel neer.

“Buenas dias,” onderbreek die man sy sin – hy praat steeds met die ander klant en haal ook nie sy oë van die TV-stel af nie – om Pierre te groet. Ook maar goed hy is eerlik, dink Pierre, hy kon vir die man ’n paar sente op die blad gelos het. Wanneer hy om ’n draai die mark in verdwyn, hoor hy die berrista en sy klant oor ’n suksesvolle doelskop juig.

Hy loop reg op die Serrano-hamme af. Halwe geroekte varke hang uit die dak van die stalletjie aan hul pote. ’n Man, net so blink en rond soos die vark, wuif vir Pierre dat hy nader moet kom. Pierre wens hy kon van die ham koop, saam huis toe neem. Hy kan sien hoe Bea by die kombuistoonbank sit en die dun repe ham uit die wit papierpakkie eet. En ’n pakkie chorizo-wors. Hy weet hoe hulle die chorizo sou maak: opgesny en gesoteer saam met stukkies seekat; die paprika braai uit die wors en gaan sit in ’n blink rooi lagie om die wit vleis van die see. Bea sou haar vingers aflek. Maar dan moet hy die res van die dag met die vleis in sy aktetas sit en hy is ook nie lus vir ’n gesukkel by die lughawe nie.

Hy koop liefsvir haar ’n bottel olyfolie.

Pierre verlaat die mark. Die kind is weer daar. Hy groet hom selfs toe hy by die mark uitkom. Pierre druk onwillekeurig sy linkerhand in sy broek se sak. Dié keer het die seun ’n dogtertjie by hom. Pierre ignoreer die kinders maar by homself wonder hy of dit Pablo se sussie is. Haar hare hang in los slierte oor haar geskeurde rok, haar knieë steek skraal en gehawend onder die stukkende soom uit. Maar maer en klein soos sy is, dans sy ’n sirkel van toeriste voor haar oop en Pierre sien hoe party van hulle munte in ’n koppie by Pablo se voete gooi. Die koppie is sonder ’n oor en gekraak, maar die geldjies daarin groei goed. Die flarde van die meisie se rok wentel om haar bene en haar hare waai asof in die wind. Haar gesig lyk soos haar klere: uitgerafel en opgebruik. ’n Polisieman tree nader, vee hulle uit die pad. Pierre sien hoe Pablo die koppie met die geld in gryp. ’n Paar munte val uit, maar die seun raap dit op soos prooi.

Hy ignoreer die kinders, wat nou altwee sy stertjie word. Sy tyd raak gevaarlik min; hy wou eintlik eerste by die eetplek wees. Hy haas hom terug in die rigting van Eixample en die restaurant wat hy sorgvuldig maande gelede reeds gekies het. Nie te konserwatief nie – hulle is immers in die internetbedryf – maar nie te jonk en modern nie: sy bankier uit Zürich en sy Kaapse prokureur kom ook.

Hans Kunz en Frederick Marais sit reeds op die gemaklike, wye stoele wat in die lieflike binnehof van die restaurant staan. By hulle is die bestuurder van die Kaapstadkantoor. Hulle gesels gemaklik, al kan Pierre aan hul lywe sien dat dit werk is

waaroor hulle praat. Behalwe vir die bestuurder van die nuwe kantoor in Barcelona – wat vandag vir die eerste keer die bankier, die prokureur en die rekenmeester ontmoet – ken die ander gaste mekaar.

Pierre bestel drank en tapas. Onder die eet- en drinkery deur bespreek hy die Barcelona-idee met sy bankier en prokureur. Uit Londen sluit Annabelle, die GR, by hulle aan. Die afspraak verloop seepglad. Dit is die eerste keer dat al die sleutelrolspelers bymekaar is vandat Pierre (op sy outokraties dog sjarmante wyse) sy besluit om uit te brei na Barcelona eiehandig geneem en geïmplimenteer het.

“Kyk hierdie pragtige kos!” roep Annabelle waarderend wanneer die kelner ’n seleksie van tapas op die tafel neersit.

“Eet, asseblief,” sê Pierre, en skink almal se glase vol. Bakkies wit ansjovis, gekuurde ham, geroosterde steurgarnale, mossels met uie, knoffel, witwyn en suurlemoen, gebraaide amandels, bloedrooi geroosterde soetrissies, juweelagtige olywe, patatas bravas, chorizo en banderillas versier die tafel, en wanneer die gesprekke van die werk af draai, is dit hieroor wat die gaste praat. Pierre hou sy kollegas dop soos ’n generaal sy manskappe, maar hy maak seker dat hulle sy beoordelende blik nie tussen sy lagplooie eien nie.

Hy verskoon homself om kleedkamer toe te gaan. Frederick volg hom. “Hoe gaan dit met Bea?” vra hy wanneer die twee by die urinaal staan. “Haar ouers is baie bekommerd oor haar.”

“Beter,” antwoord Pierre, te vinnig en lig – hy kan nie die ouer man in die oë kyk nie. Met besigheidspaatjies is hy goed en oortuigend, ontwykend wanneer nodig; waar dit oor persoonlike aangeleenthede gaan, ontbreek sy vlugtige vermoëns. Hy maak sy broek vinnig vas, knik effens vir Frederick, en sluit weer by die tafel aan.

Hulle bestel hoofgeregte van die Katalaanse spyskaart af. Paella, bloedwors, ’n kreef- en hoendergereg; amanida catalana, die slaai van die streek, verskyn ’n wyle later langs die vol glase en bottels op die tafel.

“Churros?” vra die kelner wanneer hy die borde van die tafel af neem. Pierre knik en hy bring ’n skinkbord diepgebraaide deegworse, met ’n warm sjokoladesous.

“As jy belowe om ons dikwels hierheen te bring, het ek geen probleem met ’n kantoor in Barcelona nie!” skerts die bestuurder. Hy vee die sjokolade van sy ken af, en kou behaaglik aan die churros.

Die middagete was ’n groot sukses. Kaapstad (waar groot aandeelhouers sit) is oortuig – van die uitbreiding alhoewel nie van sy vrou se beterskap nie. Hy het geweet Frederick sal aan hom karring oor Bea; sy is immers sy peetkind. Maar Pierre weet en

Frederick weet ook dis nie oor Bea dat hy hier is nie. As Frederick so bekommerd is oor haar, kan hy Parys toe vlieg en haar self gaan sien. En self vir sy vliegtuigkaartjie betaal.

Die bankier ken die pad vorentoe; Annabelle sal 'n paar dae in die Barcelona-kantoor deurbring om die boeke aan die gang te kry. Die besigheid beur vooruit, die kuberruimtes in.

Pierre groet almal, bly tot die tafel leeg is. Hy bestel die rekening, betaal die klein fortuintjie wat hy alles van die Ontvanger sal verhaal. Hy drink nog 'n vinnige espresso om die ergste vaagheid van die wyn uit sy kop te jaag. Hy het meer gedrink as wat hy gewoonlik met sulke geleenthede doen. Dit is nog 'n lang pad Parys toe.

Hy kyk op sy horlosie. Hy sal moet wikkkel as hy betyds op die lughawe wil wees. Hy stap deur die restaurant na buite, skerts met een van die kelners op pad uit. Buite die dubbele glasdeure van die restaurant wag die kind. Die dogtertjie ook. Hulle hurk by 'n vrou wat in 'n hoek op die keistene sit, koffiekleurig soos die kind, met 'n baba se klein swart koppie suigend aan haar bors. Die wit, los kraag van haar sigeunerhemp hang so laag dat Pierre haar ander bors ook sien. Haar gelaat is glad en soel, haar oë vloeibaar en diep soos die sterkste espresso. Sy is beeldskoon. Sy kyk na Pierre; hy kan sy oë nie van haar weg hou nie. Maar waar die donker koppie lê en voed, sien hy 'n ander een, pienk en kaal. En die bruin ronding van die bors waaraan die baba drink, is die ligte, besproete een van sy vrou.

Hy draai sy rug op die toneel. Hy kry warm, voel hoe sweet taai onder sy arms en aan sy haarlyn kleef. Die seun is langs hom, by hom, loop in pas met hom die stegie af op pad na die Plaça Catalunya. Wanneer het die kind weer nader gekom? Hy kyk na Pierre, hou sy blik. Hy sien waar my swakheid lê, dink Pierre; soos 'n wolf ruik hy dit. Die kind hou – vanselfsprekend, selfversekerd – sy hand na Pierre toe uit. Daar is geen snuf van bedel in die aksie nie. Dit is asof hy 'n prys ontvang.

“Pablo,” sê Pierre, “ons ontmoet weer.” Pierre wonder of die kind die ironie in sy stem verstaan. Skielik verdwyn sy gevoel van wrewel, sy onwilligheid om by die kind betrokke te raak. Skielik neem hy hom aan, hoe kortstondig ookal; wil hy hom help. Dalk is dit die ma wat hy wil help, hy weet nie. Hy stop. Hy haal sy beursie uit sy broeksak. Hy tel 'n paar Euros uit, sit die beursie weer terug. Sy hand bly in sy sak. Hy hou die kleingeld met sy ander hand na die kind toe uit.

“Dé,” sê hy. “Jy het hard genoeg gewerk daarvoor.”

Die kind raap die geld uit Pierre se hand uit op en verdwyn daarmee die skares in. “Adios,” roep hy terug. Pierre haas hom verder deur die mense op pad na sy

bestemming. Wanneer hy die reusesirkel van die Plaça Catalunya binneloop en 'n taxi roep om hom lughawe toe te neem, kyk hy gou weer hoe laat dit is.

Sy linkerarm is kaal. Jou bliksem! dink hy. Vir 'n oomblik is hy in twee geskeur tussen die taxi en sy horlosie maar hy weet hy sal die kind nooit vang nie. Hy oorweeg dit om die vrou te gaan soek maar sy is natuurlik lankal weg.

Deur die voetgangers draf die seun, op sy tone soos 'n wolf. Hy lag, die wind waai deur sy hare. Hy keer terug na sy ma, waar sy met haar rug teen die middeleuse mure van 'n vierkant sit, en sy boetie voed.

University of Cape Town

## Bestemmings

### I

DIT is altyd vroegaand wanneer ek hier kom sit – somer of winter, lente of herfs – elke dag van die week behalwe Maandae, want dan rus ek. Ek kom hiernatoe voordat ek begin werk; my skof begin gewoonlik eers laat. Dis nooit besig hier nie; die trappies die water in is om ’n draai aan die einde van ’n doodloopsteeg waar min mense afdraai. Die enigstes wat hier kom (behalwe nou dié wat na my soek) is verdwaalde toeriste wat gedink het die stegie lei iewers heen. Sodra hulle die water en die trappies – en vir my – sien, draai hulle om, stap hulle terug om êrens ’n ander afdraai te vat. Ek hoor gewoonlik hulle stemme en die val van hulle voete maar ek kyk nie om nie en ek sien hulle nie.

In die somer trek ek partykeer my skoene uit, in die winter is dit te koud.

Ek hou daarvan om met my voete op die boonste trappie te sit, daar kom nooit water tot op hierdie vlak nie. Behalwe reënwater, natuurlik. Soms spoel die kanaalwater net-net oor die tweede trappie, maar net as die gety baie hoog is. Hulle sê die watervlak styg, maar in dié klein hoekie van die stad het ek dit nog nie gesien nie. Motorbote kom nie hier nie, dis net die gondels, en hulle maak nie soveel branders dat die water ooit hoër as die bokant van die tweede trappie spoel nie. So my voete op die eerste trap bly droog: ’n mens wil nie eintlik dat die water aan jou raak nie.

Ek kry my sit op die trap, skuif my reg, en wag vir ’n gondel of twee om verby te dryf voor ek begin. Ek waai vir die gondeliers.

Voorheen het hulle my altyd gegroet. “Ciao bella!” het deur die kanaal weergalm wanneer hulle my met die verbyvaar daar op my eie sien sit. Hulle het terug gewaai met die arm wat nie die stok vashou nie. Nou ken hulle my al. Deesdae roep hulle nie meer nie, glimlag of knik net, seker ook maar verveeld. Ek wás seker vir hulle mooi; dalk is ek net nie meer nie.

As hulle verby is, haal ek my notaboek uit my sak, en ’n pen.

Ek versamel penne. Elke keer vat ek een as daar een is – dis nou te sê as dit nie te moeilik, te opsigtelik, is nie; ek het al gewonder of iemand ooit die penne mis maar dis nie of hulle my sal kom opsoek of iets daaraan sal kan doen as hulle twee en twee bymekaar sit en agterkom dit was by my wat die pen weggeraak het nie. Dis in elk geval so maklik om iets kleins soos ’n pen in hierdie doolhof van strate en stegies te

verloor of dit in die water te laat val, en dis waarskynlik net nie die moeite – of die risiko – werd om 'n kabaal op te skop oor 'n pen nie. Al was die laaste een 'n Mont Blanc, nogal.

Dan sit ek op my trap, notaboek op my knieë en pen in die hand, en soek 'n storie. Ek wil graag skryf; jy kán skryf, het baie mense al aan my gesê. My ma, toe ek klein was; suster Sophia op skool. My ouma het altyd gesê ek moenie 'n hoer word soos my ma nie, ek moet liever skryf. Ek begin met sinne – hoeveel was daar nie al nie – van stories wat ek dink ek sien, wat ek my verbeel om my gebeur, maar dit word nooit meer as 'n gedagte of twee nie. Ek skryf dit neer, die idee – los dit daar op die papier, in die boek (daar staan al rye en rye notaboeke in my kamer) – maar dan kyk ek weer na die mense, die gondels, die gondeliers, die water, en die sinne word nooit stories nie. Dis asof die mense hulle eie stories uitvee, of die water daaroor loop. Gondels moet tog vol stories wees, sou 'n mens dink – vat byvoorbeeld die een nou die dag met die bedekte Moslemvroue. Daar was seker sewe vroue in die gondel, jonges en oues deurmekaar. Die enigste dele van hulle lywe wat uitgesteek het, was veertien oë, en die oë was meestal toegeknypt ook, van plesier of van bangheid, dit weet ek nie. Die swart lappe oor hulle gesigte en liggame het weggeraak in die goue fluweelbankie en -stoeltjies van die gondel. Hulle was stil; die een (ek dink sy was die oudste, die leier seker) het met 'n swaar aksent met die gondelier gepraat terwyl sy ver oor die water kyk. Die ander se silhoeëtte het swart riffels op die water gemaak. Hulle het onder die wit hoepelbruggie deur verdwyn waar die gondelier moet buk anders stamp die brug hom van sy boot af die kanaal in.

Of die een vol ou Britse tannies wat giggelend en kamstig agter hulle hande na die bult tussen die gondelier se bene gewys het. Hulle was vir my snaaks, sjoe. Ek het nie geweet Italiaanse mans kán nog skaam word nie maar hy het waaragtig gelyk of hy bloos. Ek sou gedink het die aandag sal hom vlei. Miskien was hulle te oud vir hom. Hulle was seker 'n bietjie dronk; ek kan nie dink dat 'n spul Engelse juffrouens so skaamteloos sal wees sonder 'n goeie rede nie. Te veel gin en tonics in die son, seker.

Snaaks dat ek nog nooit 'n gondel vol mans gesien het nie. Mans soek romanse op ander plekke.

Partykeer voel dit vir my ek kan sien hoe die stories uit die stad self sypel – uit die stukkende dreingate, die dampe van vaporetto's, die stink parfuum van opgetofte vroue aan die sagte hande van ryk mans, in die piskolle van honde, die knoffel in restaurante, die profiele van palazzo's, die half-vrot kanale, die outomatiese glasdeure van hotelle – wat soms oopmaak en dan is daar niks aan die anderkant nie. Tussen die

tamatie- en bessie- en perskehope op tafels, die skubbe en visreuke en bloederige vissersvingers van die mercaria, uit skilderye se wawyd oop monde, die rook van kerse in katedrale, die suur sweet van toeriste, die gille van kinders, die ligte wat tussen toegemaakte hortjies deur skyn, waterdruppels teen vensters, die gekletter van messe en vurke. Tussen die noedels en in die halfmaanskulpe van spaghetti alla vongole, die geroep van meue en gondeliers, die fyn haartjies van malvablare op vensterbanke waar die geluide van die binnekant van die huis kom sit, asof dit die fyn haartjies van 'n oor is.

Soggens vroeg stap ek die strate van die stad plat.

En dan, saans, terwyl ek nog so sit en sinne skryf, kom die boodskap van die agentskap, sonder skiet. Hulle verkies om my hier te ontmoet, die mans, dis meer persoonlik, minder grilliger, soveel meer romanties as die voorportaal van die “hotel”. As ek die boodskap (per SMS) kry dat my kliënt op pad is, haal ek my voete van die trappie af, en trek my hoëhakskoene aan. Ek bêre my skryfgoed en tekkies in my sak vir die volgende dag. Spuit 'n bietjie parfuim in my nek; ek is 'n gesellin, nie 'n hoer nie. Ek wonder of die kliënt 'n mooi pen sal hê, of dalk 'n mooi gat. Ek smeer rooi lipstiffie aan my lippe, maak seker dat my hare glad en swart teen my rug af hang, knyp my wange vir blos. En dan wag ek, steeds met my gesig na die water en 'n effens aanloklike buiging in my skouers en in my nek. Nie te veel nie, dan's dit goedkoop. Dis gewoonlik nie te lank nie, of hy is daar. As die afspraak eers gemaak is, kan hulle nie juis wag nie, sien.

“Ciao, bella,” sê my kliënte altyd – so onoorspronklik, so vervelig – ek wil sommer lag. Maar ek lag nie, ek hou my pose. Ek staan op, draai om, haak liefies by die uitgestrekte arm in. Soms groet hulle my met drie soene op my wange asof ons mekaar jare lank al ken. Soms gaan eet ons eers iets – in duur, deftige restaurante, hoor – ander kere gaan ons reguit hotel toe. Partykeer gaan kyk ons selfs na een van die Biennale-uitstallings op pad, maar hulle is so voorspelbaar, die mans, dis altyd een of ander sexy tentoonstelling met skilderye of beelde van kaal vroue of selfs mans. Ek maak maar geselsies, en hou my oë heeltyd oop vir 'n pen. As daar twee is, vat ek net een. Die groot geld gaan na die agentskap; my footjie skuif ek tussen die blaai van my notaboek in.

En die stories dan? Die stories loop weg in die waaie van die gondels – die see in, seker.

## II

CHE gelida manina sing die man in my ore en op pad grond toe skop ek die emmer. Vuil water stroom oor my skoongeskropte vloer. Ek sit plat op my gat in die nat skuim; die borsel is taai en bruin in my hand. In die goue rame van die spieëls teen die mure sien ek myself tussen stoel- en tafelpote, my swart hare nat om my kop geplak. Ek sink diep in die blou overalls wat te groot is vir my in die vuil skuim langs die omgedopte emmer. Ek kyk weg van myself my swart oë die baard wat in kolle oor my gesig begin groei.

Die manstem kom in eggo's oor die luidsprekers wat in die hoeke van die kamer sit, soos luise. Hy sing van 'n klein gevriesde hand; die wysie, die woorde – als wat dit my laat onthou – vat die laaste krag uit my bene weg. Mio Caruso, roep die sjef in die kombuis wanneer hy en die sanger stil is en 'n mens net die orkes hoor speel. Hy praat alewig van sy held – Caruso – ek het gedink dis 'n lied maar nou weet ek dis die sanger self. Die musiek wat altyd hier hang maar waarna ek nooit luister nie sypel soos die bruin skuim tussen my vingers deur die sjef se stem wat elke woord ken. Dis net ons twee hier in die leë restaurant; ek mop en hy sing in die kombuis terwyl hy aftreksel kook en semi-freddo maak vir die vreetsakke en wynvlieë wat vanaand weer die plek vol lê. Ons twee en Caruso se gevriesde hand en die herinneringe wat my kop inloop.

Want Caruso praat vandag met my bloed in sy stem en ek luister fyn na die Italiaans wat so baie klink soos my eie Spaans. Hy sing die storie van 'n klein gevriesde handjie en ek sit plat, plat op die vloer van die restaurant. Onder my lê die klip van Barcelona weer wat ek so goed en so lank ken soos myself en die kilheid van die hele Europa is en ek is dáár, daar langs die katedraal en my ma is om die baba gevou en ek is om my sussie gevou en die klein klein handjie steek koud yskoud onder my ma se linkerarm uit. Ek het met my been styf teen hare gesit want ek wou ook 'n stukkie van haar hê maar sy was weg, weg met die koue en die nag en die kind in haar arms. Die wind het deur die stegie getrek en my ma het gehuil en my sussie het gehuil; ek het my ma nog nooit voor daardie dag sien huil nie. Ek het opgestaan en die stad ingevaar; ek het vrugte gekry en brood, selfs 'n paar sente vir die blikkie maar ek het terug gekom en my ma was nog steeds om die baba gevou en my sussie het op 'n hopie gelê en slaap en die klein klein handjie was koud en blou.

Saam met die stem oor die luidsprekers kom die solo van die sjef wat glo hy is die sanger self. Ek weet as die musiek stop sal hy skree; skree op my soos al die ander voor hom en sal ek sy suf ou overalls uittrek en op die nat vloer gooi en vir hom wys hoe diep hy sy middelvinger in sy gat moet druk. Hy sal skree tu maledetto zingaro jou nikswerd gypsy jou lae hond jy misbruik my wat vir jou goed is en my land wat jou verduur en jy kom leeglê op my belastinggeld en jy kan nie eers 'n verdomde vloer skrop sonder om te mors nie. Dan sal hy my ma vloek en ek sal vorentoe spring en hom wurg hom aan sy vuil hare die groot yskas insleep en sy mes uit sy hand vat en hom steek. Ek sal hom steek oor en oor dat sy vet uitpeul en ek sal sy lyf stukkend sny en die stukke van sy vleis langs die Florentynse T-bene en die fillets die skaapskenkels die eendborse varknekke en die kaal wit haas op die koue rak gaan sit. Die polisie wat maar altyd om ons draai sal van nêrens af kom my pap slaan en weer in die tronk gaan gooi.

So voor ek die sjef flenters sny sal ek liever uit sy stinkende restaurant weg dros en die stad vloek en ek sal loop langs die straatkiosks met klein Dawidbeelde en die vuil mure van die stad wat hopeloos bo die toeriste uitbeur net soos die eerste keer toe ek deur die Porta Romana gestap het en Firenze vir my gelag en my in die gesig gespoeg het. Ek sal verby die groentewinkels loop waar zucchiniblonne soos geel pap velle lê en bessies rooi swart wit en blou in bakkies krioel en vye vrot pers bloedkolle op die tafels is. Ek sal die skuim mistrap in die groewe tussen keistene waar locals die vullis uit die stad probeer was; ek sal die stank van die dreine na die Duomo toe volg. Ek sal die rye en rye mense wat wag voor galerye en hul kermende kinders met druppende roomyse systap en die skreeuende hope gelato in die vensters van gelateria's met Oos-Europese vroue agter die toonbanke nie sien nie. En ek sal wens ek kon uithardloop teen die blokkiesmure van die katedraal en op die ronde rooi dak gaan staan en my vuiste bal en skree. Skree dat ek dit haat om honger te wees om Romani te wees om die honde van fokken Europa en sy meewarige gekultiveerde beterweterige inwoners te wees wat in hulle neuse krap in die toilette van restaurante en hul vullis onder die skoon gewasde doeke van tafels laat lê. Skree op die wit hoer met haar gemake-upte gesig en haar vet voete wat by haar skoene uitpeul onder op die piazza omdat sy haar neus optrek haar rug draai op die gryskop Romavrou wat bakhand staan met 'n seer been en blinde oë voor die toeriste in die rye wat wag om die kerk in te gaan. Skree op die Algerynse vark wat die ou vrou wegstamp om cheapskate skilderye homself sy hele volk aan die einste toeriste te verkoop.

En ek sal skree vir my ma. Skree en huil om haar hare voor haar gesig weg te vee en haar oë te sien, warm en diep soos wat dit was nie die yskoue rivierklippe wat dit geword het nie.

Maar ek bly sit in die nat, vuil skuim wat bruin op die sementvloer stol. Ek gaan lê op my rug ek luister. Ek luister na Caruso. Ek verlang na my ma my suster my stad. Ek wieg saam met die musiek soos ek gewieg het op die skip van Barcelona af Napoli toe en agterin die lorrie van Napoli af Firenze toe en my wange is sout, sout soos die sweet wat teen my voorkop afloop, en sout soos my geliefde Mediterreense See.

Che gelida manina. My ma seil weg.

Caruso stop; die sjef is stil. Ek staan op. En in die spieël skrop ek weer die godverdomde vloer.

### III

EK rook nie saam nie en ek praat ook nie saam nie, maar ek staan met my rug teen die muur by die rokers. Dit was nog altyd vir my makliker om alleen te wees tussen ander mense.

Ons het net 'n paar minute af. Die tou staan by die winkel uit maar dit pla blykbaar nie die ander nie. Ek sou vasgebyt het – nie die pouse gevat het nie – maar hulle het gekla dat dit sleg sal lyk as die baas opdaag en ek alleen die klante bedien en hulle buite in die vierkant agter die winkel staan en rook. Dit maak geen verskil aan my nie; ek kry tog nie kommissie vir die aantal roomyse wat ek verkoop nie. Ook maar goed so: die eerste paar dae sou ek niks verdien het nie; al my roomyse het op die grond beland. Daar het vir my wêrelde oopgegaan net in die leksels wat ek geproe het terwyl ek my gemors opgevee het, sommer so met die vinger. Die verskeidenheid wat hier beskikbaar is! Pistasieneute, haselneute, nocciola. Koffie, cappuccino, café crème. Frambose, aarbeie, litsjie, limone. Melksjokolade, Belgiese sjokolade, stracciatella. Wat het geword van gewone sjokolade en vanielje, peperment en Napoletana! Ek wonder dikwels of al die verskillende soorte 'n goeie ding is – male sonder tal staan die mense buite die gelateria mekaar se horinkies en lek, en kla dat dit die ander een s'n is wat hulle eintlik wou hê.

Dit kon 'n mooi vierkant gewees het – hierdie een agter die gebou waarin die winkel is – as dit nie vir die rye oorvol vullisdromme was nie. En die rotte wat nou en

dan onder die ysterhek deur skarrel en aan die dromme kom snuif. Ek verkyk my aan die rotte. Hulle kom van êrens af – wie weet waar – soek verbete, rits tussen die dromme rond, beruik alles, los hul kieme en reuk dat dit oral kleef. En dan gaan hulle weer weg. Ek sou graag wou weet of hulle terug gaan na waar hulle vandaan gekom het.

Die vierkant lyk 'n bietjie soos die een in my Engelse handboek ligjare ver in Belgrado – daar was 'n foto van Juliet se balkon in Verona en die standbeeld met die blink gevatte bors. Hierdie vierkant kon so gelyk het, as dit nie was vir die vuilgoed en die rotte, en die verweer van Rome nie.

Ek staan met my rug teen die muur. Wanneer die ander twee se sigarette klaar is (hulle gooi dit sommer net daar tussen die dromme in), gaan ons terug winkel toe. Pouse is verby. Ek maak die kopdoek om my bos donker hare vas, skuif deur tot by die verste punt van die toonbank. Van hier af kan ek die fontein van die Piazza Navona en die afgeskilferde oranje mure van die geboue aan die anderkant van die plein sien; die duiwe wat kom en gaan voor die barok gesig van die kapel wat daar oorkant staan. Terwyl die klante oe en aa en sukkel om te besluit wat hulle wil hê, kyk ek verby hulle, die plein en die vertes in.

Middae op pad huis toe druk ek my hande in Bernini se fontein. Dan giggel die ander twee en loop hulle lepel met mekaar in die teenoorgestelde rigting om te gaan skemerkelkies drink en mans te jag. Partykeer sien ek die klavierspeler van die Piano Bar langsaan die gelateria by die fontein, 'n lang maer man met lang vingers en 'n lang kuif – hy op pad werk toe en ek op pad weg. Hy glimlag altyd gaaf vir my. Ek weet hy kyk na my maag.

Hoe ek gaan maak wanneer my maag groter word en ek in die nou gangetjie agter die toonbank moet staan, weet ek nie. Ek weet ook nie wat ek gaan doen met die baba as sy eers hier is nie. Al wat ek weet, is dat ek haar nooit Belgrado toe sal kan neem nie.

Oor hierdie dinge dink ek terwyl ek wag vir die klante om te besluit watter soorte roomyse hulle wil hê, en watter horinkies. Of bakkies. Dis 'n lang proses, die besluitnemery. Dan tuur ek oor die piazza en die fontein en die kerk se koepel en ek vra myself af hoe my ma sou voel as sy moes weet dat sy 'n kleinkind gaan hê. Waaroor ek nie dink nie is dat ek nooit vir die baba sal kan sê dat ek geen sekerheid het oor wie haar pa is nie.

Soms as die klante uiteindelik besluit en betaal, raak die roomys aan my hand wanneer hulle dit by my vat. Dan lek ek die soet romerigheid van my vingers af. Stracciatella is my gunsteling.

EK sien hoe haar maag swel, die roomysverkoper van die gelateria langsaan. Bietjie vir bietjie; ek het eers gedink dis maar die gewiggies wat bykom soos met al die ander wat daar gaan werk en nie die oorskietroomys – die leksels hier en daar – kan weerstaan nie. Maar soms sien ek hoe sy vryf oor haar maag, dit vashou, selfs daarmee praat.

Elke aand wanneer sy huis toe gaan, en ek op die piazza aankom om te begin werk, sit sy op die rand van die fontein. Sy streel met haar vingers oor die oppervlak van die water; kyk daarna asof sy lewe daarin sien. Ek groet haar meestal – sy lyk bly dat ek met haar oogkontak maak. Die ander wat saam met haar klaar maak met die skof giggel agter haar rug. Sy ignoreer hulle, maar sy weet dat hulle haar spot; een maal het ek haar die middelvinger sien gooi agter die twee heupswaaiende meisies aan.

Ek het hier kom woon omdat Italiaans die taal van musiek is; ek wonder wat sy in Rome maak.

Teen die tyd wat ek my sak gaan bêre het en by die klavier kom sit, is sy weg. Die groot swart vleuel staan by die ingang van die kroeg en in die somer skuif hulle die deure heeltemal oop. Ek sit met my sy na die piazza en ek speel, oor en oor dieselfde liedjies, die sentimentele nommers, Frank Sinatra, fliekmusiek. *Strangers in the Night* kry nuwe betekenis hier. Ek kyk uit oor die plein terwyl ek speel; my vingers vind die klawers self. Ek sien die mense wat met hul skemerkelkuitrustings hand aan hand verby die fontein loop, die oranje en geel mure en die luike wat die vensters bedek. Die meer geesdriftiges sal 'n passie voor die klavier verby dans; party sal net kopknikkend toegee tot die ritme, die swing, daarvan.

Die klavier moet heelaand praat. *Fabio's Fabulous Piano Bar* staan in groot rooi neon letters bokant die deur van die plek (ironies genoeg is dit eers wanneer die neonligte afgaan wat dit stil word hier) maar dit kon net sowel *Fabio's Fabulous Penis Bar* gewees het. Dis 'n gay joint dié, en die klante maak seker dat niemand dit vergeet nie.

Elke aand, skaars na ek begin speel het, kom vlei 'n man hom oor my klavier. Ek ignoreer hom weke lank al: sy perfek gestileerde hare, nagmaak uit die nuutste

modetydskrif, professioneel versorgde hande en soet parfuum. Sy Gucci-snyerspak en pinkiering. Party aande dra hy selfs grimering.

Kyk, ek is self gay, maar vir fieterjasies het ek nie tyd nie. Ek kom, speel, doen my werk, gaan huis toe. Kyk vir die mense tussendeur, luister hul gesprekke af. Daar is ietsie van alles. Gucci-guy en sy soort, jong ouens met bultende bo-armspiere en terug gekamde hare. Middeljarige mans wat lyk soos kantoorwerkers met vroue en kinders by die huis. Manlike prostitute wat 'n vinnige geldjie kom maak. En doodgewone homoseksuele, wat daarvan hou om te kuier saam met ander wat soos hulle is.

Dit was 'n ongeskrewe voorvereiste vir die klavierspelerspos dat ek gay moes wees.

Terwyl Meneer Gucci oor my klavier lê en ogies vir my maak en ek deuntjie vir deuntjie aframmel en die kom en gaan van mense en duiwe op die plein dophou, is dit na 'n ander land wat my gedagtes dwaal. Na die reën wat val oor Tafelberg, die Noordwester wat van die see af waai. Die watervore vol herfsblare voor die konservatorium op Stellenbosch. Die man wat ek liefhet wat my gelos het vir 'n blonde vrou.

Ek speel en speel; die kelner dra vir my klein koppies espresso aan. Ek drink dit met een hand terwyl die ander hand nooit ophou speel nie. Teen die einde van die aand kry ek 'n glasië grappa. Ek sluk dit met een slag weg.

Wanneer die laaste klante speels munte in die fontein gaan gooi, die verligte fasade van die katedraal bewonder, geselsend die nag in verdwyn, eindig ek met my laaste nommer. En wanneer hulle weg is, die skoonmakers met moppe en lappe kom en die kroegman sy bottels toeskroef en 'n laaste skoot grappa op die vleuel kom sit, speel ek Nokturnes. Chopin. Ek kyk vir myself in die spieël agter die drankbottels; my kuif hang laag oor my voorkop. My oë is ver en wyd. Ek speel tot die bestuurder wil sluit; die laaste klanke klink oor die plein.

Ek maak die kap van die klavier toe, kry my sak. Ek groet. Op die rand van die fontein wag hy vir my, sy pak nog perfek en sy hare nog net so gedoen soos vroeër. Ek probeer die maskara miskyk en die soet parfuum nie ruik nie.

## Witbroodjie

HANS Kunz klim op die vyf-dertig trem wat in die Bahnhofstrasse af by sy kantoor verbyloop, huis toe. Met die opklim tel hy 'n papgetrapte flenter koerant van die vloer af op, en gooi dit in die vullisblik. Hy vind 'n leë sitplek, en sit terug; die netjiese tremstoeltjie kraak onder sy gewig, al is hy nie besonder swaar nie. Hy is gelukkig – hy het 'n stoel met 'n verw warmer onder die sitplek gekry – maar nie eers 'n warm stoel kan hom positief stem nie, al is dit wit en winter buite. Hans leun sy grys kop agtertoe en maak sy oë agter sy raamlose brilglase toe. Die syfers van die laaste transaksie waarmee hy die middag gewerk het, wemel nog agter sy ooglede. Op sy skoot hou hy die tas met sy skootrekenaar met beide hande vas. Op die vloer van die trem blink sy skoene swart, en donkergrys sokkies steek onder sy donker pak se broek uit. Sy vingers tik ritmies 'n staccato lopie op die rugkant van die tas uit, heen-en-weer, heen-en-weer. Hy wil sy das losknoop, maar hy doen dit nie. Hy kyk na die silwer polshorlosie op sy arm. Op tyd.

Die trem ruk die pad af met die rivier aan sy linkerkant. Dit is vol binne; tientalle asems hang 'n wasemgordyn voor die vensters en aktetasse skuur netjies teen mekaar. Heelwat passassiers hou klein gevoude koerante voor hul gesigte, om mekaar nie in die beperkte spasie onnodig te pla nie. Hulle praat nie veel nie, en wanneer hulle dit doen, is dit met gedempte stemme. Buite is dit winter. Voetgangers beweeg toegegooi onder jasse en serpe; Zürich staan fors teen die ys wat sonder twyfel deur die nag op sy sypaadjies en in sy slote sal kom lê. En oor die dakke van kerke en huise; dalk selfs oor die oppervlak van die meer.

Die trem stop in Seevelt, waar Hans woon. Hy klim uit, stap 'n entjie langs die oewer van die Zürichsee, grys en koud in die vroeë donkerte. Hy hou sy oë op die Alpe, wat in sy geestesoog met sneeu gekroon die stad bewaak, want vanaand kan hy die berge nie sien nie, dis donker en bewolk.

Hy draai van die meer af weg die woonbuurt in. Hy bereik sy huis, stoot die hekkie geluidloos oop, loop met die tuinpaadjie langs voordeur toe. Hy tel twee laaste herfsblare van die plaveisel af op en gooi dit in 'n bedding. Hy sluit die deur oop, bêre sy bos sleutels op die rak langs die deur (waar hy dit altyd bêre) en roep hoopvol sy vrou se naam, maar sy is nog nie daar nie.

“Salut, Papa,” groet sy dogter. Sy kom uit haar kamer op die boonste verdieping van die huis teen die trap af na hom toe aangewip. Haar donker hare is in 'n los bol

agter haar kop vasgevat; haar klere hang eweneens los om haar maer lyf. Sy vat die tas by hom. “Koffie?” vra sy.

“Hallo Klaudia.” Hy vang vinnig haar oë en kyk dan weg van haar blik wat gretig, gulsig soos ’n klein hondjie byna, na hom kyk. “Hoe gaan dit?” vra hy. Hy haal sy das af en maak die boonste knoop van sy ligblou hemp los. Hy sukkel met die knoop, sy vingers ongewoon lomp, en in sy ongeduld breek hy dit af. “Scheize,” sê hy onderlangs, en bêre die knoop in sy hemsak.

“Uitstekend!” roep Klaudia helder. Haar oë blink met passie. “Ek het hoogste lof by die klavierkompetisie gekry, en 90% vir die stuk wat jy vir my gekies...”

“Peter!” roep Hans teen die trappe op, sy rug reeds op Klaudia gedraai. “Kom.”

’n Lang, jong man in jeans en ’n t-hemp slenter by die trappe af. Hy trek ’n mus oor sy kop. Flarde hare steek gelerig onder die gestreepte mus uit. Aan die punte van sy slap bene dra hy Puma-tekkies; die vetters hang los na weerskante. Hans haal ’n jas uit die kas in die portaal, waar hy en Klaudia steeds staan, en gooi dit na sy seun. Peter vang die jas, steek sy arms in die moue en knoop dit toe om sy lyf. Hans stof sy hande af. Klaudia draai haar rug op die mans en klim die trappe twee-twee na bo.

“Jammer, Klaudia, ek sal luister as ek terug kom,” sê Hans. Hy is te moeg om enige emosie in sy stem te toon; hý weet sy weet daar is geen sprake van werklike berou nie. Haar kamerdeur stamp toe; sy sal dit nooit klap nie.

Hans en Peter stap dieselfde roete na die tremstop wat hy minute vantevore anderkant toe afgelê het. Hulle klim op ’n trem en ry in die rigting van die park. Hulle praat nie. Peter staan met sy hande in sy sakke en die mus laag oor sy oë getrek en tuur oor die verligte aand buite die trem. Oral brand ligte – straatligte, lanterns. Geboue troon langs die straat op, Kersfeesversierings reeds helder en parmantig al is dit skaars Desember. Hans sien die oorfone van Peter se Ipod soos boerbone in sy ore sit; sy een voet rittel op die maat van musiek wat net hy kan hoor. Hans hou sy oë stip voor hom, beloer afgunstig ’n jong man van min of meer Peter se ouderdom wat oorkant hom in ’n pak en das die finansiële blad sit en lees. Hy maak notas, die jong man, en voer nou-en-dan data wat hy skynbaar in die koerant kry, vir die Blackberry in sy hand.

Die trem nader die stop by die park. Dis die oomblik wat Hans die meeste vrees en haat; om Peter die park in te laat terwyl hy nie weet of hy hom oor ’n halfuur weer hier sal sien nie. Om te sit op hierdie bankie by die ingang van die park en nie in te hardloop en sy seun aan sy lang hare te gryp en hom huis toe te sleep en ’n spul dwelmhandlaars op die die koop toe fisies by te dam nie.

Hulle klim uit die trem. Hans druk 'n noot in Peter se hand, net genoeg vir een keer. Peter stap hande in die sakke, kop onderstebo, die bone steeds in sy ore, deur die ysterhek die park binne. Hans volg op 'n afstand, gaan sit dan op die gewone, afgespreekte plek. Hy haal sy selfoon uit sy sak, plaas 'n oproep na 'n kliënt wat vroeër die middag 'n boodskap gelos het dat Hans hom moet bel. Hy het nog nie daarby uitgekom nie. Hy kyk om hom rond terwyl die telefoon se luitoon in sy oor klink. Eintlik is hierdie plek ongelooflik mooi, dink hy. Hy dink aan die dae toe hy en Peter se ma na hierdie einste park gekom het om hande vas te hou en in mekaar se ore te fluister. Wanneer het dit vir hom so lelik geword?

“Hallo Erik, Hans Kunz hier,” sê hy wanneer die man antwoord. Terwyl hy luister na sy kliënt se versoek, hou hy die mense om hom dop, die duiwe, die park self. Jong mense kom verby. Hy het die tekens lankal leer lees. Die blink, veraf oë, die paranoia van deurlopend omkyk agtertoe, somtyds selfs die nuutgevonde selfvertroue, afhange van die tipe verdowingsmiddel.

'n Jong vrou – Peter se ouderdom – kom sit langs hom op die bankie. Sy is netjies geklee – 'n kantoorwerker. Sy snuif hard. Hy skuif die laaste paar millimeters na die kant van die bankie sodat hy so ver as wat moontlik is van haar sit. Sy huil stil, grawe ongekoördineerd in haar enorme, geborduurde sak. Wat hou sy alles daarbinne? wonder Hans. Hy draai sy kop, kyk anderpad na die Kersfeesliggies wat die laning bome in die park versier. Na die kinders wat jonk en ongeskonde saam met hul ouers op fietsies en plastiektreine in die paadjie af ry. Na die struik wat netjies soos soldate op aandag staan.

Hy wil nie dink aan die kere wat hy Peter uit die ingewande van die park moes gaan haal het nie. Die eerste keer moes hy hom uit 'n nes van slap lywe skeur; sy volgroeide seun oor die keisteenlanings sleep. Stop, asem, sleep, stop, asem, sleep vir meer as 'n uur lank. Hulle het albei gedaan by die trem aangekom. Die kondukteur moes hom help om Peter in die trem te tel. Twee keer deur die loop van die rit huis toe het Peter gepraak.

Daarna het die pogings tot rehabilitasie gekom – die onttrekking, haat en verwyte. Hulle het die kind weggestuur na die beste sentrums, die beste dokters geraadpleeg, die mediese wetenskap tot in sy diepste wese ingespan. Niks het gewerk nie; elke keer was hy maar weer terug by die nes in die park, moes Hans hom weer tussen sy bedwelmdede vriende gaan vind. As 'n mens hulle vriende kan noem. Later het die tremdrywer geweier om Hans en Peter op sy trem toe te laat. Hans kon hom dit nie juis kwalik neem nie.

'n Bekende gesig loop verby. Die gesig dra ringe in sy ore en aan sy hande. Verder dra hy swart. Hy draai na Hans toe, groet hom vriendelik. Nee, smalend. 'n Jakkals, dink Hans.

“Guten Abend Herr Kunz.” Dis een van die handelaars. Hulle ken hom al, weet dat hy hier wag, dat Peter net een veilige dosis op 'n aand koop en dat sy pa hom dan huis toe neem. Hans kyk die dwelmsmous reg in sy spottende oë, groet hom nie. Hy weet die man dink hy mors sy tyd. Opiumroker, poeiersnuiwer. Moordenaar, dink hy by homself.

Dan sien hy Peter tussen die bome aangestap kom. Die oorfone is terug in sy ore; wie weet, dalk haal hy hulle nooit uit nie. Hy stap sy lang, slap stap. Hy wieg vorentoe en agtertoe soos hy stap, soos 'n kameelperd, sy lyf te swaar vir sy bene. As Hans dit nie geweet het nie, sou hy nooit raai dat Peter onder die invloed van 'n verdowingsmiddel is nie. Hy lyk normaal, gewoon – so normaal en gewoon soos wat enige onnet vroeg-twintigjarige lyk. Peter swaai sy sak oor sy skouer, staan stil voor Hans se bankie, en wag dat hy moet opstaan en kom. Hans kyk na sy seun. Sy seun kyk nie na hom nie. Wie verwyt wie, wonder hy.

Hulle verlaat die park en wag vir die trem. Een minuut, op skedule. Hierdie keer sit Peter en Hans staan. Daar is genoeg sitplekke in die trem dat hy ook kan sit, dalk selfs een met 'n verwarmter – om sy bevrore lyf te ontdooi – maar hy wil nie sit nie. Hy hou met sy regterhand aan die geel oorhoofse plastiekband by die staanplek van die trem vas. Dit stut hom; hy hang amper daaraan. Hy het nodig om homself regop te trek, diep asem te haal, van voor af vrede te maak met sy en Birgit se besluit om eerder Peter se afhanklikheid te beheer as om 'n stryd te stry wat hulle nie kan wen nie.

Hulle speel die pad van vroeër die aand agteruit, soos 'n film wat terugdraai: die geboue, die Kersfeesversierings, -liggies: verkeerd-om maar dieselfde. Soos bakens staan die twee torings van die Fraumünster 'n entjie die stad in. Eenkeer lank gelede het Peter aan 'n kooruitvoering daar deelgeneem. Hy was 'n jong seun. Soos engele het die kinders gesing. Daar was bosse goudgeel sonneblomme oral in die kerk.

Hulle nader die meer, klim uit, stap stil die entjie huis toe. Die buitelig brand; wanneer Hans die deur oopmaak, ruik hy koffie en kos. Kapgeluide kom uit die kombuis, dit stop net voor sy vrou in die voorportaal verskyn.

“Salut!” roep sy te opgewek. Sy klink amper manies, dink Hans, maar hy is bly om haar stem te hoor. Peter loop die trap op en sy kamerdeur klap. Klaudia kom af en sit by haar ma en pa in die kombuis.

“Hallo Birgit,” groet Hans sy vrou. Hy neem ’n bier uit die yskas, knak dit oop met ’n ontwerpersoepmaker, neem ’n sluk uit die bottel voordat hy dit in ’n lang glas skink. Die skuim sit ’n perfekte kappie op die goue, borrelende vloeistof. Birgit weet om nie oor die tog park toe te vra nie; sy sien in haar man se skouers hoe swaar hy daaraan dra.

“Klaudia het hoogste lof in die kompetisie gekry,” sê Birgit en glimlag vir haar dogter, wat stilweg haar pa dophou waar hy diep aan sy bier drink.

“Dis fantasties, Klaudia.” Vir die eerste keer dié aand fokus Hans sy aandag op haar. “Was dit moeilik?”

“Uhm,” Klaudia frons, “hoe bedoel jy, was dit moeilik, Pappa?”

“Die musiek wat jy gespeel het vir die kompetisie, was dit ’n moeilike stuk?”

Klaudia kyk haar pa aan, uit die veld geslaan. Sy tel ’n fynmaker op en druk die bak aartappels voor haar verbete daarmee pap. Hans kyk op van die leë bottel voor hom, eers na sy dogter en dan vraend na sy vrou.

“Ai, Hans, jy het seker vergeet. Jy het mos die stuk gekies wat Klaudia gespeel het, en haar gehelp werk daaraan. Jy weet mos dit is ’n besondere moeilike stuk!”

“O, ja.” Hans kyk verskonend na sy dogter. “Ek het vergeet. Ek het ook belowe om te kom luister, het ek nie? Ek is jammer, Klaudie, my dag was vreeslik vol.”

Klaudia gooi botter en warm melk by die aartappels, roer dit deeglik, voeg sout en neutmuskaat by. Sy kyk nie na haar pa nie. “Dis oukei,” sê sy dan, “ek het geweet jy sal nie kom nie.”

Hans vang sy vrou se oog, Birgit kyk bedroef terug. Sy skud haar kop, haal borde uit die kas, en dek die tafel in die kombuis. Sy vou servette en sit dit onder die borde neer. In die pan op die stoof kraak stukke varkvlies. Sy het dit vroeër platgeslaan en die binnekant van gister se witbrood met haar vingers fyn gemaal, die vleis daarin gerol sodat die krummels soos stukkies sneeu aan die vark vassit. Sy tel die schnitzel met ’n gegleufde spaan uit die pan, dreiner die olie op kombuispapier, en skep vier goudgebraaide stukke op vier borde.

“Sal iemand vir Peter gaan roep?” vra sy.

“Hy sal tog nie kom nie, Ma.”

“’n Mens weet nooit nie, my kind.”

Klaudia gaan staan onder die trap. “Peter!” roep sy. “Ma het alweer jou gunsteling gemaak.”

Sy kom sit by die kombuistafel. Hulle skep op. Birgit skep ’n hoop kapokaartappels en groente in die vierde bord, langs die grootste stuk schnitzel, en

loop met die bord by die kombuis uit. Sy gaan die trappe op. In die stilte hoor Hans en Klaudia hoe sy sag aan Peter se toe deur klop, en die klik van die bord op die houtvloer wanneer sy dit in die gang voor die deur neersit.

Birgit kom sit by Hans en Klaudia. “Smaaklike ete,” sê sy, en hulle eet. “Mmm, die kapokaartappels is heerlik, Klaudie, so romerig!”

“Dis baie lekker,” beaam Hans afgetrokke.

Klaudia bly stil.

“Vertel ons alles van die kompetisie, Klaudia. Ons wil álles weet,” praat Birgit voort. Die fyngedrukte aartappels sit vas in Hans se keel; hy sluk dit af met nog ’n bier. Hy kyk onderlangs na sy dogter, sien hoe sy haar skouers ophaal, sug.

“Ag, dit was nie eintlik ’n big deal nie. Die ander deelnemers was amper net so goed soos ek; daar was ’n ou wat fantásties gespeel het. Ek kon net sowel tweede gekom het. Dalk selfs derde.” Sy kou haar kos.

“Klaudia.” Birgit sit haar mes en vurk langs die schnitzel neer. “Jy hoef nie so beskeie te wees hier in jou eie huis nie – ons weet dis nie waar nie, Professor Weiss het lankal reeds gesê jy sal met die louere wegstap! Jy’s die konservatorium se blinkste ster!”

Hans voel die skerp punt van Birgit se skoen onder die tafel teen sy been skop. “Nie waar nie, Hans, jy was tog ook vele male by toe Professor Weiss dit gesê het?”

“Ja. Dis waar. Dis ’n baie moeilike stuk.” Hans jaag met sy vurk die ertjies in sy bord.

Klaudia kyk moedeloos na haar pa, maar sy kan haar eie entoesiasme en passie nie langer wegsteek nie. Sy rig haar tot Birgit.

“Ma weet daai een passasie waarmee ek verlede week nog so gesukkel het, die vinnige lopies in die linkerhand in die mineur derdes? Ek het amper, ámpers daarvoor gestruikel, maar hulle was perfek! Die beoordelaar het spesifiek na die tyd gesê hy het nog nooit ’n sestienjarige daai passasie so goed hoor speel nie.” Klaudia blom.

“Regtig, Klaudie? Dis fantasties!” Birgit vryf oor Klaudia se arm.

“Wat wen jy?” vra ’n donker stem van die gang se kant af. Peter leun met sy skouer teen die houtkosyn van die deur. Sy een hand is diep in sy broek se sak gedruk. Hy kom ingestap, plak sy leë bord op die tafel neer en haal ’n bier uit die yskas. Hy gaan sitlê op die stoel langs Klaudia.

“Geld en ’n trofee. En die moontlikheid van ’n beurs om volgende jaar al voltyds by die Konservatorium te begin swot.”

“Wow,” sê Peter, sluk sy bier.

“En jy, Peet, wat het jy vandag gedoen?” vra sy ma. ’n Breë glimlag is op haar gesig geplak, haar hande met die mes en vurk bewe bo haar bord.

“Die gewone.” Peter sak verder af in sy stoel. “Internet gesurf, girl opgechat, ’n slapie gemaak.”

“Het jy gekyk na die aansoekvorms wat ek verlede week vir jou gebring het?” vra Hans, sy stem hoopvol, maar sy oë nie.

“Wag, laat ek dink.” Peter rol sy oë, grinnik in sy pa se gesig. “Nee.” Hy staan op, gooi die oorblyfsels van sy half-gedrinkte bier in die drein af. Die skuim lê geel soos gal op die chroom oppervlak van die wasbak.

Hy verlaat die kombuis. Hy neem sy jas van die traplening af waar hy dit vroeër laat val het, gooi dit om sy lyf. Die mus sit nog steeds op sy kop.

“Waar gaan jy?” vra Birgit en Hans tegelyk. Klaudia staar na die smeersels kos in haar bord.

“Uit,” sê hy, en ’n koue wind klap die deur agter hom toe. Die wit servette waai van die tafel af, en sweef grond toe.

Hans en Birgit sit, verslae. Weer ’n keer. Klaudia spring op, begin die borde met half-geëete kos wegdra. Haar ouers praat nie. Hulle sit met geboë koppe by die tafel.

“Ek kan my nuwe Beethoven vir julle speel?” vra sy, en sit aan by die klavier wat bekroon met familiefoto’s en -aandenkings in die een hoek van die eetkamer staan. Sy begin met die melodie in die regterhand, herhaal dit ’n paar keer en val dan in met die res van die prelude; intens, passievol, perfek.

Niemand antwoord nie. Hulle hoor nie eers nie.

## Padkos

ALILE Phiri hou haar suster in haar arms vas so lank as wat sy kan. Die busbestuurder blaas die toeter, sy voel Sigele se trane nat in haar nek, daar waar haar skouerbeen kliphard onder haar klere sit. Sy stoot Sigele se lyf versigtig van haar af weg, en vee met die agterkant van haar hand oor haar suster se neus waar slym en water in die dowwe straatlig blink.

“Sodra ek werk het, laat ek jou kom.” Sy soen die huilende vrou – eintlik nog ’n kind, vyf jaar jonger as Alile – op haar wye mond, gooi haar sak oor haar skouer en klim in die bus. Sy kyk een maal terug. Sigele het ophou huil, maar haar gesig is skeef van die hartseer en haar skouers krom van honger, armoede; Alile sien geen hoop meer in haar suster oor nie. Sy gaan sit op ’n oop bank, sy weet dit sal nie lank oop bly nie, maar ten minste sit sy by die venster. Ten minste is sy op pad.

Dan onthou sy. Sy maak haar sak staan op die sitplek, en druk weer deur al die mense wat in die bus klim met die nou gangetjie langs na buite. Sy hoop nie Sigele sien haar nie, sy kán nie van voor af groet en haarself weer van Sigele losmaak nie. Sy klim nie heeltemal uit die bus nie, hurk net op die onderste trappie, hou met haar linkerhand aan die koue metaalreling vas. Haar regterhand skiet na buite, gryp ’n handvol van die grond en kluite wat onder die bus lê, en druk dit in haar baadjie se sak. Sy vat nog; sy weet nie hoe lank dit sal wees voordat hulle weer stop nie. Sy hou die tweede handvol grond in haar vuus, en druk terug na haar sitplek toe. Die sak staan nog waar sy dit gelos het, maar daar is ’n man op die bankie langs die sak. Sy sluk tevrede toe sy sien dis ’n ou man. Sy is bly dis nie ’n jong kapokhaantjie wat langs haar kom sit het nie. Of iemand wat stink nie. Die ou man ruik darem nie sleg nie – hy ruik net na ou man.

Die bestuurder druk weer die toeter, die deur gaan toe. Sigele se skouers ruk, sy waai vir haar deur die venster. Wat gaan van haar suster word? Hulle het haar ma die vorige week begrawe, haar pa is lankal weg. Haar ouer broer het gesê hy sal na Sigele kyk, maar hy raak al maerder en sieker en Alile weet nie hoe lank dit meer sal wees nie. Sy is gelukkig skoon, sy het haar kort na haar ma se dood laat toets. En besluit: as sy gesond is, gaan sy weg; siek, sal sy bly. Die nurse by die kliniek het gesê, dank God, sy is gesond.

Sy haal ’n Bybel met ’n verweerde omslag uit haar sak. Sy slaan dit oop by die Psalms. Die Psalms is al voos gelees, maar niks anders is vir haar so mooi soos dit nie. Sy lees dieselfde verse oor en oor, in die lig van die maan wat deur die bus se

venster skyn. Ek slaan my oë op na die berge, waar sal my hulp vandaan kom. Sy is gewoon daaraan om in die donker te lees.

Sy eet grond terwyl sy lees. Bietjie vir bietjie sit sy happies kluite en stowwerige klontjies in haar mond. Eers suig sy, dan kou sy, en as die grond modderig haar mond vol lê, sluk sy. En sluk weer, totdat die binnekant van haar mond skoon is, sy haar tong oor haar tande en binne haar wange kan glip en niks stukkies stof of grond meer daar voel nie, en dan hap sy weer. Sigele wou eenkeer weet of sy haar verbeel dis sjokolade, of koffie, of molasse, en sy het geantwoord nee, sy eet grond, sy hou van grond. Sy eet dit vir wat dit is.

Die ou man langs haar hou haar skuinskop dop. Sy glimlag met hom, bied die handvol grond vir hom aan, maar hy wys nee en trek sy hoed oor sy oë. Hy wil slaap, lyk dit vir haar.

Wanneer haar hand leeg is, druk sy dit in haar sak. Sy voel of die res van die grond nog daar is, vir later. Sy haal 'n toegevoede papiertjie uit die Bybel. Sy vou dit oop. Op die papier is 'n nommer, 'n naam. Sy lees dit, oor en oor. Sy vou die papier weer toe, sit dit veilig in die Bybel terug. Sy bêre die Bybel, trek haar baadjie uit, versigtig dat die grond nie uitval nie, en vou 'n bondel om onder haar kop te sit. Sy lê die bondel teen die kant van die bus, rus haar kop so daarop dat sy by die groot venster uit kan kyk. Die glas is koud onder haar wang.

'n Storm breek op die horison. Weerlig flits met 'n helder lyn deur die nag, gooi 'n wit kombers oor die kim. Sy hou haar oë op die plek waar die blitse weer en weer kom. Weerskante van die pad staan die gras hoog. Tussen die punte van die gras en die storm is dit swart.

Alile probeer slaap. Die pad maak strepe voor haar oë, al is hulle toe. Dis beter om die pad te sien as die ander dinge wat partykeer in haar drome kom. Die man langs haar snork. Sy maak haar oë oop, loer na hom. Sy kop knik vorentoe, spoeg loop oor sy ken. Haar hand gaan na hom toe om dit op te vee, sommer so met haar mou, maar dan stop sy, dwing haar arm terug na haar skoot. Sy het maar dae gelede uitgevind sy is skoon; sy wil nie nou die siek by 'n vreemde man op die bus kom kry nie.

Hulle ry deur die donker. Die bus ruk maar die kussing onder haar boude is sag. Sagter as haar slaapplek by die huis. Êrens deur die nag moes hulle die Malawiese grens oorgesteek het want in die oggend word sy wakker van die busbestuurder wat oor haar staan, haar papiere in sy hand, 'n stempel op wat sê sy het Malawi verlaat en Zambië binnegegaan. Die bus staan langs die pad afgetrek. Die mense klim uit, loop die gras in en piepie in die bos. Sy sien hoe hulle hurk in die hoë gras. Dis nog nie lig

nie, skemer sit oor die pad en in die hemel is daar nog 'n paar blink knoppe. Haar blaas druk vol teen die band van haar romp. Sy sal ook in die gras moet sit, daar is geen ander manier nie. Sy het gehoop om die huis agter te laat en ook hul agterlike maniere. Miskien verder af in die kontinent sal sy ook op 'n toilet kan sit en hoor hoe haar piepie in 'n straal onder in die water land.

Sy neem haar gefrommelde baadjie en haar sak. Sy klim uit, loop eers 'n ent teen die pad af en dan die bosse is. Sy hurk. Die warm stroom tref die grond en die klamheid slaan teen haar bene terug. Sy sit tot sy droog gedrup is, wil nie een van haar skaars papiere mors om af te vee nie. Sy trek haar broekie op – een van haar ma se oues – en stap 'n entjie weg van die plassie af. Sy skud haar baadjie uit, die grond van die bushalte stuif oor die gras. Sy krap die laaste stoffies met haar naels uit die sak. Sy lek haar vingers af. Sy grawe 'n handvol grond tussen die gras uit. Die grond is klam, ryk. Donker. Sy ruik daaraan, eet 'n klein happie. Dit proe heeltemal anders as die grond van haar huis.

Die bus toet. Sy druk die handvol in haar sak, neem nog een tussen haar skraal vingers op. Sy het groot hande, en lang, maer vingers.

Hulle klim terug in die bus. Sy gaan sit. Die busbestuurder maak die deur toe. Die ou man is nie daar nie.

“Hei!” roep sy, spring regop, op haar stoel. “Hei, meneer, hier is iemand kort!” Die mense in die bus rumoer, die enjin dreun. Sy is nie seker of die bestuurder haar gehoor het nie. Die bus dril onder haar voete en raas in haar ore.

“Hei,” skree sy weer, nou half histories. Mense kyk haar aan, onbegrypend. Sy probeer deur die toegepakte paadjie beur na die busbestuurder se stoel maar die bus is voller as ooit. Almal se goed lê die pad vol. “Meneer! Oom!”

Sy vang die man se oog in die spieëltjie. Sy donkerbril maak die hele spieël vol. Dis nie 'n groot spieël nie, maar dis groot brille.

“Die ou man,” roep sy. “Met die baard. Hy's nog nie op die bus nie.”

Die bestuurder laat die enjin loop en staan op van sy stoel. Hy staan onder die spieëltjie en kyk terug die bus in, na haar. Sy oë is brommers. “Wat's dit? Hoekom skree jy so?”

“Daar's iemand kort!” roep sy weer. “Die ou man wat langs my gesit het, is nog nie terug nie.”

Eindelik knik hy dat hy verstaan. Hy draai terug na die stuurwiel, leun oor, sit die bus af. Hy maak die deure oop. Mense peul weer uit.

“Nee, nee!” roep die bestuurder. “Moenie uitklim nie! Bly waar julle is, dis moeilik genoeg om julle hier in te kry.” Hy klim self uit. Roep iets buite wat sy nie kan hoor nie.

Uit die bosse agter die bus kom die ou man. Hy sukkel met sy belt. Alile sien nie sy hoed nie. Hy lyk nie gepla deur die drama in die bus nie. Nie eers bewus daarvan nie.

“Ou man, jy moet kom as ek roep!” raas die bestuurder.

Die ou man lag wyd, hier en daar sit ’n tand in sy mond. Hy wys na sy ore, skud sy kop. Hy is doof. Sy het dit glad nie besef nie. Sy sal moet onthou om hom by al die ander stopplekke te help hoor.

Hy druk deur die mense in die paadjie; hulle gee vir hom pad. Hy is nog steeds doenig met die belt. Alile waai vir hom. Dit lyk of hy sukkel om sy stoel te vind. Dan waai hy terug, kom sit langs haar. Hy lag stilletjies dat sy skouers eintlik ruk.

Hy vat aan sy kaal kop. “My hoed,” sê hy.

Alile wil-wil weer opspring, die bus weer stop, uitklim en sy hoed gaan soek, maar die busbestuurder sal vir haar kwaad wees en heel moontlik onbeskof, en sy sal die hoed tien teen een nie eers in die lang gras kry nie.

Sy buig vooroor, grawe in die sak wat by haar voete lê. Sy haal die skewe mus uit wat Sigele gebrei het kort voor sy weg is. Sy bied dit vir hom aan. Hy glimlag weer breed, trek die mus oor sy blink kop. Die growwe wol skuur oor sy vel. Hy knik, vou ’n vuis voor sy hart. “Dankie,” sê hy.

Die bus ry rukkend verder. Alile slaap, lees uit haar Bybel, hou die landskap dop wat lyk of dit niks verander nie. Dieselfde hoë, groen gras. Dieselfde wye, blou hemel. Dieselfde lang, swart pad met gate in. Nou en dan ry hulle verby ’n klein dorpie. Dan maal kinders die pad vol; hardloop hulle agter die bus aan, waai die mense in die bus terug asof dit hul eie mense is wat hulle goed ken.

Alile waai nie. Sy kyk net. Sy kyk na die een of twee kinders wat aan die kant van elke groep staan – daaraan hang – omdat hulle nêrens hoort nie, nêrens heen kan gaan nie, maar wat nie speel nie, nie waai nie. Nie hardloop nie. Een keer kon sy sweer sy sien ’n meisie grond eet.

Die ure gaan verby. Hulle stop by die grens. Aan die rand van die pad lees sy dat hulle Zambië verlaat, Zimbabwe binnegaan. Binne die deur van die grensposkantoor pronk ’n foto van Robert Mugabe. Die foto is ’n donker reghoek in die middel van ’n muur wat lank terug wit was. Dit hang skeef, die een punt wil-wil grond toe. Onder

die foto agter die toonbank staan 'n man wat baie op Mugabe trek. Dieselfde reguit mond. Dieselfde koue krokodiloë.

Voor hom staan die busbestuurder met hul papiere. Die papiere van al nege-en-sestig mense op die bus. Sy wonder of hy hulle gaan tel. Sy wonder of hy na die foto waarvoor sy so baie moes betaal, sal kyk, haar in die gesig sal kom staar om seker te maak dit is sy. Toemaar, dink sy; soos die bus verder ry, nader aan Kaapstad kom, sal hulle dit wel doen. Verder suid sal haar moeite en haar ma se geld nie verniet gewees het nie.

Die man agter die toonbank begin werk. Hy druk swierig sy stempel in die ink en kap nege-en-sestig keer hard op die tafel neer. Die busbestuurder kom uit, die stapeltjie papiere hoog in sy hand. Hy glimlag vir hulle wanneer hy opklim.

“Geclear,” sê hy. “Ons ry net deur, julle kan in Zim gaan pie.” Hy blaas die toeter, waai vir die man in die kantoor. “Daar’s minder vlieë,” sê hy.

Die enjin dreun onder die bestuurder se voet en Alile sit regop. Dis haar derde land in een dag. Voor vandag was sy skaars in drie dorpe. Sy kou aan 'n stukkie grond.

'n Ander man met 'n donkerbril lig die wit paal wat dwars oor die pad span op. Hulle ry Zimbabwe binne. Alile kyk om haar rond. Die landskap lyk dieselfde. Die manne lyk dieselfde. Die paar vroue wat met bondels op hul koppe aan die kant van die pad staan en hardgekookte eiers verkoop, lyk soos dié wat die strate van Lilongwe vol staan. Sy kyk weer na die vroue. Miskien 'n bietjie groter. Groter en meer van die wêreld.

Die bus stop. Almal klim uit, Alile ook. Hulle staan in rye vir die toilet. Die gat in die grond stink en gaap haar aan wanneer sy uiteindelik voor is. Oor die gat swerm vlieë. Die opening waaroor sy hurk lag haar uit, die stank jaag haar met 'n halfvol blaas terug na die bus toe. Dit was beter in Zambië se gras.

Sy stap om die bus, skud haar baadjie uit agter 'n groot jeep wat wydsbeen oor die parkeerstrepe staan. Sy maak seker dat al die stof en kluite uit haar baadjie se sak is. Die nat grond van Zambië het in haar sak droër geword. Die stukke val uit oor die jeep se wiele. Sy tel 'n handvol grond op; die teer van die pad en die parkeerarea verdwyn onder die stof van die land wat verder en verder oor die grys ryvlak kom. Dis nie so klam soos vanoggend se grond nie, maar net so donker. Sy byt 'n stukkie, voel die stof aan haar tande slyt. Sy piepie ordentlik.

Die toeter blaas. Sy klim terug op die bus, haar sak vol vars grond. Die ou man sit reeds op sy stoel. Haar mus is op sy kop, al loop vet druppels sweet oor sy voorkop. Hy kou aan die korsie van 'n ou toebroodjie.

Sy skuif langs hom in. Die bus vertrek. Dit is warm; twaalf-uur warm. Hulle ry Harare toe. Sy was nog nooit in Harare nie, het nog net mense daarvoor hoor praat, partykeer in weggegooide koerante daarvan gelees. Koerante wat sy uit asblikke gehaal het, party sommer op straat, party by die oord. In die badkamers van die oord se huisies, toe sy nog daar skoongemaak het. Baie mense lees koerant in die toilet, en laat lê dit net daar in die nattigheid.

Die townships buite Harare begin lank voor die stad self. Sinkhuise, houthuise, huise van karton en stukke bourommel – niks snaaks vir haar nie – sy kan self uit niks uit iets maak.

Sy sit nog oor die huisies en tuur toe die knal van onder die bus kom. Die bus swaai woes. Sy koes, sy weet nie waarvoor nie, maar die ou man en die ander mense koes saam. Heen en weer oor die pad swenk hulle. Mense gil. Die bestuurder kry beheer oor die stuurwiel terug. Hy stop. Almal se koppe kom weer bo die banke uit. Die bus sis soos 'n slang. Rook bol by die masjienkap uit. Mense peul by die deur uit, praat gelyk, beduie na die linker agterste wiel.

Die band het gebars. Dis al.

“Dis net 'n gebarste band, bly kalm,” roep die bestuurder. “Kry julle goed van die bus af, sit in die koelte. Wag.” Hy kyk op die horlosie wat los aan die onderkant van sy pols hang. “Ons ry sodra ons kan.” Mense kom reeds met gereedskapskiste en ou binnebande en geroeste domkragte uit die township aangehol.

Alile klim van die bus af en neem die ou man se hand. Sy stap met hom uit die son uit in die koeltestrepe van 'n karige boom. Sy gooi haar sak neer en sit daarop. Hy trek sy baadjie uit, stryk dit op die klipperige grond plat en gaan sit op die baadjie. Hy haal die mus van sy kop af. Sy kopvel blink. Hy vryf met sy hand oor sy kop. Hy grinnik, kloek soos 'n hen.

“Wat lag jy so die heeltyd?” Sy weet nie of hy haar verstaan nie.

Hy kloek nog harder. Hy beduie na die mense om hulle. “Die mense,” sê hy. Hy praat stadig. “Die mense is snaaks. Kyk hoe skarrel hulle. Kyk hoe gaan hulle tekere. Soos miere.” Hy lag weer saggies, in sy mou. “Soos miere voor die reën.”

Sy kyk om hulle rond. Vroue gooi komberse uit. Mans staan en rook. Kinders hardloop, speel. Babas kruip. Die busbestuurder en 'n paar helpers hys die bus met 'n domkrag op, haal die stukkende band af, vervang dit met 'n nuwe een. Vroue met doeke om hulle koppe stap tussen dit alles deur en verkoop hardgekookte eiers en gebraaide mielies. Die ou man koop 'n eier en 'n mielie, hy gee vir haar die helfte van altwee. Sy sink haar tande in die eier, dit is blou aan die binnekant en droog, maar

goed. Die mieliepitte bars soet wanneer sy dit kou, al is hulle verrimpel en hard. Wanneer hulle klaar is, sit die pitte geel tussen die ou man se tande. Sy tande en die mielies lyk dieselfde. Hy hou sy hand uit vir haar leë stronk. Sy beduie dat sy dit sal weggooi; daar staan 'n leë drom eenkant langs die pad. Hy skud sy kop, bêre die twee afgeëte, halwe stronke in sy sak.

“Oukei mense, almal terug in die bus. Rambauchiita! Roer julle litte. Ons het baie tyd verloor.” Die busbestuurder stap tussen die mense deur en dit lyk vir Alile of hy die meeste van hulle sommer op die boud wil klap. “Komaan, komaan, ons het nie heeldag tyd nie.” Sy wonder hoekom hy so haastig is. Die eindpunt is nog so ver. Dis nog baie lank se reis wat wag. Daar is seker 'n vrou in Harare.

Hulle klim op, sy help die ou man. Hulle skuif weer terug in die bankie waar hulle sit. Hy haal die mieliestronke uit sy sak. Sy loer wat hy doen, wil nie 'n agie wees nie. Hy druk die stronke in die gaassakkie teen die agterkant van die stoel voor hom. Hy kyk na haar. “Om uit te droog,” sê hy.

Die bus trek nukkerig weg. Stof slaan weerskante uit, soos 'n draak wat uit die mis opstyg. Kinders hardloop saam, mense waai, die busbestuurder lê op die toeter en groet dat sy hele lyf by die venster uithang. Hy skree iets vir die skare buite die bus. Alile kan nie hoor wat dit is nie maar die mans buite lag. Die vroue skud hulle koppe. Sy skuif haar reg in haar stoel. Sy is moeg, sy het die vorige nag nie lekker geslaap nie. Die bus is kokend warm. Dit ruik na sweet en voete want almal trek hulle skoene uit. Sy ook. Sy help die ou man met syne.

Sy probeer slaap maar sy kan nie. Dis te warm, en die bus skud te veel. Sy wonder hoekom Zimbabwe se paaie soveel slegter is as Zambië s'n. Miskien voel dit net so. Miskien is haar boude teen dié tyd net moeg, deurgesit; miskien het sy dit gister nie gevoel nie.

Sy haal die Bybeltjie uit haar sak. Sy maak dit weer by die Psalms oop. Die papiertjie met die nommer val uit, sy tel dit vinnig op. Sy lees dit weer deur net om seker te maak dit is nog daar, sy onthou nog reg. Sy het die nommer in haar kop gebêre ook, vir as sy dalk die papiertjie verloor, maar sy vertrou nie haar geheue nie. Sy maak oor en oor weer seker. Sonder die nommer sal daar vir haar niks wees aan die ander kant nie.

Sy lees die Psalms van voor af. Psalm 1. Sy voel in haar sak vir 'n stukkie grond. Daar is nie veel oor nie. Sy het vergeet om by die stilhouplek grond te vat. Die grond was maar droog – klipperig – sy sou nie veel daarvan kon eet nie. Nogtans krap haar keel benoud. Wat as haar grond op is voordat hulle weer stop? Wat as daar nie grond

is in Harare nie? Wat as sy nie weer vandag grond kan kry nie? Sy troos haarself. Sy is in Afrika. Daar is altyd grond in Afrika.

Dit gaan goed met die mens wat nie die raad van goddeloses volg nie, nie met sondaars omgaan en met ligsinniges saamspan nie, maar wat in die woord van die Here sy vreugde vind, dit nag en dag oordink, lees sy.

Alile kyk buitentoe. Die landskap is nog steeds groen, maar nie meer so grasserig nie. Daar is bome tussenin. Daar is stukke oop grond waar diere wei. Daar is huisies waarin mense woon.

Sy oordink die woord van die Here dag en nag. Sy vind haar vreugde in Hom. Sy is nie seker wat ligsinniges beteken nie maar sy bly weg van sondaars af. Goddeloses vermy sy soos die pes, veral na die keer met Kapeni, toe sy te verlief was om haar eie kop te volg, te bang was dat hy haar sal los vir een van al die ander. Op die ou end moes sy wag tot na haar ma se dood om vir die toets te gaan. Sy was te bang haar ma vind uit. Sy dink aan die nagte wat sy wakker gelê het, seker was die siekte vreet haar van onder af op. Seker was dat Kapeni die kiem by haar gelos het en dat sy saam met haar ma sou sterf. Gelukkig was daar nie 'n kiem nie, en gelukkig ook nie 'n kind nie.

Sy dink lankal nie meer aan Kapeni nie. Hy is weg nie lank na hy haar gevat het nie.

Die huise buite die bus raak nou meer, groter. Verder weg sien sy die toppe van geboue en wat lyk na die buitelyne van 'n baie groot stad. Die grootste wat sy nog gesien het. Sy rek haar nek om beter te kan sien. Sy sien hyskrane wat hang in die lug. Sy hoor 'n gerammel en dan haal 'n trein hulle van agter af in, kort digby die rand van die pad. Die verkeer raak meer, die bakkies en karre en trokke en busse ry nes hulle wil. Eintlik staan hulle meer as wat hulle ry. Die trein is stukke vinniger. Sy trokke rol verby en sy agterent verdwyn geel teen die spoor af.

Sy bêre die Bybel wat nog oop op haar skoot lê. Sy sal later weer lees. Hulle stop by 'n verkeerslig. Dit werk: die lig word rooi, dan geel, eindelijk groen. Plakkate met koerantopskrifte versier die verkeersligpale; Mugabe se gesig lag skelm daaruit. Miskien is dít hoe ligsinnig lyk, dink sy.

Hulle trek by die stasie in voordat hulle die hart van die stad bereik. Sy is spyt; sy sou dit graag wou sien, maar sy is ook bly om uit te klim, te gaan soek vir 'n handjie grond. Dis makliker as wat sy gedink het. Op en om die stasie is baie grond, sand en vullis; die moeilikste is om seker te maak dat dit grond is en nie iets anders nie wat sy in haar sak druk. Sy proe. Ook nie so lekker soos Zambië se oggendgrond nie.

Stalletjies vol kos en klere en allerhande ware staan op die stasie versamel. Handgemaakte items, seker vir mense wat van ander lande af kom. Chips, koeldrank, pies. Meer gewone kos. Sy lek oor haar lippe; om grond te eet maak 'n mens dors. Die ou man is weer by haar. Sy haal haar sakkie geld uit, kyk na die munte wat daarin lê. Daar is nie veel nie. Die kaartjie en die papiere het amper al haar geld gevat. Hy stap na die koeldrankverkoper, koop 'n bloedrooi blikkie Coke. Hy bring dit vir haar. Druppels klou soos deurskynende luise aan die blikkie vas.

“Nee. Ek kan nie,” sê sy skaam. “Wat van jou?”

“'n Slukkie, dis al,” sê hy en maak die blikkie oop. Hy proe-proe aan die metaalrand, drink die eerste sluk. Sy neem dit by hom, kyk op in sy gesig wanneer sy die blik teen haar mond sit, die lewendige borrels, die koue en die soet in haar mond en in haar keel voel brand. Wanneer laas het sy Coke gedrink? Nog nooit so nêr wanneer die blik oopgaan nie, nog altyd die laaste warm Cola onder-in, wat iemand anders nie opgedrink het nie.

Hulle bly langer in Harare as by die ander plekke. Hulle sit rond, van die mense vat hulle bagasie uit die bus en groet luidkeels, verdwyn by die stasiegronde uit, Harare in. Sy sal hulle seker nooit weer sien nie. Nuwes kom aan, nuwe tasse en sakke beland in die bagasieruim. Die busbestuurder is nie daar nie.

Na twee ure is hy terug. Hy begin die mense aanjaag soos skape. Hy is van voor af ongeduldig, maar hy glimlag meer. Alile klim in die bus. 'n Dogtertjie sit op sy plek. Sy groet almal vriendelik.

“Wie is jy?” vra Alile die kind.

“Hy is my pa,” sê sy, en wys na die busbestuurder.

“Waar's jou ma?” vra Alile. Gewoonlik is meisies nie alleen by hulle pa's nie.

Die kind wys op, na die dak van die bus. “Daar bo,” sê sy.

Alile skuif deur tot by haar bank. Die ou man is reeds daar. Hy het die mus weer op sy kop en 'n ou koerant in sy hande. Dis die koerant met Mugabe se gesig op, sien sy, dieselfde een wat op die paal in die pad was. Hy begin lees.

Die bus trek weg. 'n Ver skof lê voor, deur die nag. Hulle ry Johannesburg toe. Joburg. Stad van goud. Sy het al so baie van Johannesburg gehoor, dat dit voel of sy al daar was. Haar ooms het op die myne gaan werk, net een van hulle het terug gekom Lilongwe toe. Terug by die huis, het hy net heeldag lank praatjies gemaak oor sy lewe op die myn, nooit weer gewerk nie.

Sy voel aan haar sak, maak seker die grond is daar. Die ou man vou die koerant so dat die stukkies waarna hy kyk, klein blokkies vol prentjies is. Prentjies waarna hy kyk en kyk.

“Kan ek vir jou lees?” vra sy.

Hy skud sy kop, wys na sy ore. Sy voel skaam. Sy het vergeet. Hoe kon sy, hoe kon sy vergeet hy is doof? En wys dat sy weet dat hy nie kan lees nie.

Skemer kom oor die pad aangeskuif. Die mense is stiller, êrens in die bus huil ’n kind. Alile haal weer haar Bybel uit, en sy eet grond. Sy lees die tweede Psalm.

Jy sal hulle verpletter met jou ystersepter, hulle flenters slaan soos ’n kleipot.

Sy lees die sin oor en oor. Sy verkies die Psalms wat loof en prys; sy hou nie veel van dié wat met die volk raas, of hulle verpletter nie. Sy weet nie eintlik van ystersepters nie, maar sy weet van ’n kleipot wat breek. Hulle het net een kleipot gehad, ’n grote. Haar ma het die pot met haar eie hande gemaak, en sy alleen het daarmee gewerk. Alile en haar suster was te bang om die pot op te tel. Maar toe word haar ma siek, te swak om die pot te dra. En Alile help haar. En die pot glip. En hy lê in die stof in stukke. Sy het haar arms oor haar kop gevou, haar oë en ore toegedruk, self in die stof gaan sit.

Sy het die trane in haar ma se oë gesien, al het maar ma net omgedraai, stil op haar mat gaan lê met haar gesig na die muur. Sy het baie so gaan lê, totdat sy later nie meer kon opstaan nie.

Alile lek haar palm skoon. Sy het nie bedoel om haar hand leeg te eet nie, so in die sit en dink aan die kleipot en haar ma het sy vinniger en vinniger geëet het en nou is die helfte van haar voorraad weer op. Sy voel in haar sak; die hopie grond is darem heelwat, maar die nag is lank, veral as sy nie slaap nie. Hulle sal darem seker êrens stop dat die mense draaie kan loop.

Die ou man se kop knik. Die koerantblokkies sak neer in sy skoot, sy dowwe oë is toe. Die mus glip laer oor sy voorkop. Alile leun oor na hom toe, haal die gevoude papier uit sy hand. Sy oë gaan oop wanneer sy per ongeluk met haar duim oor sy hand skuur, sy sien die geel vliese wat dik oor die onderste deel van die wit van sy oog lê, maar hulle gaan weer toe sonder dat dit lyk of hy haar sien. Sy wonder wat hulle al alles gesien het, hierdie oë van die ou man. Meer as die meeste mense s’n, dink sy, want hulle is sy ore ook.

Sy trek haar bene onder haar in, lê haar kop teen die koue ruit. Hoe vinnig koel dit nie af nie, vroeër vandag was die venster vuurwarm. Nou en dan glip ’n donker figuur op die pad verby, soms kan sy die wit in hulle oë sien blink. Soms is dit nie net die oë

nie maar die gesigte ook wat wit is, toegesmeer is, en dan kyk sy vinnig weg, maak sy haar oë toe, keer sy die aaklige herinneringe wat yskoud op haar vel kom lê. Gryp sy na grond voor sy die reuk, die smaak van die wit as in haar mond en in haar neus voel brand. Kruis sy haar bene voor die pyn in haar dye kom skop.

Sy luister hoe die ou man snork. Sy wens sy kon slaap. Sy kyk na die twee leë mieliestronke in die sakkie tussen die man se knieë. Die een se pitlose rye vierkante is platgevee; hy het sy tande daarmee geborsel kort voor hy aan die slaap geraak het.

Alile draai haar lyf so in die stoel dat sy met haar gesig na die man toe en haar rug teen die kant van die bus sit. Sy kyk na die lyne op sy gesig. Sy volg die groewe met haar oë. Sy groot, nuttelose ore steek onder sy mus uit. Hy roer in sy slaap. Kwyl loop by die hoek van sy mond uit. Sy ooglede wapper; dit lyk of hy droom. Sy wonder of hy kan hoor terwyl hy droom.

Sy droom self. Sy droom van 'n wit gesig en 'n man op haar lyf. Sy droom van harde donker oë. Die nagmerrie ry haar net soos hy het; sy skrik wakker, haar knieë bewe.

Sy voel die ou man se hand op hare voordat sy haar oë oopmaak. Sy skrik eers. Sy sit regop. Dan neem hy die hand weg.

“Jy het gedroom,” sê hy. Sy knik.

“Slegte droom?” vra hy. Sy knik weer haar kop.

“Ek het jou nie wakker gemaak nie, want ek glo jy moet jou drome uitdroom, anders jaag hulle jou deur die dag ook, nie net in die nag nie.”

Lig begin deur die horison syfer. Dit kruip nader, so vinnig dat dit lyk asof hulle na die lig toe ry. Sy eet 'n bietjie grond. Sy skud die droom van haar af, nog 'n keer. Sy kou, trek haar tong tussen haar tande en haar tandvleis deur, haal die kleinste stukkies stof en grond en modderige speeksel uit die warm hoekies van haar mond. Sy sluk. Sy sluk weer. Sy sluk grond en trane, en dan sit sy regop en kyk na die dag wat breek. Sy trek die son wat opkom nader, druk haar hand plat teen die ruit sodat sy kan voel hoe koud dit nou is en hoe dit warmer sal word wanneer die strale daaraan raak. Sy draai haar toe in die nuwe dag.

Sy kyk by die venster uit. Alles lyk nou anders. Daar is hoë drade langs die pad en binne die drade bosse en bome. Doringbome. Nou en dan sien sy teen die drade 'n kennisgewing met 'n bok op. 'n Bok met lieflike horings.

“Wildplase,” sê die ou man wanneer hy sien hoe haar kop terug draai soos die bus verby ry om die kennisgewing beter te sien. Sy weet dit. Saam met die koerante het die mense by die oord baie keer papiere en boeke oor wildplase in die toilet gelos.

Prente met die groot vyf: leeus, olifante, buffels, renosters. Die vyfde een kan sy nie onthou nie. Daar was baie keer prentjies van die bok met die mooi horings ook. En die groot sagte oë. Sy het altyd gewens dat sy die bok in die regte lewe kon sien, nie die ander wilde, belangriker diere nie. Net die bok. Vir sy oë. En die dun wit strepies op sy lyf.

Die bus stop. “Toe, toe, almal uit!” roep die busbetuurder. Hy strek sy groot arms bo sy kop. Hy klim uit, tel die dogtertjie af wat die meeste van die tyd langs hom op die vloer gesit en een stryk deur gesels het. Alile het hom selfs hoor lag. Die kind babbel voort, al is haar pa besig om met ’n klompie ouens in uniforms te praat. Hulle dra ook die groot donkerbrille van die mans by die vorige grenspos, dieselfde khakiklere.

“Oukei, loop gou julle draaie,” roep die bestuurder wanneer hy van die uniformman af draai en met die passasiers praat. “Loop julle draaie en rek julle bene. Hulle sal ons deurlaat hier sonder om almal se papiere te kyk, maar aan die ander kant is dit ’n ander storie.” Die dogtertjie trek aan sy mou. Sy hou haar hand tussen haar bene, knyp haar knieë teen mekaar. Haar pa reël ongeërg verder. Alile stap oor na die kind, vat haar aan die hand.

“Kom,” sê sy. “Ek wil ook gaan pie, kom saam met my.” Hulle stap in die rigting van die publieke toilette ’n ent weg. Alile ruik die toilette meters ver. Die dogtertjie druk haar neus toe, trek ’n gesig. Hulle kyk vir mekaar, skud hulle koppe. Hulle glip van die paadjie af wat na die toiletgebou toe loop, en draai ’n entjie verder die bosse in. Hopies toiletpapier lê in die gras, maar dit pla Alile en die dogtertjie nie. Dis beter as die stank.

Alile hurk en die kind hurk langs haar. Sy giggel wanneer die warm urine teen haar bene afloop, ’n gat in die grond onder haar maak wat sy bakhand toestoot wanneer sy klaar is. Alile lag vir die kind, drup haarself droog. Daar is nou ander vroue se koppe ook tussen die hoë bossies, sy hoor die gekabbel van hulle stemme en sien elke nou en dan ’n hoë kopdoek tussen die bosse deur steek.

“Wat is jou naam?” vra Alile.

“Susan,” sê die kind.

“Nee.” Alile sit haar hand onder die kind se ken en lig haar gesig na haar toe op. “Jou regte naam.”

Sy kyk Alile vierkantig in die oë. “My pa sê my regte naam is Susan, maar my ma het my Tsitsi genoem.”

“Nou toe, Tsitsi, ons moet terug bus toe.” Tsitsi vat Alile se hand, en wanneer

hulle aan die end van die bosse kom waar dit by die paadjie na die toilette toe aansluit, onthou sy eers.

“Wag gou hier vir my.” Sy los die kind daar en draf terug die bosse in. Oral lê nou hopies. Hopies papier, kolle nattigheid, bolle donkerder bruin tussen die grond. Dit ruik nou hier ook sleg. Alile mik na die kant toe waar daar die minste mense was, buk op ’n plek wat skoon lyk. Sy neem ’n hand van die grond op, ruik daaraan. Sy sit dit in haar sak. Sy draai om, tel nog ’n vuisvol tussen die grassies agter haar op. Sy weet die oomblik toe haar vingers om die grond sluit dat dit nie net kluite en stof is wat sy in haar hand hou nie. Sy voel die papper, dikker ding tussen haar vingers. Sy bring dit na haar neus toe, ruik daaraan. Die diep donker reuk van ’n mens se binnekant kom sit in haar neus. Gelyktydig voel sy gal in haar opstoot en die draai van opwinding in haar maag. Hoe sal dit proe? Sy probeer die reuk in smaak omsit, maar sy kan nie. Sy snuif en snuif weer, versigtig eers maar toe meer en meer indringend. Sy hét al menslike uitwerpsels geëet. Sy het dit skelm geëet net soos wat sy die grond skelm eet. Waar sy vandaan kom is dit nie moeilik om vars ontlasting in die hande te kry nie, en sy verkies dit eintlik al ’n bietjie droog.

Dit was na die ding met haar oom. Toe sy sy groot hande op haar lyf, tussen haar bene, die reuk van sy sweet en slym nie kon afkry nie. Sy was klein, omtrent soveel jare gehad soos die bestuurder se kind.

Maar toe word sy siek. Baie siek. So siek dat sy nie kon uitgaan en grond kry nie. En die groot kwaai suster by die kliniek het gesê sy sal doodgaan as sy aanhou met drolle speel, of dit eet. Toe stop sy maar. Al was die hande en die reuk van sy taai spoeg op haar nog nie weg nie.

Sy gooi die drel eenkant toe. Sy vee haar hand aan ’n pol gras af, so goed sy kan. Sy ruik aan die hand. Die reuk van die mis sit nog daar; sy is naar. Sy vee en vee, spoeg op haar hand en vee weer oor die gras. Beter. Sy maak seker dat sy nuwe grond op ’n vars plek skep.

Sy stap terug na die kind toe, wat steeds aan die rand van die bosse wag. “Kom,” sê Alile, “hulle wag vir ons.”

“Waar was jy so lank?”

“Ag, ek wou gou weer ’n draai loop.”

“O.” Die kind kyk haar aan. “Wil jy weet wat met my ma gebeur het?”

Alile is verbaas dat Tsitsi oor haar ma wil praat. “As jy my wil sê?”

“Sy’s dood van die siekte wat almal doodmaak.” Hierdie keer is Alile nie verbaas nie.

“En jou pa?”

“Wat van my pa?”

“Het hy dit ook?”

“Nee, my pa sê hy ken ’n geheime manier wat maak dat mens nie die siekte kry nie.” Alile sidder. Sy voel haar oom se vrot asem teen haar oor, hoor sy stem.

“En wat is sy geheim miskien?” vra sy. Sy hou vir Tsitsi skuins dop.

“Hy wil nie sê nie want dan’s dit nie meer ’n geheim nie.”

“Kan jy raai wat dit is?”

“Hmm. Ek wonder daaroor. Al wat ek kan dink is dat dit iets by my tannie-hulle se hut is want partykeer gaan ons daar en dan sê my pa hy’t besigheid binne. Dan moet ek buite bly.”

Alile se hart klop in haar keel. “Jou tannie? Waar’s jou tannie dan?”

“Lankal dood. Ek sê jou mos die groot siekte vat almal.” Tsitsi kyk na Alile, huiwer voor sy byvoeg: “Ek hét nog ’n niggie.” Tsitsi skop in die stof. “Maar sy praat nie met my nie.”

Hulle is naby die bus. Die busbestuurder staan met sy een voet op die onderste trap, die laaste mense en opjaag. “Of met my pa nie,” sê Tsitsi net voor hulle by hom kom. Die frons tussen sy oë is terug en sy stem is grof. Alile sien sy hande. Groot, knopperige hande.

“Kom, kom, waar was julle!?” roep hy toe hy vir Alile en Tsitsi sien. “Ek wag!”

“Net gepiepie Baba,” sê Tsitsi vrolik. Sy wip in die bus. Alile kyk hom mis, beweeg so vinnig as wat sy kan deur die bondels mense in die gangetjie van die bus na haar sitplek. Sy skuif verby die dowe man se knieë tot voor die venster. Sy is dankbaar vir hom wat langs haar sit. Die ander mense los hulle uit.

Sy maak haar hand oop. Sy het die grond tot modder gedruk. Haar hand moes gesweet het, die droë grond is ’n pap affêre. Sy lek daaraan, dit sit soos molasse op haar tong. Die ou man kloek.

Hulle ry oor die grens. Hulle stop by die pos aan die ander kant van die drade. Beitbrug, lees sy. Welkom in die Republiek van Suid-Afrika. Die knop op haar maag, die reuk van die ontlasting wat sy weer deur die sagte grond kry, die ou man se gekloek ten spyt, voel sy hoe ’n groot klip in haar maag kom lê. Republiek van Suid-Afrika. Dit klink so mooi.

Die busbestuurder klim uit en loop die kantoor binne. Die mense hier dra ook khaki-uniforms maar sy sien nie sonbrille nie. Daar is vroue met uniforms ook. Mamas met stapels op hul koppe en lang doeke om hul middels gedraai, staan op die

sypaadjie rond, 'n paar mans lê in die gras. Die busbestuurder en een van die khakimanne kom uit. Die man klim in die bus, begin praat.

“Ek kyk na almal se papiere,” sê hy. “Ek sien julle en julle gesigte op die foto’s.” Hy wys met 'n krom vinger na hulle. Hy loer vir die busbestuurder. “Maar julle hoef nie uit te klim nie. Bly maar sit,” sê hy.

Die busbestuurder grawe onder sy sitplek rond. Hy haal 'n bruin papiersak uit. Hy gee dit vir die ander man toe hy uitklim. Die man kyk in die sak, knik en lag. Hulle skud hand. Die busbestuurder klim in en die bus trek weg.

Die ou man skud sy kop.

Sy kry haar sit teen die venster. Kort na die grenspos begin die hoë heinings weer, die wildplase. Hulle ry en ry, verby dorpe wat plate teen die kant van die pad lê. Daar is nie so baie mense op straat soos verder op teen die pad wat sy gekom het nie. Dit is nog vroeg. Daar is meer huise, meer karre – dis asof die mense hulleself wegsteek. Wegkruip, binne bly. Mans met keppe oor hulle koppe stap vinnig teen die pad op. Sy sien witmense, aan die hardloop of op fietse, of agter die stuur van een van die groot bakkies waarvan hier baie is.

Die pad is wyd en besig. Karre, lorries, busse ry altwee kante toe. Daar is baie bane. Een keer stop hulle by hekke wat die hele pad toe staan. Die karre maak rye, daar is groen en rooi ligte bo die hekke om te wys wie mag ry en wie nie. Toe leun die bestuurder by die venster uit en praat met die vrou in die hokkie by die hek in 'n taal wat sy nie ken nie, en gee vir haar geld.

“Mens noem dit 'n tolpad,” sê die ou man. “Mens moet betaal om op hierdie pad te ry.” Hy vryf sy duim en voorvinger teen mekaar – die teken vir geld. “Daar’s baie tolpaaië in hierdie land, maar ons vat net die een. Die ander is te duur.”

Teen laatoggend is die pad eers groot en vol en lees sy Pretoria, Pretoria-Oos, Sunnyside op die groen borde wat langs die pad in die gras staan. Sy ken die name; het dit al gehoor by die oord wanneer mense praat, gesien op briewe of in boeke wat by die oord rondlê. Sy het nooit geweet hoe om 'n prentjie by die name te sit nie. Sy het gewonder hoe lyk 'n plek met die naam Sunnyside; of dit die son is of 'n jong seun.

Sy sit regop, 'n merkat, by die venster en uitkyk. Sy weet Johannesburg is naby, voel dit aan die opwinding in die bus en sien die naam elke nou en dan op die borde. Die pad tussen Pretoria en Johannesburg is heeltemal vol en die land langs die pad heeltemal toegebou ook. Die lug is vaalblou en rokerig. Hier en daar is die pad wit en dreun die bus se wiele oor die skurwe sement. Die ou man kyk ook uit. Sy probeer om

nie die venster toe te sit nie want sy weet hy wil ook buite sien maar sy vergeet en blok sy uitsig aanmekaar. Hy sê maar niks.

“Ek klim hier af,” sê hy, “in Joburg.”

Sy weet nie hoekom nie, maar sy het gedink hy ry saam tot aan die einde van die pad. Sy kyk hom grootoog aan. Hy knik.

“Joburg,” sê hy. “Dis waar ek gaan. My dogter woon daar.”

Alile knik, teleurgesteld, hartseer selfs. Dit voel of sy hom ken, al sit hy maar ’n dag lank langs haar op die bus. Tot dusver was sy so tevrede met die ou man hier by haar. Wat sal sy kry? Sonder dat sy dink gaan haar vingers na haar neus toe en ruik sy weer die suurheid van die drek. Sy skud die gevoel van moedeloosheid uit haar kop. Nee, dink sy. Nee. Hy sal dit nie hier ook vir my bederf nie.

Sy glimlag vir die ou man se onthalwe. Sy rus haar regterhand op sy voorarm. “Jy moet mooi loop, ou man,” sê sy sag. Sy wonder of hy haar lippe kan lees.

Hulle ry die chaos van Johannesburg in. Haar mond en oë bly oop. Sy eet knibbelknibbel aan die grond in haar sak, moet haarself weer vermaan om nie te vinnig en te veel te eet nie. Sy sien kennisgewings wat mense waarsku teen kapings, foto’s van gewere, plakkate met die gesigte van politieke partyleiers. Hulle ry tot op Johannesburg se stasie. Busse staan die stasie vol; sy sien geen treine nie. Mense maal soos miere, baie en swart.

Die bus stop. Die ou man staan op, begin sy goed – dit is maar die mieliestronke en die mus en sy baadjie – om hom bymekaar maak. Sy het klaar weer vergeet hy is op pad. Sy stap saam met hom in die paadjie af, help hom by die bus uit, wag vir sy bagasie om uit die ruim onder die bus te kom. Sy hoop dit is daar, en nie saam met die bondels op die dak nie. Hulle kry dit gelukkig gou. Die ou man kyk rond; soek sy dogter, seker. ’n Vrou kom uit die skare na hom toe aangestap, sy dra ’n jong seuntjie op haar rug.

“Baba!” roep hy, en die ou man en die vrou en die seuntjie lag almal hard. Alile glimlag saam, maar eintlik wil sy huil.

“Dankie kind,” sê die man en druk ’n noot in haar hand. Sy wil dit eers terug gee, maar sy sien dat dit hom sal beledig as sy nie sy geld vat nie. Hy skud haar hand, sy knik. Hy draai om, stap met die kind aan sy hand weg van haar af. Die dogter dra sy tas en sy baadjie.

Alile klim terug in die bus. Tsitsi sit op die bestuurdersplek; haar pa is weg.

“Kom sit by my,” sê Alile.

“Oukei,” sê die kind, wip van die hoë stoel af, stap saam met Alile deur na die bank toe.

“Wil jy piepie?” vra Alile.

“Het al,” sê Tsitsi. Sy kyk Alile skeef aan. “Jy gaan nie weer so lank wegbly nie, né?”

Alile lag. “Nee. Ek gaan nie nou nie, wou maar net weet of jy reg is. Waar’s jou pa?”

“Kos gaan koop.” Tsitsi lek haar lippe af. “Hamburger en chips!”

“Dit klink lekker.” Alile is ook honger. Sy voel aan die geld in haar sak. Nee, dink sy. Dis nog ver. Haar grond is aan die min kant, maar sy sien nie kans om hier buite op die vol sementstasie tussen al die mense te gaan soek nie. Sy kan in elk geval nie nou haar sitplek alleen los nie; net-nou skuif iemand anders hier in en net-nou vat die bestuurder sy dogter terug vorentoe. Wanneer hy kom, sal sy hom sê sy sal na Tsitsi kyk.

Die bestuurder kom in die gangetjie af, hou ’n pakkie na sy dogter uit. Tsitsi vat die stukkie hamburger en paar chips wat haar pa vir haar oorgelos het met altwee hande. “Dankie Baba,” sê sy.

Sonder om te hap, bied sy dit vir Alile aan. “Nee dankie, eet jy maar,” sê Alile. Die pa kyk nie eers na Alile nie. Hy draai sy rug op hulle en stap terug vorentoe, seker bly dat sy dogter êrens anders sit. Sy het gesien hoe die kind sonder ophou praat.

“Wat gaan jy maak in die Kaap?” vra Tsitsi tussen die eet deur. Sy vat klein happies, kou stadig.

“Werk,” sê Alile. Sy kyk by die venster uit. Die bus begin beweeg, en Tsitsi rek oor haar skoot om ook by die venster uit te sien. Baie mense staan op die stasie rond, sommiges waai.

“Waar?”

Miskien as sy net stilbly sal die kind ophou vra.

“Waar, musikana?”

Of nie.

“Kaapstad,” sê Alile. “Ek gaan in Kaapstad werk.”

“By wie?”

Alile kyk van die venster af na die kind toe. Tsitsi is besig om haar vingers een vir een af te lek, die korreltjies rooibruin sout, elke enkele een, met haar tong van haar vel af op te tel en in te sluk. Sy wil nie hê Tsitsi moet sien sy eet grond nie, al brand sy

om haar vingers uit haar sak te haal en na haar mond toe te bring en ook, korreltjie vir korreltjie, die stof van haar vel af te lek.

“Ek het ’n nommer. Ek gaan iemand bel wat ek ken van die stasie af.”

“O.” Die antwoord is blykbaar genoeg vir die kind.

“Wat gaan jy in die Kaap maak?” vra Alile.

“By my pa se ander vrou bly.” Tsitsi trek haar skouers op. “My ma is mos dood. My pa wil my nie in die kamp van my ma los nie. Hy sê my ma het te baie broers.”

“Ken jy haar? Jou pa se vrou?”

“Nee. Maar hy sê sy’s groot en gaaf. En daar’s ander kinders ook.”

Johannesburg beweeg by die bus se venster verby. Eers hoë geboue, Alile moet haar kop na haar knieë toe buig om die top van die geboue uit die bus uit te sien. Party is so hoog dat sy glad nie die bokant daarvan kan sien nie. Party blink soos spieëls. So baie spieëls bymekaar. Mense kom in en uit die bekke van die geboue. Groot swart mense staan langs die strate, swaai goed voor karre se vensters rond wanneer hulle by rooi ligte stop. Party mense lag, party is kwaad. Party kyk voor hulle op die grond vas, ander kyk ver die strate in. Die lug is blou, maar ’n spierwit donderwolk hang doodstil bo die hoë geboue, sy lyf groot bollings rook. Karre, so baie karre.

Dan kom huise. Eers huise wat op groot stukke grond staan. Daar is mense in die erwe, kinders agter drade. Dan kom huise wat op mekaar staan in die grond. Kleiner huise, meer mense. Die bus klim op die grootpad, ’n blou slang wat ver die land in strek. Die pad swoesj onder die bus se wiele verby.

“Ek gaan skool toe in die Kaap,” sê Tsitsi. Alile knik. “Was jy in die skool?”

“Ja,” antwoord Alile. “Ek was in die oggend in die skool en in die middag het ek gewerk. Tot my ma siek geword het. Toe het ek eers die skool gelos en toe die werk. Maar ek was amper klaar, net een jaar oor.”

“Hoekom gaan jy dit nie klaar maak nie?”

“Ek sal dalk nog. Eers wil ek wegkom.”

“Hoekom?”

Alile wil nie verder praat nie, maar sy weet die kind sal haar verpes tot sy ’n antwoord gee. Sy kyk na Tsitsi, haar oë groot en blink. “Ek wil die see sien,” antwoord sy.

Tsitsi glimlag breed. “Die see, musikana? Miskien kan ek en jy saam die see gaan kyk.”

Alile draai haar kop heeltemal weg van die kind, en suig haar wysvinger vol grond. Sy antwoord nie, buk af om haar Bybel uit haar sak te haal.

“Ken jy die boek?”

Tsitsi knik. “My ma het altyd vir my stories vertel, dan het sy gesê hulle kom uit die swart boek.”

Alile maak die Bybel by die Psalms oop. “Kom ek lees vir jou my beste Psalm.” Tsitsi sit regop, vat met haar kort vingertjies aan die fyn papier van boek.

“Dit voel soos nuwe blare,” sê sy.

Alile lees: “Dit is Hy wat jou uit die voëlvanger se wip hou en jou bewaar van dodelike siekte.” Sy slaan ’n paar reëls oor. “En: Jy hoef nie bang te wees vir gevaar in die nag of vir aanvalle oordag, vir pes wat in die donker toeslaan of vir siekte wat helder oordag verwoesting saai nie. En hierdie,” sy trek haar vinger teen die verse af en stop by die laaste een van die Psalm, nommer 91: “’n Baie lang lewe sal ek hom gee en oor my hulp sal hy hom verbly.”

Tsitsi draai een van haar dun vlegseltjies om en om haar vinger, druk die puntjie in haar mond en suig dit. Deur die hare vra sy: “Wat beteken dit, musikana?”

Alile is self nie seker nie. Sy weet net die woorde troos haar. Sy wil graag hê Tsitsi moet ook troos daarin kry, Tsitsi wie se ma ook dood is van die siekte. “Dit beteken Baba sal vir jou kyk. Baba sal vir jou gesond hou. Baba sal jou lewendig hou, mwanasikana.”

Tsitsi kyk haar reguit aan. “Kan nie wees nie.” Sy frons. “Hoekom het my ma dan siek geword. En doodgegaan?”

Alile weet nie wat om te sê nie maar sy hoef nie want die bus rem skielik hard, die bande skree en die mense ook en Alile se kop tref die stoel voor haar met ’n slag. Haar Bybel val op die grond, die papiertjie met die nommer op vlieg tussen die blaaië uit en onder die bank voor haar in. Sy is dadelik hande viervoet op die grond. Die mense praat almal gelyk. Sy ruik gebrande rubber onder haar. Sy lê op haar maag op die warm vloer en strek haar lyf uit en raak net-net met die punte van haar vingers aan die stukkie papier. Dit sit daar onder die mens op die sitplek voor haar se voet. Die bus hyg. Die bestuurder skree bly kalm. Die voet op haar papiertjie trap vas en die mens spring regop, skop die dun gevryfde flenter terug en sy bondel dit in haar hand op. Sy bly op die grond sit, vou die papier in haar vuus en knyp haar oë toe. Haar oë brand.

“Dis oukei musikana, jy kan maar uitkom,” sê die kind van bo af. “Dis net ’n traffic jam.”

Alile klim terug op die sitplek en maak of dit van skrik was wat sy op die vloer gaan lê het. “Dis oukei,” sê Tsitsi weer en vryf oor Alile se gebalde vuus. Alile sien karre, busse, bakkies oral om haar. Voor en agter, links en regs van haar staan rye en

rye voertuie opeengehoop. Al wat beweeg, is motorfietse wat tussen die res deur swaai.

“Daar was ’n ongeluk,” roep die bestuurder van voor af. “Bly net kalm, ons sal maar net moet wag tot die verkeer weer loop.”

Die passasiers praat verder, stiller. Die stemme rol soos water oor rivierklippe oor Alile. “Jou boek, musikana,” sê Tsitsi en tel die Bybel van die grond af op. Die bladsye in die middel waar die Bybel oopgeval het, is grys gestreep van die stof en vol voue. Tsitsi sit dit op haar skoot neer, vee die stof met haar mou af en stryk die bladsye met haar vingers plat. Die litte op haar vingers is dik, sien Alile. Sy maak die buiteblad toe. “Daar,” sê sy, en gee die boek vir Alile. Alile hou steeds die papiertjie in haar vuus, bêre die Bybel met haar ander hand in haar sak. “Dankie,” sê sy.

Die verkeer trek soos rye springkane oor die aarde en Alile word vaak. Sy leun haar kop teen die venster en kort voor lank leun Tsitsi haar kop teen Alile se skouer en die twee slaap. Sy slaap rukkerig – stop, ry, stop, ry – en droom van haar suster in Lilongwe. Haar suster swaai op die stukkende swaai by die skool, heen en weer, heen en weer, tot die ketting van die swaai heeltemal breek en haar suster met ’n gil in die stof beland.

Sy ruk wakker. Tsitsi roer teen haar skouer. Sy blaas haar warm asem in Alile se nek. Haar asem ruik na vet. Haar hande met die knopperige vingers hou om Alile se bo-arm vas, soos aan ’n tak as mens hoog in ’n boom sit en speel.

Hulle ry nou weer. Die stad is verby, langs die pad groei gras en doringbome. Daar is nie baie mense nie, nou en dan staan ’n paar huise op ’n hoop en sien sy kinders; vroue loop soms met bondels op hulle koppe rond. Die bus ry vinnig, vinniger as voorheen; die pad is glad en die Kaap roep. Mense begin vra om te stop.

“Nou!” roep Tsitsi se pa. “Ek sal nou stop. Daar’s ’n plek net hier voor. Hou net nog ’n paar minute in.”

Tsitsi word wakker van haar pa se stem. Sy sit regop, vee oor haar oë. Alile vee die kol spoeg af wat deur die materiaal van haar hemp haar skouer nat week. Alile sien in die verte ’n klein dorpie langs die pad. Daar is twee – een aan elke kant van die snelweg. Blou en wit borde staan hoog, dit is te ver om te lees wat daarop staan, en vlae waai in die wind. ’n Brug loop oor die pad van die een dorpie na die ander een. Hulle kom vinnig nader en die bus trek af by die een aan die linkerkant – hulle kant – van die pad. Die bestuurder stop by ’n petrolpomp, iemand kom nader om petrol in te gooi.

“Julle kan uitklim,” sê die bestuurder. “Daar’s die toilets,” hy beduie na twee deure, een met ’n mannetjie en een met ’n vroujie op, “en daar anderkant is die shop. Dis nou-nou donker en dan stop ek nie weer nie. Loop klaar julle draaie.” Alile is bly sy het nie hardop gesê van die dorpies nie.

Sy en Tsitsi stap eers toilet toe. Die vroue uit die bus maak ’n lang ry, maar dit gaan vinnig, want daar is ses toilette en almal werk. Die kleedkamer ruik na ontsmettingsmiddel en ’n vrou met overalls aan staan met ’n mop en ’n hele trollie vol skoonmaakgoed die vloer en vee. Daar is spieëls binne, ’n hele muur vol. Krane wat loop. Papier om jou hande mee af te droog. Alile se beurt kom en sy maak die deur van die toilethokkie agter haar toe. Sy draai die knip. Sy trek haar broek af, gaan sit op die koue rand van die toilet, die sirkel daarvan volmaak onder haar, die vloeistof wat uit haar uit in die waterbak loop so mooi soos ’n Psalm. Daar is papier, sy vee haar af. Sy sit nog ’n bietjie, druk hard, wens sy het ’n groter nood gehad. Maar haar derms is stil. Net nog ’n paar druppeltjie plons in die water. Sy staan op, trek haar broek op, druk die handvatsel om die toilet te spoel. Sy kyk hoe die water en die papier onder in die bak weg draai.

Sy was haar hande by die kraan en droog dit af. Sy kyk na haarself in die spieël, skaam vir haar eie oë. Tsitsi kom uit die toilet, en Alile kyk liewer na die kind se weerkaatsing as haar eie. Hulle verlaat die kleedkamer. Die ou man se geld brand haar sak. Sy is honger. In die winkel koop sy ’n brood, en ’n botteltjie melk. Die melk is sag en soet in haar keel. Die brood breek sy in bolletjies en rol hulle van kies tot kies met haar tong. Sy breek vir Tsitsi ook ’n stuk af, los vir die kind die laaste van haar melk.

Dan gaan soek sy grond. Sy glip weg terwyl Tsitsi met haar pa gaan praat. Langs die groot petrolstasie is baie grond en gras. Die grond is droog maar nie stof nie. Sy het lanklaas haar baadjie skoongemaak, en baie ou stof waaier uit haar sakke toe sy dit onderstebo oor die gras uitskud.

Alile tel twee hande vol van die grond op en druk dit in haar sakke. Sy vat die plastieksakkie met haar brood in wat sy op die gras neergesit het. Sy stap terug bus toe. Die bestuurder staan by die deur, die mense klim in. Tsitsi sit reeds op haar plek, langs Alile.

Dis skemer. Alile se bene is swaar en haar oë brand. Die bus is stil. Sy eet ’n bietjie van haar grond terwyl Tsitsi met iemand aan die ander kant van die paadjie praat. Selfs die kind is stiller as gewoonlik – Alile wonder of dit van moegheid is of senuwees oor haar nuwe ma.

“Laaste skof,” roep die bestuurder van voor. “Laaste skof dan is julle in die Kaap. Saam met die nuwe dag kom die see!”

Hy’s heel vrolik, dink Alile. Seker oor hy sy ander vrou gaan sien.

Hulle ry die donker in en kort voor lank slaap Tsitsi op Alile se skouer. Alile kan nie beweeg sonder om die kind wakker te maak nie. Sy strek haar regterarm so ver sy kan maar dit is nie lank genoeg om die sak met die Bybel by te kom nie. Eintlik is sy nie veel lus vir Bybel lees nie, maar sy wil graag die papiertjie tussen haar vingers voel.

Sy slaap self. Sy droom van die Malawimeer en vissers op bote wat in die skemer teen die einder staan en in die rooi lig van die son hulle arms hoog die lug in gooi om chambo te trek. Wanneer sy wakker skrik van Tsitsi wat op haar skouer huil is dit met die sout smaak van die gedroogde vissies in haar mond.

“Mwanasikana,” sê sy sag – Tsitsi slaap nog – “dogter, Tsitsi, word wakker, jy droom.” Tsitsi se skouers ruk en daar is tranes op haar wange. Alile sit regop. “Tsitsi, dis oukei, oukei, dis net ’n droom.”

“Dit is nie net ’n droom nie,” sê die kind agter haar toe oë uit. “Dis regtig.” Alile dink onmiddellik aan haar eie nagmerrie, maar Tsitsi gaan voort. “Ek wil my ma hê en ek wil nie by die ander vrou gaan bly nie. Sy gaan nie so lief vir my wees soos my ma nie en ek gaan vir haar en haar kinders moet werk.” Sy sit nou regop, praat sag, loer na haar pa wat stip die donker pad in tuur. “Ek wil nie in die Kaap bly nie. Hulle sê dit reën weke om. Ek wil bly in Zim in die son en die storms wat vinnig kom en gaan.” Sy blaas haar neus in ’n stukkie toiletpapier. “Ek wil nie nat voete vir dae lank hê nie.” Sy huil van voor af.

Alile sit haar arms om die kind, wieg haar heen en weer. Sy sing die liedjie wat haar ma vir haar gesing het toe sy wakker geskrik het in die nag, sy sing dit oor en oor tot Tsitsi rustig asemhaal en haar oë weer toe is. Sy sing totdat syself met haar wang teen die koue ruit aan die slaap raak.

Pienk lig kruip oor die horison wanneer sy haar oë oopmaak. Die boonste ronde toppie van die son lig homself bo die aarde uit. Haar lyf pyn, Tsitsi lê uitgestrek oor haar skoot. Die son vat sy tyd om op te kom. Tussen haar en die son is die wêreld plat; hier en daar in die verte staan ’n koppie alleen. Die veld is laag en vol bossies; daar is nie gras of bome nie. Daar is nie lig nie, net die laaste ster en die pad wat so ver as wat sy kan sien voor hulle uitstrek. Die busbestuurder sing. Hy sing sag maar die bus is stil so sy hoor hom duidelik. Hy sing ’n gebed en sy is verbaas; hy lyk nie vir haar soos ’n kerkman nie. Sy eet happies grond terwyl sy na sy mooi stem luister.

Tsitsi roer en sit regop. Alile rek haar lyf, tel haar arms bo haar kop uit dat haar litte knak. Tsitsi se oë is dik geslaap, dis seker van die huil ook. Sy luister na haar pa se stem, staan op, stap na hom toe.

“More Baba,” hoor sy die kind sê, en sien hoe sy haar arms om haar pa se nek sit, en hom soen. Hy sing voort, maar Alile hoor die glimlag in sy stem.

In die verte is daar nou berge. Die berge glim pers in die oggendsonlig. Alile wens sy kon by die venster uithang en mooi na die berge kyk. Die bus roer nou; die nes word wakker. Mense wil uit.

Daar is weer ’n groot petrolstasie langs die pad. Hulle trek af. Almal bondel by die deur uit, gretig om in die koel lug van die oggend te wees. “Laaste stop,” roep die busbestuurder. “Laaste stop voor die Kaap.” Hy sing verder.

Alile en Tsitsi gaan toilet toe. Hulle wag saam met die ander in die ry. Hier is nie so baie toilette soos die vorige dag nie maar die kleedkamer ruik skoon en lekker en Alile kyk vir haarself in die spieël. Tsitsi trek gesigte en lag so dat almal vir haar kyk. Hulle drink water uit die kraan.

Die busbestuurder is haastig en jaag hulle aan. “Kom!” roep hy. “Die berge wag!” Alile kyk eers na die pers berge, nie so ver van haar af nie. Die pad maak ’n streep tussen die berge deur. Sy klim in die bus.

“Dis soos reuse wat daar lê,” sê Tsitsi.

Almal in die bus sit regop. Almal praat oor waarheen hulle gaan. Alile bly weg van die papiertjie in die Bybel – dit is mos daar, sy kén die nommer. Die berge kom nader en dan is hulle daar. Met skurwe voete leun die berg teen die pad. Sy kyk op en die berg wil op haar val. Dan kom die vallei. Alile trek haar asem op. Rye en rye groen takke staan soos vlegseltjies op ’n dogtertjie se kop die vallei vol. “Wingerde,” hoor sy iemand sê, en “druie” ’n ander. Sy ken nie wingerde en druie nie.

“Dis lekkerder as swiets, musikana,” sê Tsitsi. “As mens dit hap ontplof die soet binnekant in jou mond, en die skil en pitte knars teen jou tande.” Weerskante van die wingerde toring berge die hemel in; vir Alile lyk die pad nou en dun. Hier en daar loop ’n mens in die skouer: korterige, maer manne met musse en slap lywe. Hulle is nie so swart soos sy nie.

Die pad raak weer besiger, maar nie naby so besig soos in Johannesburg nie. Daar is verkeersligte, hulle stop langs bakkies en four by fours; op ’n groen bord lees sy Worcester. ’n Snaakse woord.

“Woester,” sê Tsitsi.

Hulle ry weer die berge in. Tsitsi praat sonder ophou. Alile wonder of die kind eers haar droom onthou. En of sy so baie praat om daarvan te vergeet.

Hulle ry by 'n tunnel in. Die passasiers oeee en aaaa en maak groot oë vir mekaar. Tsitsi klouter bo-oor Alile se skoot om by die venster uit te kyk. In die tunnel is daar nie veel te sien nie, maar Alile dink oor wat aangaan bó die tunnel – die rots en klip en plante van die berg bo-op hulle – sy voel sy moet koes. Sy wonder of daar nog wilde diere in die berge woon.

Aan die ander kant van die tunnel kan sy nie praat nie. Sy sit met haar voorkop teen die ruit en kyk na die landskap wat in blokkies voor haar lê, poele water wat in die oggendson blink. Berge wat soos groot voëls bo-op die landskap sit. 'n Blou lug, sonder wolke. Hulle daal. Hulle stop weer by 'n ry hekke en die bestuurder gee geld. Tsitsi skuif vorentoe.

Soos hulle verder ry bly die wingerde langs die pad. Daar is groot wit huise, 'n boom in 'n dam. Dan kom die geboue. Eers een-een hier en daar en dan rye, strepe wat teen die heuwels uit staan. Baksteenhuise, gevefde huise, plate huise en dakke en mure teen die pad. Borde met name en gesigte en groot gedrukte woorde.

Dan sien sy die plat berg ver voor in die pad. Tafelberg, sê die mense. Sy het gehoor van Tafelberg, maar die plat lyn teen die hemel slaan haar asem weg. Sy wonder hoe lank dit gevat het om die berg so plat te kry.

Daar wemel weer karre en busse en trokke om haar maar hulle ry. Hulle ry soos 'n perd wat sy stalle ruik. Die busbestuurder sing lankal nie meer nie, hy kyk stip in die pad voor hom en maak elke nou en dan vir Tsitsi stil. Tsitsi is soos 'n vlieg wat weggejaag word. Sy bly stil vir 'n rukkie en dan zoem sy maar verder.

Daar is baie brûe oor die pad, mense wat oor die brûe loop. Die tafelland kom nader. Die huise word groter en dan weer kleiner. Langs die linkerkant van die bus loop 'n trein. Daar kom 'n stasie en dan skielik sien sy die see. 'n Blou stuk water wat lê en wag; bote. Skepe, sê die mense. Skepe groter as die hele oord.

Hulle draai van die see af weg en kyk reguit vir die berg. Alile laat sak haar oë. Haar hart is in haar keel. Hulle stop 'n paar keer by rooi ligte; mense met boeke en speelgoed loop tussen die karre rond. Dan stop die bus, die enjin raak stil. “Kaapstad stasie,” roep Tsitsi se pa. Tsitsi is eerste uit by die deur.

Alile maak haar goedjies bymekaar en klim uit. Sy sien die hoë geboue en die kraampies vol goed op die stasie maar sy hou haar oë op die bagasie wat die bestuurder en party mans uit die bus se ruim haal. Tsitsi omhels haar en groet haar en sy wonder of sy die kind ooit weer sal sien.

“Lekker werk, musikana,” sê sy.

“Mooi loop, mwanasikana,” groet Alile.

Alile kry haar bagasie en stap die stasie in. Daar is baie mense. Sy vind ’n bankie, gaan sit met haar goed by haar bene. Sy haal diep asem, fokus. Sy trek haar Bybel uit haar sak, maak die voorblad oop om die papiertjie uit te haal. Dit is weg. Sy maak die agterblad oop, dis ook nie daar nie. Sy probeer kalm bly. Sy trek ’n handvol grond uit haar sak en kou gulsig daaraan. ’n Verbyganger kyk haar skeef aan en sy druk die grond terug, lek net versigtig aan die stof op haar vingers. Sy blaai deur die Bybel se dun bladsytjies. Die papiertjie is nie daar nie.

Sy gaan haal die nommer in haar kop. Sy sê dit oor en oor. Sy staan op, kry ’n telefoon, sien dat sy ’n kaart moet koop. Sy soek die plek waar sy die kaart moet kry, eet ’n bietjie grond terwyl die vrou haar munte tel.

Sy druk die kaart in die gleuf van die foon. Sy bel die nommer. Dit lui. ’n Vrou tel op. “Hallo,” sê die vrou.

“...Hallo,” sê Alile, “dis Alile.”

“Hallo, wie’s daar?” vra die stem.

“Dis Alile, Alile Phiri.”

“Ek is jammer, jy het die verkeerde nommer, ek ken nie ’n Alile nie.”

“Alile, van Lilongwe. Van die meer, die oord by Monkey Bay.”

“O, ek is jammer, Alile. Ek ken jou nie.”

Die vrou sit neer. Alile staan met die dooie foon in haar hand. Sy druk dit op die mikkie terug. Miskien het sy die nommer verkeerd gebel. Haar vingers bewe so. Waar is die papiertjie tog? Sy wil weer tussen die blaaië van die Bybel gaan soek, maar sy weet: dit moes by die laaste petrolstasie uitgeval het.

Sy haal diep asem. Sy bel weer.

“Hallo?” Dis dieselfde stem. Alile sit die telefoon neer. Sy haal ’n hand vol grond uit haar sak, kou oopmond daaraan. Haar maag draai, sy is naar. Die mense op die stasie gaap haar aan, loop voor haar in, stamp teen haar. Sy raak in die mense weg.

Sy gaan sit op ’n bankie. Sy sien die blou stokvroutjie van ’n toilet. Sy neem haar bagasie op, stap soontoe, sleep die sak agter haar aan. Sy gaan in. Een van die hokkies se deur is oop. Sy trek dit agter haar toe, draai die knippie dat dit sluit. Sy sit haar sak teen die muur; dit kantel. Die Bybel val uit. Die boek lê met sy woordkant op die vuilgetrapte, nat vloer.

Alile se binnegoed stoot op in haar lyf. Sy vou dubbeld. Sy is op haar knieë voor die toilet. Sy hou die koue ovaalbak met altwee arms vas. Haar maag trek saam, haar keel brand; die water word modder.

University of Cape Town